

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- **ARTIKELS:**
W. A. de Klerk, André Demedts,
Andries Alberts, André P.
Brink, B. le Roux, Jozef Deleu.
- **GEDIGTE:**
André Roux, P. W. Buys, M.
Steyn van Rooyen, Barend J.
Toerien, A. Swart, Lorenz
Schultz, A. J. B. Rawlins,
Breyten, André P. Brink, Pirow
Bekker, J. P. Malan, Amand
Simoens, Korban, Willy Spille-
been.
- **VERHALE:**
Jac. J. Brits, Stoffel Cilliers,
Andries Snyman.
- **BY DIE JONGERES.**
- **OOOR BOEKE.**
- **SKRYWERSAANGELEENT-
HEDE.**

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

●
Redakteur: ABEL COETZEE
●

Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
W. A. DE KLERK
M. S. B. KRITZINGER
B. KOK
P. J. NIENABER
B. CONRADIE
J. KROMHOUT
ANDRÉ DEMEDTS

Administrasie: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.


Intekengeld: 20/- per jaargang, posvry.
●

JAARGANG 10

NOMMER 2

Let wel: a. Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg.
b. Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

JUNIE — 1960



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

INHOUD

Bladsy

DIE SWART KAMEEL, André Roux	1
WAAROM 'N MENS DOEN WAT JY DOEN, W. A. de Klerk	3
MONSTER e.a. GEDIGTE, P. W. Buys	9
WAAROVER EN WAAROM IK SCHRIJF, André Demedts	10
BROERS e.a. GEDIGTE, M. Steyn van Rooyen	15
DIE LANG PAD, Jac. J. Brits	16
DIE SIEL AGTER ALLES, e.a. GEDIGTE, Barend J. Toerien	25
DIE TOEKOMSTIGE MENS, Andries Alberts	27
AAN MARIA, A. Swart	33
TOEKOMS EN VERLEDE IN DIE DRAMA, André P. Brink	37
HOLLANDSE HERFSREIS e.a. GEDIGTE, Lorenz Schultz	45
DIE WIND HET SY TYD, Stoffel Cilliers	47
SEPTEMBERNAG e.a. GEDIGTE, A. J. B. Rawlins	55
BACH IN DIE NAG, Breyten	56
FRAGMENT UIT 'N VERSDRAMA: CAESAR, André P. Brink	58
DIE FATUMMOTIEF IN LEIPOLDT SE DRAMAS, B. le Roux	64
BEELD e.a. GEDIGTE, Pirow Bekker	69
DIE VRAAG e.a. GEDIGTE, J. P. Malan	71
DE NEDERLANDSE LETTERKUNDE IN ZUID-VLAAN- DEREN, Jozef Deleu	72
MOEDER e.a. GEDIGTE, Amand Simoens .	80
EEN MULTIMATUM, Korban	82
EXISTENTIE e.a. GEDIGTE, Willy Spillebeen .	83
DIE LAASTE DAG, Andries Snyman .	85
BY DIE JONGERES	92
OOR BOEKE	96
SKRYWERSAANGELEENTHEDE	102

KORREKSIE:

1. Die gedigte *Stadig vou die sag Papawer, Oupa Onderplaas, Kwatryne* op bls. 76-77, Tydskrif vir Letterkunde, jrg. IX/afl. 4 (Des. 1959) is van Barend J. Toerien en nie van Pirow Bekker nie.
2. Jrg. X/afl. 1 (Maart 1960) bl. 35: die onvoltooide slotsin moet lees: „Hy is een van die mensheid se heilsame kragte.”

Die Redaksie bied sy verskoning aan vir dié steurende foute.

Die Swart Kameel

[Die Dood is 'n Swart Kameel wat kniel by die hekke van „almal” – Ard-el-Kader: *Rappel à l'Intelligent.*]

Sy hare, kroes, gekoek; sy bek
met grint
en skuim bevek,
die oë blind,
die voetsole weggebrand
na vele reise deur die sand –
hy, die Swart Kameel.

Ek roep my Groot Visier.
„Jaag weg die ongenooide dier!”

Die Swart Kameel se skurwe tong
bestryk sy gebarste onderlip.
„Het ek te gou gekom?
Het jy gedink dit sou nog jare duur?
Allah, die Genadige,
Skepper van die droë bek,
die tong wat lek,
die sand,
Heer van die drie wêreldes,
en Mohammed,
die Profeet,
het my gestuur.

„Die woestyn is sonder grens
maar nie die mens.”

Blou bliksemstrale
slaan vonke uit my lys.

Geduldig kniel hy in die sand –
dienaar van die Algenadige,
en toe ek op sy boggel sit
staan hy op
en strompel oor my sandkasteel –
hy, die blinde Swart Kameel.

Psige

Verstrik in haarvat en senusel
hyg my vreemde metgesel.
Wie het die wip gestel
van reïnkarnasie
en predestinasie?
En hoeveel maal
moet jy betaal
vir wat ek, in dom verset,
misbrou het teen die Wet?

Skryf op die kis:
„Leeg terug.”
Die Sender kom dit haal.
Die vraggeld is betaal.

Pecaverunt

(Hulle het gesondig)

*Iewers in die Ruim
van newelvlek en sterrestof
het twee (lynreg teen die Wil
wat sterrebane reël, beplan)
in bliksemstraal en passiegloed
in eie lig mekaar ontmoet.*

*Die een het uitgebrand, verdof,
verval tot sterrestof,
en in die Kosmosnag verdwyn.
Die ander word 'n skitterlig,
'n ster wat deur die leegheid vlug,
dog, sonder dat hy weet
'n Nova in sy Kern dra.*

Moses

*Die rots, die drang, die drif.
Die wiggelroede bewe in sy hand.
Hy slaan! Die skerwe spat
en waters van begeerte
borrel uit die sandsteenhart.*

*Op Nebo sien hy
die Jérigo van sy verlange.
Die wiggelroede val uit sy verlamde hande.*

*Op die vlaktes van Moab
kraak groen modder in 'n slikoortrekte poel.*

W. A. DE KLERK:

Waarom 'n Mens doen wat jy doen

'n Byna sekere waarborg vir die bestaan van 'n geheel van objektiewe waardes, op sy beurt die getuienis van 'n orde wat onmeetlik bo die menslike begrip lê, word juis gevind in ons onvermoë om hulle finaal vas te pen, mikroskopies te ondersoek en hulle bo alle twyfel of wanbegrip, nou of in die toekoms, te beskrywe.

Om van betekenis te wees moet basiese waardes geïntegreer word in, moet as 't ware die tienduisende vorms waarin die menslike bestaan hom voordoën, deurstraal en so verlewendig. Dit bly egter nie 'n noodwendigheid nie, slegs 'n moontlikheid, synde die kern van ons menslike verantwoordelikheid. Daarom bestaan die omgekeerde moontlikheid ook: dat die bestaansvorms self die aandag só opeis, só 'n valse gevoel van veiligheid verwek, dat ons die begrip van ook hulle geestelike oorsprong verloor.

Daar was nog altoos 'n natuurlike neiging tot hierdie „wêreldsheid”, want dit verteenwoordig altoos die weg van die minste weerstand. Die skynbare kortpad, die een wat voor die hand lê, die sigbare besit van goed wat 'n troostende gevoel van bevrediging, selfgenogsaamheid en uiteindelijke mag verskaf, het nog altoos eerste die aandag opgeëis. Die geloof aan 'n onsienlike orde, waarin die laaste inderdaad eerste sal wees, die minste die meeste, die steen wat die bouers verwerp die hoeksteen sal word, was te onseker, te riskant, het inderdaad glad nie behoort aan die wêreld van die „harde werklikheid” nie.

Aan die wese van die mens se materialisme, sy wêreldsheid — wat altoos maar bestaan het — lê dus sy drang om „homself te red”, sy ongelooft dus. Die triomf van die Tegniek, soos uitgedruk in die moderne industrialisme wat alle, *net maar alle*, lewensterreine reeds binnegedring het, beteken net dat die eeueoue gedragspatroon voortvloeiende uit 'n bepaalde geloofspatroon, oneindig meer gevarieerd word, ook geïntensifiseerd. Die middele waardeur die maniere waarop die „wêreld oorwin” kan word, die Koninkryk van die Mens gevestig kan word, is met die toename in tegniese intellektualiteit vandag skynbaar sonder einde. Elke nuwe dag vertel ons van 'n nuwe tegniese meesterwerk. En daarom verstaan ons goed dat bepaalde nywerheidsbase en wetenskaplikes, tesame met hulle pleitbesorgers, geesdriftig vertel van die heerlike luilekkerland

van die toekoms. Dié wag net om die draai en dis die soort orde waarin die „vloek” van arbeid nie meer sal bestaan nie, waarin daar onbepaalde geleentheid sal wees om die „goeie lewe” te voer. Dít weer is die lewe van onbepaalde produksie deur ’n ten volle geoutomatiseerde bedryf, van onbepaalde winste, en van nimmereindigende ledigheid. Inderdaad is dit vreemd hoe hierdie naïewe geloof aan die komende industriële Utopie kort-kort opduik: op wetenskaplike kongresse, op samekomste van nyweraars en sake-manne, ja selfs in die deftige en veelgelese tydskrifte van ’n stedelike élite. Dis vreemd, ja, want al die beskikbare getuieis van die gedronge menslike bestaan in die moderne *megalopolis* — wat sy voelers al ver in die dun bewoonde plattelande uitstuur — is juis dat niemand óóit hierdie veelgesogte vrye tyd genoegsaam vind nie. Almal is oorhoops, almal is gejaag, almal is lydende of potensieel lydende aan kroonslagaartrombose, die prys van oorspanning — dit ondanks ’n indrukwekkende en steeds groeiende reeks tegniese geriewe, wonderbaarlike middele om ons gouer by ons beste bestemmings te bring.

In die hardnekkige opduik op gesette tye van so ’n stuk bittere lewensironie kan ons nóg ’n waarborg vind vir die bestaan van ’n ander Werklikheid as die „harde werklikheid” van die praktiese sakemanne, politici, bestuurders, tegnisi, wetenskaplikes e.a. Dit is, soos ’n groot moderne sosioloog dit gestel het, maar weer die rare toestand waar die sogenaamde idealiste, dromers, kunstenaars, of hoe hulle ookal soms genoem mog word, die enigste werklik praktiese mense is en die „praktiese” mense word toenemend die skeppers van skimwêreld (soos die Utopie hierbo vermeld), van waansin en nagmerries.

Ek sê basiese waardes raak altoos weer weg en moet opnuut weer ontdek word. Dit geld toenemend in ’n tyd wat die Tegniek tot ’n allesoorheersende hartstog verhef het. Dit raak weg, want dit stel ander dinge in die plek van die geloof aan ’n Onsienlike, Ewige Orde. Maar dit wil natuurlik nie sê dat hierdie Koninkryk van die Mens nie sy eie etiek ken nie — by gebrek aan sy eie mistiek. Daar is al herhaaldelik op gewys dat waar die begrip van *caritas* die sentrale lewensbeginsel van die Christelike lewensbeskouing is, dié van die moderne wêreld met sy steeds groeiende, al-hoe-luider-dreunende nywerhede *efficiency* is, *know-how*. In knapheid van bestuur, in uiterste planmatigheid gerig op die verkryging van maksimum winste, in volkome doeltreffende uitbuiting van elke menslike swakheid — soos die mens se vatbaarheid vir beïnvloe-

ding, belangstelling in die morbiede, sug na gerief — vind ons dié orde se geestelike dampkring. Dat dit net maar alles 'n ander openbaring is van die ou utiliteitsbeginsel, dat dit alles in sy wese gelykgestel kan word aan blote dienstigheid ter wille van besit, is natuurlik 'n feit. En daarmee word dan ook sommer die laaste skyn van „beginsel” in die saak vernietig.

Ek het hier 'n pragtige voorbeeld daarvan. Toe 'n bekende redakteur 'n jaar of twee gelede geskryf het oor die noodwendige vervlakking van die Afrikaanse joernalistiek om ekonomies te kan bestaan, het hy bygevoeg: „Intussen kan verantwoordelike blaaië sorg dat die lektuur wat hulle bied, minstens skoon bly; hulle hou gedurig die hand op die gorrel van seks en sensasie en hulle ruim doelbewus 'n plek in vir die artikel en kortverhaal wat meer ernstig van aard is.”

Die probleem, sou iemand terstond kon geantwoord het, is net dat as jy eers 'n basiese beginsel oorboord werp, jy nooit weet waar jy moet ophou nie.

Dit is presies wat ook in die onderhawige geval gebeur het. Van die versekering dat die hand op die gorrel van seks en sensasie gehou sal word, het na agtien maande of wat weinig tereg gekom. Inteendeel, dit skyn beslis asof ons Afrikaanse blaaië en blaadjies tans 'n laagwatermerk in hierdie opsig bereik het. So erg het dit onlangs geword dat daar met polisieoptrede gedreig is. Seks, sensasie, banale vlakheid, word vandag meer kwistig in Afrikaanse publikasies — ook deur sommige van ons ou gevestigde en eertyds tradisieryke blaaië — as ooit tevore verkoop.

„Ons moet bestaan,” is die verskoning. En daarop sou mens dieselfde klassieke antwoord kan gee as wat 'n skerp-sinnige Fransman eens so 'n apologete toegeslinger het: „*Je n'en vois pas la nécessité!*” Inderdaad kan mens nie die noodsaaklikheid daarvan insien nie. Of moet ons dan maar aanneem dat wat inherent sleg en verkeerd is goed gemaak word omdat dit die betaling van dividende verseker?

Waardes sink weg, moet weer na bo gebring word, óóp gemaak word. Niemand verwag dat 'n samelewing in volmaakte geestelike rypheid kan bestaan nie. Daar is 'n ontstellende noodsaak aan die bestaan van die bese. In daardie sin is daar 'n bepaalde onontkombaarheid aan ons lot. *Iemand* moet die draer van die kwaad wees, struikel-blokke sal ewig voorkom, maar wee dié deur wie dit kom. Die idee van 'n Christelike samelewing is *nie* dié van 'n probleemlose, vredige, ontspanningsryke Utopie nie. So iets is die fantasie van dié wat glo aan die komende Koninkryk van die Mens. Die Christelike lewensbeginsel, in sy suiwer-

heid en ontdaan van al die valse sentimentalisme wat dit so dikwels aankleef, ken eerder as sentrale gedagte die *Vuur op die Aarde*, die *Swaard*. Wat die moderne eksistensialisme weer soms so verward verkondig het, was ewig die rig-snoer van die onvervalste Evangelie: Ons word nie vrede belowe nie, maar wel krisis, stryd — en uit die stryd *vernuwing*. Dit kos „spronge in die donkerte”, dit kos „sigself vooruitwees”, dit kos risiko, dit kos: Geloof!

Nee, niemand verwag dat 'n moderne samelewing — of enige samelewing — 'n vredige samesyn van voorbeeldige, fatsoenlike burgers moet wees nie. So iets is die filosofie van die kleinburgerlike *suburbia*. Dit is ook nie nodig nie. Wat wel nodig is en ewig onontbeerlik bly, is 'n genoegsame minderheid wat die wese van geestelike stryd, van krisis van vernuwing verstaan.

In ander woorde gestel: Sonder verset teen die banalisering, die vermaterialisering van die lewe, sonder opstand teen die uitverkoop van basiese waardes, moet 'n samelewing sterf. Hy moet sterf want hy dra geen ware lewensbeginsel meer in hom om nie. Hy moet sterf, want alle perspektief op lewe en dood, op ewigheid, op die ontsettende *feit* van die menselike syn, moet noodwendig verlore gaan.

Waarom 'n mens doen wat jy doen?

Net maar dáárom: nie omdat jy jou beter as die ander mag ag nie. Want bewus van die baie kompromisse wat jy self sluit en al gesluit het, bly daar oorwegend die gedagte dat jy ook nie anders kan nie. Dit is jou taak as skrywer, ja, maar veral jou taak as mens.

Want 'n skrywer is slegs skrywer as hy mens bly. In 'n bepaalde samelewing lê die patrone voor hom om waar te neem. Dit is sy taak om hulle waar te neem en weer te gee in 'n vorm wat esteties skoon is. Maar dit is ook sy taak om wat hy waarneem in perspektief te sien. Slegs sodoende kan dit van uiteindelijke betekenis wees.

Daar is 'n verskeidenheid van kompensاسies op die moordende materialisme van die tyd, op die vlakke verwêreldliking, op die saaië nivellering — ter wille van *efficiency*, ter wille van geld.

Die groot ontdekkingsreise, die verowering van die Switserse Alpe en die Himalaja's deur die Britte van die negentiende eeu hang byvoorbeeld ten nouste saam met die opkoms van Britse industrialisme en die verowering van wêreldmarkte. Bergklim en die invaar in die onbekende het 'n eie soort geestelikheid.

'n Ander noodwendige kompensاسie was byna vanselfsprekend die groeiende esoterisme of duisterheid van die

kunstenaar. Tegnies gesproke is die hart van die industriële stelsel die verdeling van arbeid, die ontneming van feitlik alle skeppende verantwoordelikheid aan die groot meerderheid van werkers. Dis die ontmensing van arbeid — en die esoteriese kunstenaar protesteer lompweg daarteen deur sy eie skeppende bestaanskring toenemend jaloers te bewaar, nouer om hom heen te trek. Sodoende verval hy in 'n soort „andersheid” wat hom maklik die hoon van die gewone „normale” mense besorg. Diesulkes noem die Amerikaners vandag *Beatniks*.

Dit kan natuurlik ook wees dat die ryk nyweraar self sy eie kompensasie op sy geestelose Ryk van die Mens soek en ná die vestiging eers dáárvan, patroon van die kunste word. Sodoende vertroetel hy bepaalde kunstenaars, koop kunswerke teen ongehoorde pryse, ondersteun die „geestelike dinge” ruimskoots, voel homself daardeur 'n beter mens. Die mens, vertel hy graag op noenmale, sal van brood alleen nie lewe nie.

As hy in die monumentale werk van Gibbon soek, sal hy daar 'n ware geestesbroer vind in die persoon van Herodes Atticus wat geleef het in die tyd van Keiser Hadrianus, toe die Romeinse Ryk al vinnig aan die ontbind was. Hierdie Herodes Atticus was tipies deel van die uiterlike vertoon, die magtige weelde, die verlamme materialisme van die tyd. Nooit het Rome uiterlik so manjifiek vertoon as net maar toe nie. Nooit was hy armer van binne.

Die reisiger sal vandag nog in Korinte, Delphi, Thermopylae, Canusium spoortjies kan vind van Herodes se „kulturbewustheid”, van die „smaak” wat hy eens aan die dag gelê het. Op verskillende plekke in Klein-Asië en in Griekeland vertel inskripsies nog van hierdie man, „patroon en weldoener” in 'n tyd van groot materiële voorspoed. Hy het rondgetrek in die Ryk asof dit sy private tuin was. Hy het selfs filosowe gehuur om die gees weer te help opbeur. Helaas, dit het alles niks gebaat nie. Onder al die vertoon, die pogings om vir die siel nog iets te red, het die kieme van ontbinding onverpoosd hulle werk voortgesit. Rome het tot niet gegaan — en ook Herodes Atticus se naam bly net maar 'n koddigheid.

Daar sou 'n reeks verhandelinge geskryf kan word oor die mens en sy vlugte uit die saaiheid, die leweloosheid van hierdie deftige orde. 'n Mens sou dit op plekke kan aandui waar ons gewoonweg nooit dink om te soek nie.

Is dit nie betekenisvol dat die hele verskynsel van 'n gewelddadige, opstandige jeug, oorgegee aan uitspattighede wat wissel van die gebruik van narkotika, *deur* woeste

Wes-Afrikaanse musiek, *tot* die verheerliking van afwykende gedrag — is dit nie betekenisvol dat die eendsterte en hulle bendes juis ontstaan het in die betonoerwoude van Hillbrow, Seepunt, New York en elders nie? Is dit nie vreemd dat die moderne eksistensialiste met hulle klem op die skyn, die absurditeit van die menslike skyn juis ook nou na-oorlogs met 'n golfbeweging moes terugkom nie? Maar Kierkegaard het hulle al 'n eeu gelede vooruitgehoop — en duideliker gewet wat hy sê en doen.

Blinde opstand, tastende kompensasie is nog nie verset in die volle geestelike sin van die woord nie. Dís ook die taak van 'n minderheid, maar 'n *skeppende* minderheid. Sonder hulle is dit nie moontlik nie.

Die kunstenaar het natuurlik 'n rol om hier te speel — 'n belangrike rol. Maar dit is geensins tot hom beperk nie. Dit is die glorie maar ook die vrees van alle mense wat weselik aan die lewe glo, die lewe soos deur God aan ons geskenk.

Ek glo dat dit oneindig belangriker is dat hierdie gedagte by 'n toenemende aantal van ons mense inslaan en deur hulle versprei word as die simboliese aansteek elke paar jaar van 'n Vlam van die Beskawing. Die Vlam mag ons 'n rukkie beïndruk en vermaak. Maar met die vaal lig van die volgende more, sal dit alweer verdof wees. Inmiddels soek ons hier 'n toekoms vir 'n Westerse samelewing. Daar is net één manier waarop dit verseker kan word, en dit sal nie van Bo af kom nie. Nog minder sal geld dit kan koop.

Ruskin had reg toe hy beklemtoon het: daar is geen rykdom as net maar in die lewe nie. Daar is geen vervulling van die lewe as dit nie plaasvind in die ewige groei, in die ewige vernuwing van die menslike skepsel self nie.

Daartoe kan ons byvoeg: daar is geen vernuwing sonder sonderstryd, sonder verset, sonder Geloof nie.

Monster

*Daar kruip 'n donker dier oor Afrika.
Sy pote is hamerswaar en sekelkrom
die naels wat glimmend uit sy kloue kom.
Die kop word snuiwend oor die grond gedra.*

*Sy voorpoot trap op Addis Abeba.
Mens hoor die roffel van 'n kafferdrom
wanneer die ondier grommend naderkom.
Sy skadu val al oor Pretoria.*

*Sy pikswart bors en buik is Kongobreed,
die tande skerp soos panga's in sy muil,
en rooi soos van 'n beer sy sluwe tong.*

*Sy oë is bloedbelus en bot en wreed,
Sy spiere bult soos kabels, en hy huil
van spanning voor die dodelike sprong.*

Elly Holm

*Jou oë het die klip gekeur
en in die spel van lyn en kleur
'n vlugtende gasel bespeur.*

*Jy het jou beitel skerp gewet,
onseilbaar-intuïtief gelet
op elke kurwe in die tablet*

*en toe die soepel-syn motief,
genuanseerd en sensitief,
gekap in rooi en geel relief.*

ANDRÉ DEMÉDTS:

Waarover en Waarom ik schrijf

(Voor mijn hooggeachte Vriend Prof. Dr. Abel Coetzee)

Wie het niet graag over zichzelf heeft en, volkomen onlogisch, besluit het toch te doen, moet daar een klemmende reden voor hebben. Of een verontschuldiging. Die reden heet vriendschap in mijn geval. Voor de verontschuldiging beroep ik mij op Horatius, die schreef: „Non sum, qualis eram”. Ik ben niet meer wie ik vroeger was — en over dat vroegere ik kan ik als over een andere spreken. Buiten de mens die ik geworden ben, staat mijn bewustzijn, vrij oordelend, zonder vooringenomenheid.

Wat we nu verrichten en zijn, wortelt in een ver verleden. Reeds als kind heb ik altijd gedacht dat ik moest schrijver worden. Dat leek de enige manier, waarop ik, waardig van mijn voorgelacht, mij kon doen gelden. Ik ben geboren en zeer eenzaam opgegroeid op een afgelegen boerderij, waar het verleden nog niet afgesloten en de toekomst reeds begonnen was. Daar woonden mijn voorouders reeds sedert 1626 en alle dingen rondom mij riepen herinneringen op aan gebeurtenissen, die het onderwerp van ontelbare verhalen geworden waren.

Mijn grootvader, die een goed muzikant was, geboren in 1833, had persoonlijk Peter Benoit, onze grootste komponist uit de XIXe eeuw, gekend. Mijn vader had soms een stukje in een weekblad uit de streek geschreven. Mijn grootmoeder behoorde tot de familie D'Hondt, waaruit in de XVIe eeuw de kartograaf Judocus D'Hondt gesproten was, die in 1611 te Amsterdam overleed. Zij vertelde alle sagen en legenden, die tussen Mandel en Leie in de volksmond leefden. Er waren boeken thuis, oud en nieuw, bewaard in een kast onder de trap, die mij deden beseffen dat niet het onbewuste leven maar hetgene men over het leven wéét het belangrijkste is.

In mijn oude papieren, de erfstukken die ik aan mijn zonen zal overlaten, bezit ik een „Callepin de Sujets de Devoirs de Style français et flamands”, anno 1886, waarin mijn vader, toen hij aan het kollege te Tielt studeerde, de samenvatting van zijn opstellen geschreven heeft. In dat schriftje waren enige bladzijden blank gebleven. Nu zie ik mijzelf op die bladzijden mijn eerste verhaal neerpennen, in de barre oorlogswinter van 1917, een knaap van elf jaar, zo onverstoort ernstig, dat het mij nu nog ontstelt. Dat verhaal ligt hier onder mijn ogen, maar ik wil het niet

meer lezen. Ik weet alleen dat het over een beer gaat en vertrouw erop, als mijn zonen er later kennis van nemen, dat zij het zullen begrijpen. Er bestonden nog beren en wolven in de wereld, waarin ik volwassen werd.

De grond en de natuur, de familie, het verleden, de wil om iemand te zijn: dat zijn de waarden die mij gevoed en recht gehouden hebben. Ik zal ze nooit verloochenen.

Ik was twaalf jaar oud, toen ik veertien dagen na de wapenstilstand in 1918 naar Gent ben gegaan, om mijn middelbare studies te beginnen. De stad, de mensen, het leven op school, alles was nieuw. De dag na mijn aankomst zag ik in één enkele straat twee uitgebrande huizen. Het waren huizen van Vlaamse activisten, die bij de intocht der verbonden legers, door het gepeupel in brand gestoken waren. Een makker overhandigde mij ter sluiks een paar vlugschriften over de toestanden aan het IJzerfront. De Vlaamse soldaten, die de grote meerderheid van het Belgische leger uitmaakten, werden uitsluitend in het Frans bevolen, geoordeeld en veroordeeld. Wie daartegen de geringste kritiek durfde uit te brengen, werd als verrader uitgescholden en gestraft.

Niet alleen het leger, maar het middelbaar en universitair onderwijs, de hogere administratie en het gerecht, het bedrijfsleven en de bankwereld waren Frans. De meeste edellieden en gegoede burgers in Vlaanderen, de rijken en machtigen voelden niets voor hun eigen volk. Zij spraken niet eens zijn eigen taal. Tegen een geweldige overmacht, die geen recht en billijkheid wilde, en alleen uit vrees de meest elementaire eisen van de Vlamingen inwilligde, moest alles bevochten en afgedwongen worden.

Toen ben ik er mij van bewust geworden, dat ik een Vlaming was. Soms met ogen schroeiend van tranen die niet mochten vloeien, heb ik machteloos toegezien hoe mijn mensen en ikzelf vernederd, geminacht en achteruit gesteld werden, omdat wij wilden blijven wat we geboren waren, trouw aan onze afkomst en moedertaal. Hadden wij ons verleden niet gehad, het erfgoed van onze cultuur en ons scheppend vermogen, wij zouden aan onszelf getwijfeld en missehien geloofd hebben dat wij, zoals de anderen het met vooropgezette leugenachtigheid wilden doen uitschijnen, minderwaardigen waren.

Wij zijn sedertdien ver vooruitgegaan. Maar nog is lang niet alles in orde. Feitelijk zullen wij ons als volk nooit veilig mogen voelen. Voortdurend en zeker als het verenigde Europa er komt, zal er moeten gewaakt en gestreden

worden, om onze volkspersoonlijkheid te vrijwaren en te beschermen, om onze begaafdheden tot ontplooiing en onze kultuur tot een zuiverder en hoger zijnsvorm te brengen.

Ik heb geen andere plaats dan bij mijn volk. Ik bedoel bij dat kleine bewuste deel, waar onze toekomst van afhangt. Ik tracht, ook al schrijvend, voor de toekomst te doen wat mij mogelijk is en de man die dit nu onder woorden brengt, is geen andere dan degene die te Diksmuide op de IJzerbedevaart met de tienduizenden aanwezigen samen de eed van trouw aan Vlaanderen zweet:

„O Land van roem en rouwe,
van liefde en lijdensnood,
wij zweren, houwe trouwe,
u Vlaanderen totterdood!”

Als Vlaming voel ik mij met Frans-Vlaanderen, Nederland en Zuid-Afrika verbonden en daarom ijver ik om de geestelijke eenheid tussen onze Dietse Landen te versterken.

Hoe moet ik spreken over de armoede, die ik gezien en aangevoeld heb? Over de vergroving en verdwazing van mensen, die losgeslagen van alles, meegevoerd worden van sensatie naar sensatie, als pluisjes op de wind? Armoede naar het stoffelijke, armoede naar de ziel.

Ik herinner mij de stokoude echtelieden zonder pensioen, zonder inkomen, die door de openbare onderstand moesten onderhouden worden. Toen de vrouw stierf tijdens een lange barre winter, lag er één deken op haar bed. Ik herinner mij het houtmagere meisje, onderkomen on ondervoed, in de behandelkamer van mijn broeder, die aan haar ouders moest zeggen: „Als wij haar willen redden, moet zij in een sanatorium opgenomen worden”. En de moeder die zuchtte: „Hadden wij voor haar maar melk en vlees kunnen kopen, het zou niet gebeurd zijn”. Ik herinner mij de kleine boer met zijn huis vol kinderen, die zijn hoeve moest verlaten, omdat hij niet tijdig zijn huur had kunnen betalen. Tien jaar later was hij een gebroken en verbitterd man, die het moest beleven dat zijn kinderen als ongeschoolde arbeiders in een fabriek werk gingen zoeken.

Ik zie om mij heen, met een glimlach van vreugde en trots, naar de vele mensen, die zich inspannen om eerlijk door de wereld te geraken en terzelfder tijd aan waarheid, goedheid en schoonheid hechten. Maar ook zie ik de tallozen die slachtoffer worden van de stelselmatige misleiding, die door een deel van de pers en de literatuur, van de film en de muziek, van de politieke en intellectuele

leiders uitgeoefend wordt. De nozems, de profiteerders, de cynische nihilisten. Ik denk aan het ongeluk dat zij zichzelf en anderen aandoen, aan de ontzaglijke hoeveelheid bekwaamheid en geesteskracht die, louter destructief aangewend, voor het algemeen welzijn verloren gaat.

Ik kan de wereld niet bekijken als een schouwspel waarvoor ik geen verantwoordelijkheid draag. Ik moet spreken voor degenen die arm en verdrukt zijn, voor de misdeelden en verontrechtten. Maar meteen moet ik opkomen voor de plicht tot arbeid en gemeenschapszin, voor eerlijkheid en adel van gemoed, wilskracht en drang naar grootheid. Meteen moet ik mij verzetten tegen de zwakkelingen die de ondergang van Europa en de westerse beschaving voorspellen en tegen de misdadigers die dat in de hand zouden werken.

Die levenshouding kan slechts ten volle zin hebben, als ik aan God geloof. Zonder het bestaan van een Opperwezen, dat mijn doel en verlossing is, blijf ik met mijn eeuwige verlangens door de tijd begrensd.

Ik heb altijd in God geloofd. Ik bid tot Hem: versterk mijn geloof. Niet om mij, daarop steunend, boven of tegen anderen te verheffen. Maar omdat ik het geloof ontvangen heb, omdat het deel uitmaakt van mijn wezen en ik, ondanks alle aanvechtingen in en buiten mij, steeds ja gezegd heb tot Degene die mij het geloof geschonken heeft.

Mijn volk, de mensen, het geloof.

Arbeid, plicht, verantwoordelijkheid.

Ik ben altijd vijand geweest van een literatuur, die een kunst van ijdele woorden is en voorstander van een letterkunde, die uit het leven, het konkrete en waarachtig doorleefde leven is ontstaan. Men zou geen bladzijde mogen schrijven waarmee men het niet volledig eens is. Het is voor iedere schrijver een gevaarlijke bekoring te willen gelezen en erkend worden. Vandaar dat velen meer berekenen dan scheppen uit wezensdrang. Zij zoeken opspraak te maken, om de aandacht naar zich toe te halen. Die opspraak wordt het vlugst verkregen wanneer zaken geschreven worden die een kern van waarheid bevatten, afgezonderd uit het geheel en zodanig voorgesteld dat zij verrassend of nog uitdagend klinken.

Wij denken hierbij aan de onzin die door sommigen als poëzie aangeboden wordt en aan de seksuele brutaliteit waarmee anderen elkander overtroeven. Veel suksesjagers van de dag beseffen dat zij eenzijdig en onecht zijn, door-

dat ze zich van de eksistentieële waarachtigheid verwijderen. Het kan hun niet schelen, als ze maar een groot publiek in het gevlj kunnen komen.

Ik kan niet schrijven om door iedereen gelezen te worden. Ik denk aan mijn lezers als aan mijn vrienden, met hen sprekend over het leven zoals ik het zie en de waarden die mij dierbaar zijn. Ik verzwijg hun niets. Zij weten wat zij aan mij hebben en degenen die mij niet kunnen verdragen, gaan aan mij voorbij. Dat is hun goed recht. Ik ben liever alleen en trouw, dan met velen en beschaamd over mijzelf. De taak van de letterkunde is schoon te zijn en daardoor opheldering over ons lot, geloof aan een roeping, moed en vreugde te leren.

Broers

As ons dan almal broers moet wees
en op dieselfde aarde woon —
wie het die eerste slag geslaan
om die eerste wêreldtroon?

Jy sê ons is van dieselfde bloed,
uit een element van God geroer,
met een groot liefde vir mekaar —
wat maak die dolk dan in jou hand, ou broer?

Het Adam en Eva ook broers gehad
om van die vrugte in die Paradys te eet?
Glo jy dat ons wat mense is,
almal met dieselfde weegskaal meet?

As ons dan almal broers moet wees,
en die liefde 'n gewetensaak —
hoekom het ons die atoom gesplits
om 'n bom daarvan te maak?

Kyk in my oë en vertel my, broer —
Het jy alleen voor die Kruis gaan staan?
Of het ons, soos goeie broers, saám
die spyker in Sy hand geslaan?

Verwyl die Tyd

In die bergkomme en by die ou rivier
waar ek gebore is, roer die koringare
nog malsig-groen en teer in lentegolwe,
waar in die najaar die swartgrond omgedolwe
is: en dan die ryper, voller vrug in somerwoud,
op swoele windjie wieg soos wuuwende, suiwer goud.
So rustig-kalm is die natuur asof die tyd
nog stil kan staan om die lewe vas te gryp.
O Heer, laat ook my tyd telkens so verwyl
in die dol gejaag en voortbestaan van
die Spoetnik-mens wat in sy siel en
wese van al die waansin omgewe
is: gee my die kalmte van gees, ontworstel my
uit die baaierd van hierdie lewe.

Die Lang Pad

Hy staan met sy lenige hande teen die vensterkosyn geleun, sy kneukels wit en gespanne, sy gesig strak, sy oë stil en dof. Agter hom brand 'n leeslamp op sy kantoorlessenaar, en gooi sy skaduwee by die venster uit, oor die donker, nat sypaadjie.

Baie ure het hom hier gesien. Vyfuur het sy klerk en tikster tot siens gesê en hom alleen met sy gedagtes gelaat. En toe alles stil geword het, het hy hier kom staan, half geboë, verwagterend, asof hy op iets wag. Teen die muur het die reëlmaat van die tyd voortgetik en saamgesmelt met die sagte, weemoedige geklop van die reëndruppels teen die venster.

„Die Tyd en ons,” mymer hy . . . „Ons is die naakte uitvloeisels van die tyd, die eindtotaal van sy onverbiddelikheid. Ons is wat die tyd ons maak. Ons siele kan nie verander nie, want ons is wat ons is . . .”

Hy tel die somber basslae van die Tyd. Elf. Dan tel hy die telefoon op en luister na die eentonige suising daarin.

„Nommer asseblief!” Die stem is hees, verweg.

„Nommer 468,” prewel hy . . . „nee, 486 . . . dis reg . . . vier-ag-ses.”

„Nommer asseblief!”

„Ek het 'n fout gemaak, Juffrou,” sê hy verslae. „Ek is jammer . . .”

Hy sit vir geruime tyd met die leë buis in sy hand. Waarom wou hy bel? Watter nut sou dit hê? Watter verduideliking sou hy kon gee? Baie werk . . . oortyd . . . moenie vir my wag nie . . . jammer, ek sal probeer om dadelik te kom . . . ”

'n Skaduwee val oor hom.

„Meneer Strydom.”

Hy kyk verskrik op. Die jeugdige figuur van Jansen versper sy uitsig.

„Ek het hier verbygeloop, meneer Strydom, en toe sien ek die lig brand. Ek het gedink daar is iets verkeerd in die kantoor.”

Wat sou verkeerd wees? dink Strydom. Wat is so vreemd aan 'n brandende elektriese lig. Maar hy glimlag net gerustellend in die verslae oë van Jansen.

„Mens kan nooit té versigtig wees nie, meneer Strydom. Deesdae is inbrake iets algemeen. Meneer onthou mos nog

wat verlede maand gebeur het by Grové se kantore."

Strydom knik, glimlag. Jansen is 'n goeie klerk. Altyd op sy pos — selfs wanneer hy nie moet wees nie.

„Waar dwaal jy rond so laat in die aand?" vra hy belangstellend.

„Ek was by die nooi, meneer Strydom."

Snaaks, hy het nooit aan Jansen in terme van vroue gedink nie. Jansen praat nooit van vroue nie. Vreemd. Buitengewoon. Dit amuseer hom nou.

„Ons het besluit om oor drie maande te trou, meneer Strydom."

„So? Dis goeie nuus, Jansen. Geluk ook — as dit nie te vroeg is nie."

„Dankie, meneer Strydom. Eileen dink ek sal my aandag dan meer aan my studies kan gee," vertel die jongman, effens selfbewus.

„Sy is 'n optimis," meen Strydom.

Die stilte is 'n muur waaroor hulle gedagtes struikel.

„As daar niks is wat ek kan doen nie, sal ek maar gaan, meneer Strydom."

„Nee, daar is niks, Jansen. Tot siens."

„Goeienag, meneer Strydom."

Jansen verdwyn net so stil as wat hy gekom het. Strydom sien hoe hy met hoogogeslaande kraag teen die reën veg en eindelik in die reënsluier vervaag.

„Daar loop jy, Siegfried Strydom. Só ferm was jôu voetstappe twintig jaar gelede, só doelbewus jou strewe, só suiwer eenvoudig jou verwagting op die toekoms."

Strydom sak terug in sy stoel agter die lessenaar en slaan 'n lêer oop. Sy oë soek onbewus na die jongste brief.

Watter geheim het hierdie mense opgelos? Wat gebeur daar in die siel van twee mense wat hulle dwing om só 'n brief te skryf? En waarom is hy, Siegfried Strydom, van-aand hier? Waarom lees hy die brief vir die soveelste keer, asof dit hom nader aan die oplossing bring? Lê die geheim hier? Of is dit binnekant hom?

En as dit in sy siel lewe, hoe word hy daarvan bewus?

As kind het hy in 'n droomwêreld geleef, en toe hy opgegroeï het, was daar 'n afstand tussen hom en sy medemens. Hy het tussen hulle beweeg omdat hy móés; hy het saam met hulle aan dieselfde universiteit studeer en dieselfde feite verteer, omdat hy dieselfde eksamens moes aflê. Dit was al. Verder was hy die stil eensame wat niks van ander vra nie — en niks durf gee nie, omdat dit buite sy wêreld staan.

Sy beslissing om prokureur te word was 'n noodwendigheid. Dit het hom vreemd bevredig. Vrae sonder antwoorde — dit was die net waarin sy hele lewe vasgevang was, en in die wet het hy 'n uitvlug gevind. Waarom pleeg 'n man 'n misdaad, en loop die risiko om jare in 'n gevangenis deur te bring? Is dit selfbevrediging? Hoe kan 'n gevoel wat eenmaal liefde was, in haat verander? Waarom? As liefde deel van die onverganklike is, waarom is dit sterflik?

Hélène was buite sy wêreld. Wat was daar in sy siel wat geweier het om dit te erken? Sy kon nooit deel van sy lewe word nie!

„Jy moet Sieg maar verdra,” het iemand hom verskonend aan haar voorgestel. „Die wêreld bestaan nou maar eenmaal uit baie soorte, en die goeie Vader het glo 'n doel met elke skepsel. Wat ou Strytjie se doel is, weet die gode op Olympus alleen. Vra hom, miskien sal hy jou kan vertel.”

Sy doel? Wat is die doel van die lewe? Wat was die doel van hulle kennismaking?

„Dink jy dis nodig dat 'n mens 'n doel moet hê?” het hy later gevra, toe hulle alleen is.

„Ek het nog nie juis daarvoor nagedink nie,” het sy gelag. „Om die eerlike waarheid te sê, ek gee ook nie om nie. Buitendien, ek glo nie ek sal daarvan hou om te weet wat my doel is nie. Dit kan probleme oplewer en my onder 'n verpligting plaas. Soos sake nou staan, is ek vry en onbekommerd. Onwetend sondig niet, jy weet mos.”

Daar was verbloemde erns in haar stem.

„Ek het maar net gewonder,” was sy antwoord. „Beteken dit dat mens alleen 'n doel kan hê as jy nuttig is vir jou medemens — wat op sy beurt weer beteken dat jy hom moet vlei en bevoordeel?”

Hy het dit gesê om haar te amuseer. Sy het nie gelag nie, net stil geglimlag.

„Jy praat vreemd.”

„Die lewe is vreemd.”

„Ons moet nog baie gesels,” het sy uitgenooi.

„Waaroor?”

„Oor die lewe, Denker. Dis mos jou kos. En . . . miskien ook oor ons.” Daar was verwagting in haar stem.

„Sien ek jou weer?”

„Wie weet?”

„Tot siens dan, tot eendag. Ek sal wag vir 'n telefoonoproep.” Hy het probeer om die ondeurgrondelike in haar oë te deurgrond.

„Adieu,” het hy saggies gesê.

„Adieu, Sieg?” Daar was 'n vreemdheid in hom.

„Adieu, Hélène, adieu . . .”

Sy eie lewe was altyd 'n misterie. Hy het probeer om sy lewe ten volle te beheer, soos 'n elektroniese masjien wat meganies handel soos vooruit beplan. Hy wou die toekoms in sy hande hou, en matematies uitwerk wat behoort te gebeur. Drome plus vervulling plus teleurstelling is gelyk aan ondervinding. Daaroor val nie te redeneer nie. Mens is en bly jouself; jy handel ooreenkomstig jou eie aangebore aard. As jy gemeenskap hou met mense buite jou wêreld, word jy vernietig, omdat jy ontrou is aan jouself . . .

Daarom wou hy wegbreek van haar. Finaal. Sonder weemoed, sonder gevoel, sonder verlange.

Sy het hom eendag onverwags kom opsoek.

„Al die geheim opgelos?” wou sy skertsend weet.

Daar was 'n diepte in haar oë, en 'n stil huiwering in haar stem. Dit het hom geroer.

„Nog nie,” was sy goedige antwoord. „Maar dis mos deel van die genot — die feit dat ons nooit nader aan die oplossing kom nie.”

„Sielkundiges het 'n naam daarvoor.”

„Sielkundiges het 'n naam vir alles — hoe kleiner die probleem hoe groter die naam.” Sy het soos 'n kind gelag.

„Hulle noem dit neurose.”

Hy kon nie aanstoot neem nie. Wat is die waarheid aangaande onself per slot van rekening? Is dit slegs wat óns bevredig, ons eiewaan streel?

„Filosofeer jy nie te veel nie, Sieg?” Die vraag was vriendelik beskuldigend. „Die lewe is kompleks genoeg dat ons dit nog ingewikkelder maak. Aanvaarding Sieg, dis die eenvoudige antwoord op al jou vrae.”

„En dan?” wou hy weet.

„Wat dan?” het sy gelag.

„Aanvaarding is die einde van alles. Dis die dood. Dis die sterwe van alle hoop, verwagting, geloof en stryd.”

Haar siel het in haar mooi oë gelê.

„Miskien is aanvaarding van die lewe die volmaakte gesprek oor die wese van ons bestaan, Sieg.”

„Hoe kan mens die lewe aanvaar as jy dit nie ken nie?” wou hy weet. „Hoe kan mens stil wees as die misterie daarvan deur jou are bruis?”

Só 'n gesprek moes noodwendig doodloop, soos 'n reisiger se oë stuit teen die onverbiddelike einde van 'n doodloopstraat. 'n Redenasie bestaan uit feite, menings, oortuigende uitsprake; syne was gekeurde vrae wat nie na antwoorde soek nie. Want altyd was daar dié een groot vrees in hom,

dat hy in 'n oomblik van geestelike blindheid skynwaardes as die absolute waarheid sal aanvaar, dat hy sal wegsink in die doelloosheid van die alledaagse lewe. Nee, sy soeke het hom opgehef na die hoëre gemeenskap. Sy lewe het vir hom slegs betekenis gehad in verhouding tot daardie groot eensaamheid waar alles oneindig lyk.

„Ek is ek, en God is God. Sonder daardie twee eindpunte kan die Heelal nie bestaan nie. Soos ek na Hom soek, só soek Hy na my. Dit is die Ewige Drie-eenheid: God en Ek en ons Gemeenskaplike Soeke.”

„Waarom aanvaar jy dan my liefde, Sieg?” het sy hom eendag gevra, lank daarna, toe hulle vriendskap in volle bloei was. „Waarom is ek deel van jou lewe as ek buite jou soeke staan? Of is ons liefde deel van jou soeke?”

„Ja,” wou hy uitroep, herhaalde kere, soos 'n besetene, totdat die onrus uit sy siel verdwyn het. „Ja . . . ja . . . ja . . .” Maar sy tong was soos 'n las in sy mond, en sy eie hartstog was soos 'n beskuldiging van God.

„Dit is lewe, Sieg,” het sy gepleit. „Ek is lewe. Is dit nie genoeg nie? Is my liggaam nie genoeg nie? Aanvaar dit, Sieg, aanvaar wat ek jou bied.”

Die hartstog in haar stem was verterend. Hy het na haar gekyk, na die ronding van haar bors, na die vlammende uitnodiging wat daarin weggeslote lê.

„Jy is goddelik mooi, Héléne,” het sy lippe geprewel.

Toe was sy naby hom. En om hulle was daar 'n nou sirkel . . .

Was die lewe waarna hulle gesoek het, na alles tog dieselfde lewe? Was die ses jaar binne die huwelik 'n reis op dieselfde pad, na dieselfde gemeenskaplike doel?

Dit het vrede gebring, daardie gemeenskap met Héléne. Sy het hom 'n seun gegee, 'n gesonde knaap met diep, gevoelvolle oë soos sy.

Sý seun! Dit was 'n nuwe droom. Nee, meer as dit! Dit was vervulling. Dit was dae van godgeskape verwagting op iets wat hy nie kon beskrywe nie. Sy nuwe wêreld was klein, ja, maar dit was klein slegs omdat dit min gevra het. Want dit was groot, omdat dit alles ingesluit het.

Dit was sý seun. Syne. Héléne het geglimlag oor hulle twee se ernstige gesprekke — asof die klein mensie kon verstaan. Maar in hom was daar een groot verwondering.

Dit is alles een more vroeg tot 'n einde gekom. Die kind het oor 'n straat gehardloop. Dit was noodlottig. In meer as een opsig. Want sy . . . sy het saam met hulle seun gesterf. Sy het langs die graf gestaan sonder om te huil, haar neus-

vleuels wit en gespanne, haar hande inmekaar gewring. En in haar oë het die eensaamheid soos 'n woestyn gelê.

„Daar sal weer kinders wees, my liefing,” het hy probeer troos, en só gestry teen die ontembare bitterheid in sy eie siel.

„Om te sterf?” het sy bitter gesmaal. „Dink jy ek wil weer 'n kind in die wêreld bring? Nee, Sieg, van nou af gaan ek vir myself lewe, vir my eie genot. Geen ideale meer vir my nie. As die lewe my nie die beste wil gee nie, sal ek met die krummels tevrede wees.”

Die verandering in haar was geleidelik. Maar die skok van haar ontrouheid was plotseling en ontsettend. Hy het haar en 'n ou vriend een middag betrap. Daar was 'n willoosheid in hom. Hy het deur die strate gestap totdat sy voete vlamme was. En later, toe die morester soos 'n eensame verwagting in die vroeë oggend hang, het hy huis toe gestruikel sonder om te weet waarom.

Sy het langs die tafel gesit, roerloos en eensaam.

„Hélène.”

Sy was soos 'n vasgekeerde dier. „Ek verafsku hom, Sieg. Ek haat hom. Maar hy ken die geheim van die lewe sonder om daarna te soek. As hy terugkom na my toe, sal ek myself weer aan hom gee . . . en weer . . . en weer. My jong liggaam sal vol verrukking wees.”

Daar was 'n deining in sy bors, 'n wildheid in sy siel. Maar sy liggaam was magteloos.

„Jy het my nooit werklik liefgehad nie, Sieg. Ons móés trou; ons het nie 'n keuse gehad nie, en jy weet dit.”

Daar was afgryse in hom. Haar beeld was plotseling verwronge.

„As ons kind gelewe het, sou ek jou kon vergewe, Sieg. Maar hy is dood. En ek haat jou.”

„Dit was nie my skuld nie, Hélène,” was sy verweer. „Moet ek alleen die skuld van die verlede dra? Is ek die oorsaak van ons seun se dood? Het ek hom nie ook liefgehad nie? Het ek nie ook gely nie?”

„Nee,” het haar toonlose, donker stem gedraal, „nee, Sieg, jy is nie enigste skuldige nie. Maar jy wou ons seun maak soos jy is. Jy het sy klein sieltjie met denke oorlaai. Hy was altyd soos 'n kranksinnige wat in 'n ander wêreld leef. Hy het my nie geken nie. Ek kon nooit ingang by sý wêreld vind nie. O, Sieg, Sieg, jy het ons seun vermoor lank voor sy dood!”

Toe het hy vir die eerste keer in baie jare sy eensaamheid besef. Só was die roeringe van sy lewe altyd, soos die golwe van die see wat ewig oor die seesand spoel, maar

steeds terugkeer na die hart van die see, asof dit dáár vertroosting soek. Maar in hom was daar nooit stilte nie, want hunkering was daar en hunkering is die broer van die onrus.

„Bly by my, Héléne,” het hy gesmeek. „Gee my geloof in my doel.”

„Wat is jou doel, Sieg?”

Ja, wat is sy doel? Daar is geen antwoord nie. Daar kan nie wees nie. Want hy wat die doel bereik het, het die eindpunt bereik; sy soeke bestaan nie meer nie.

Die stilte van die vroeë oggend was om hulle, en sy stem het daarmee saamgeruis soos 'n eindelose refrein.

„Ek moes nooit met jou getrou het nie, Héléne. Ek besef dit nou. Dit is my grootste misdaad. Ek kon jou nooit gelukkig maak nie. En tog betreur ek ons samesyn nie. In jou het ek al die mistieke skoonheid van die liefde gevind. En dit is deel van die lewensgeheim. Jy was die vervulling van iets groots en heiligs, Héléne, ten spyte van alles. Jy was daardie onverklaarbare iets wat rigting en koers in my lewe gegee het. Ek het nog gesoek, Héléne, maar my soeke was nie meer koersloos nie. Daarom kan ek van daardie rigting nie afdwaal nie — al sou jy my ook verlaat. Jou weggaan sal 'n leegte laat, maar dit sal gevul wees met die herinnering aan die Koers, die één vrugbare weg.”

Hy het dit gesê, omdat hy nie anders kon nie, omdat daar vir een vlietende oomblik 'n ontombare weemoed in hom was. Die wete van verbygegane geluk het ineens soos 'n magdom van herinnering oor hom gelê.

Daar was 'n hyging in haar stem. „Ek het jou eenmaal liefgehad, Sieg.” Die klank in haar stem was soos 'n belofte, en het teerheid in hom opgeroep.

„Miskien het ons na al die leed 'n groter liefde gevind, Héléne, 'n liefde wat bo ons klein self staan en ons soeke kan inspireer.”

„Nee,” het sy gekreet. „Ek soek nie meer nie, Sieg. Ek aanvaar nou die lewe. Ek wil saam met die stroom van die lewe beweeg en niks meer vra nie. Wat het jy gesoek, Sieg? Wat soek jy nou? Is jou soeke in staat om jou siel te vul?”

Hoe weet mens wat jy soek as jyself deel van die soeke is? Hoe dring mens deur tot die wese van jou bestaan as jy 'n vreemdeling is vir jouself?

„Daar is geen terugkeer na die verlede nie, Héléne. Wat verby is, is verby. Maar die toekoms, ons drome, dis wat ons lewens beheer. Gaan saam met my, Héléne.”

Maar in haar dowwe oë was daar geen antwoord nie, en haar lippe het willoos opmekaar gelê.

Sy hande rus slap op die oop lêer voor hom op die lessenaar. Dis 'n meganiese beweging, wat met verloop van tyd gewoonte geword het. Dis of sy hande die inhoud van die briewe opneem en verteer.

„Geagte meneer Strydom.” Die aanhef van die jongste brief is ironies. Hy wou help om hierdie mense te skei, en nou noem hulle hom geag.

„Geagte meneer Strydom, ek en my vrou het besluit om 'n nuwe begin te maak. Sewe jaar van getroude lewe is 'n lang tyd — lank genoeg vir twee mense om mekaar te verstaan en te vergeef. Ons wil die pad wat ons lank gelede saam begin het, saam voltooi . . .”

Strydom lees nie verder nie. Sy oë is soos kole vuur. Wat het daar in die siele van hierdie twee mense gebeur wat hulle so 'n vertroulike brief aan 'n prokureur laat skryf? Asof hý sal verstaan! Asof hý weet! Asof hy, Siegfried Strydom, die waardes van die mensesiel in 'n skaal kan weeg; En hy sal sê: Mooi so, vriend, jy besit 'n lofwaardige deug. Jy het daarin geslaag om jou eie kleinlikhede te oorwin. En dít, my vriend, dít is die teken van 'n groot gees . . .

Middernag. Hy hoor die slae dofweg.

En tog, mymer hy . . . is geluk die genieting van die tasbare en aanvaarding van die onsigbare? En het hy, Siegfried Strydom, vir 'n kort tydjie deurgedring tot daardie wêreld van die klein begeertes? Werklik deurgedring? Of was sy siel te diep gewortel in die drang na die Groot Begrip?

Ja, daar was altyd onrus in hom. Dit weet hy nou. Bepeinsing. Onsekerheid. „Ons soek na die ewige omdat ons verlore is in onself. Ons soek na die spieël van God, omdat ons eie spieël gebroke is.”

Maar waarom vrees hy dan? Is dit omdat hy sy doel verloor het?

As hy later opstaan, en by die venster uitkyk, reën dit nog. Die druppels hang eindeloos in die flou straatlig, die swart teerstraat glim.

Hy trek sy jas aan en skakel die lig af. Dan sluit hy die deur agter hom en stap die straat af . . . verder en verder totdat die dorp stil en eensaam agter hom in die greep van die nanag lê.

Daar is geen weemoed in hom nie, geen hunkering na die verlede nie. Daardie dae was mooi, ja, dit was edel. Vir 'n

kort tydjie was hy deel van die wêreld van persoonlike geluk. Maar dit het verbygegaan, en hy . . . hy staan naak en alleen. Geen terugkeer nie, geen herinnering nie, maar voortgaan, voortstruikel op die lang pad.

Bo hom het die wolke opgeklaar, en aan die donker koepel skitter die sterre soos die ontelbare oë van 'n alsiende God.

„God is God en ek is ek,” mymer hy. „Is die onverbiddelikheid daarvan nie voldoende nie? Ja, meer as voldoende, want God is nie alleen God nie, maar God is ook deel van my, en ek . . . ek is deel van Hom . . . ”

En toe is alles opeens duidelik. Hy is nog hy! Hy staan nog alleen, met 'n leë soekende siel. En dit is die wese van sy bestaan . . . ewig soekend . . . ewig voort. Nie om een mens lief te hê nie, maar die hele wêreld te bemin. Nie om vir een te leef nie, maar vir almal, totdat die Ek self 'n stem tot soeke geword het. Want so alleen kan hy die Self oorwin, die selfsug wat deel van die liefde is. So alleen sal hy die verlore adiel van sy liefde vir Héléne herwin. En hy . . . hy sal die groot Geheim verower deur deel te word van die skamel menslike geluk . . .

Sy gedagtes dryf hom terug na die rustende strate. Die lig in sy woonhuis wink. Hygend na asem draai hy die deurknop.

Dit duur oomblikke voordat hy tot homself kom. Roerloos staan hy en luister na die trilling van die eensaamheid. „Héléne!” roep hy hees, „Héléne!”

Die mure gooi sy stem terug.

„Héléne, dis ek, Sieg.”

Dan struikel hy plotseling vorentoe soos 'n blinde. 'n Magtelose kreet ontsnap uit sy siel. Want voor hom op die tafel, glimmend in die geel elektriese lig, lê haar verloof- en trouinge.

Toe knak sy gees.

„Héléne,” prewel hy, „Héléne, jy het ons hoop verloën. Jy het die soeke van ons siele verloën.”

Want toe, in 'n oomblik van ontsettende sekerheid, weet hy. Daar is geen ontvlugting in die drome nie. Hy . . . hy self, sy ganse wese is 'n naklank van die onherroeplike verlede. En oor sy pad suis die stil stem van . . . herinnering.

BAREND J. TOERIEN:

Die Siel agter alles

My hand kyk op na my en sê:
„Verlos my! Bevry my siel, die hand-gees in my.
Hoekom word ek deur jou beheer?”
en vou sy vingers oop asof bewys
nog nodig was van sy selfstandigheid.

Eendag sal hy my broeksakwarmte soek
en sal, verstok, sy vingers benedig steek,
deur my, deur dy, klere, broek.

Die aarde dreun

Die aarde dreun!
Dreun soos dit tuimel deur ruimte sonder end.
Papier op jou tafel, bome in die park, gras onder jou voete,
of as jy buk en jou oor hou naby aan plante
bewe met die geluid van die aarde
die vreeslike dreuning soos die aarde
val
deur eindelose ruimte, allenig!

Jeug

Voor dagbreek voor dou breek,
die spinnerak ragwerk slenters splinter
runnik die hings die rooi hings op stal
toe ek die dwarslat uit die knip laat val.

'n Haan kraai toe en skeur meteens
die misnet wat die denne vasvang,
en die hings die rooi hings nou skoon op hol
stamp op die gistende strooi op stal.

Die volk met hul vuurvliegies is by die kraal
— agter glas? — onder water?
Toe borrel die rooi hings uit by die stal
en spaander met klippies wat na weerskante val.

Die middag met bloute en o ja daar was
opgeefsels wat die weikamp eiland,
runnik rou die hings bo die merrie-vul,
'n Reus! 'n Zeus! voor hy grond-toe val.

Round Pond, Kensington Gardens

*Seilskepies soos hul gaan
trek eende agter hul aan.
Bokant die water swewe
grys wolke en grys meeue*

*— O geel ballon geel son verskans
agter die treurige wolkedans —*

*Snaakse mans in hardebolkeile
swaai kieries lewendig en loop myle
met gejaste honde of 'n kat aan 'n lint,
of 'n rooi beteuterde kind*

*— Wat probeer jy swawelson my sê,
waarom toring jy toring jy aan my so?*

*Die staal voëls in hul vlug
bring treurigheid terug,
slegs treurigheid en hartseer
bring die ewige onweer,*

*bring die suurlemoenkleurige son, oordek,
en wat waterogig bly water trek.*

In 'n losieshuis

*Drie geluide hou my wakker:
die waterkraan wat lek, my wekker,
'n muis wat op die solder jakker.*

*Wakkerlê dwing my te luister
na hulle wat my rus bederf
en beurtelings 'n boodskap fluister:*

*Trane; Jy word oud, moet sterf;
en dan, Klein glipperige duister
diertjies sal die aarde erf.*

Die Toekomstige Mens

In die verlede het die mens homself as 'n wese beskou, wat, na die ewebeeld van 'n absolute Skepper geskape, wesentlik en ewig-menslik sou wees. Hoewel die sondeval hom sterflik gemaak het, het dit sy waardes soos waarheid, skoonheid en goedheid nie totaal uitgewis nie.

Die eerste insig wat hierdie konsepsie uitgedaag het was die evolusieleer, wat geïmpliseer het dat hy maar net 'n trap op die leer van eindelose ontwikkeling sou wees, en dat hy, as verbygaande stadium, nie meer uiteindelik sou wees as die uitgestorwe diersoorte nie. Ook die sielkunde het hom afgetakel tot 'n hond wie se bek water as hy pannekoek sien, of tot 'n dupe wat Psalms dig of piramiedes bou om sy onderdrukte drange te sublimeer.

Die berugte beginsel bekend as *the survival of the fittest* moes egter vanself óók swig; want, eers die Christelike moraal en later die mediese wetenskap het die mees ongeskikte mens kunsmatig aan 't lewe gehou. Vandag is dit eintlik die ongeskiktes wat onbeperk aanteel en met 'n meerderheid van stemme die aardryk oorheers.

Alle kulture het op die wet van Darwin berus; want dit was op die beginsel van menslike adel of adellike menslikheid geskoei. Dit was kulture van die sterkste, die kundigste; die dapperste manne en die mooiste vroue. Dit was in merg en been aristokraties, selfs binne in die ideale demokrasie; want dit was die skeppingswerk van individualistiese enkelinge, van onvergeetlike persoonlikhede.

Omdat sulke kulture nie meer geduld word nie, ontstaan die vraag: Hoe gaan die mens van die toekoms ontwikkel? Gaan hy 'n mens bly in die sin waarin óns mense was? Ons het nie diere gebly nie: gaan hy 'n mens bly? Gaan daar 'n verband wees tussen ons en hulle?

Ons het geen verband met die oerdiere wat voor ons die aardryk versier het nie, en net so min sal hulle wat in die toekoms sal leef 'n band met ons bewaar. Daar sal altyd 'n vermiste skakel wees. Die fossiele wat Broom en Dart gevind het was skakels tussen die menslike liggaam en die liggame van sy voorgangers, maar geen bewys van 'n band tussen die mens as heelheid en sy biologiese oerfamilie nie. Smuts het dit duidelik gestel dat elke groter geheel 'n nuwe skepping is; sodat daar eintlik geen skakel tussen die essensiële wese van die mens, as mens, en dié van 'n oerdier kan wees nie.

By oppervlakkige skrywers het die idee posgevat dat die toekomstige mens aan geen siekte sal ly nie, geen vooroordele sal hê nie, geen werk sal hoof te doen nie en tweehonderd jaar oud sal word. Hulle verlustig hulle daarin dat die mens dan ryker, slimmer, gesonder, groter, grootgeestiger en lediger sal wees as vandag; maar hulle aanvaar onkrities dat hy origens 'n gewone mens sal bly. Die enigste skrywer wat aan die ewige kontinuïteit van die mens se dieper wesenswerklikheid getwyfel het, was Huxley in sy satiriese *Brave New World*. In daardie wêreld word kinders nie meer gebore nie, maar in fabriek gemaak, en wel so dat elkeen voorbestem is om soos 'n willose skroef in die sosiaal-ekonomiese masjien te fungeer.

Om die mens se moontlike verworping te begryp, moet ons aanvaar dat hy deel is van die wêreld waarin hy leef, welke wêreld radikaal kan verander. Dit moet ook duidelik wees dat met verandering nie sommer enige oppervlakkige wisseling bedoel word nie. Laat ons aanneem dat die mens sal evolusioneer wanneer sy heelal evolusioneer, sal rewolusioneer wanneer sy heelal rewolusioneer, en sal sterf as sy heelal sterf. Laat ons dan punt vir punt die komende veranderinge nagaan:

MASSAMENS EN MASSAÏSME

Drie ideologieë het die ontstaan van die massamens verhaas. Dit is eerstens, die Christelike leer van genade, barmhartigheid en vrede op aarde wat die Evangelie aan alle kreature verkondig; tweedens, die eed van Hipokrates wat lewens red, ongeag of hulle nuttig is en derdens, die kommunisme wat die aristokrasie uitroei en die proletariaat verheerlik. Laasgenoemde het 'n onpersoonlike, sedelose, ontelbare massa in die plek van die persoonlike, sedelike, telbare enkeling geskuif.

Die kommunisme is egter nie die enigste sondebok nie; want wanneer die wêreld in 'n rigting stuur, werk alles in daardie rigting saam. Daarom vind ons dat die kommunisme nie in alles van die tsarisme verskil nie, en dat dit saam met die Westerse lewenswyse sal verdwyn. Die toekomstige mens sal immers nie kommunisties nie, maar massaïsties wees. Kommunisme is miskien net 'n stap tussen individualisme en massaïsme.

Daar is vier soorte eeue: goue-eeue, middeleeue, krisiseeue en massa-eeue. Rusland leef saam met ons almal in 'n krisiseeue, op die voorand van 'n massa-eeue wat, om 'n arbitrêre datum te noem, in die jaar tweeduisend sal

begin. In daardie tydperk sal die mens deel wees van die wêreldmassa soos die hand deel van die liggaam vorm. Net so min as wat 'n by apart van die swerm kan bestaan, sal die enkeling apart van sy maatskappy kan bestaan; want dit sal geen maatskappy van indiwidue meer wees nie, maar wel 'n onontleedbare eenheid van meerlinge. Die meerling wat die plek van die enkeling sal inneem, sal nie op sigself kan voortplant nie, en party sal miskien 'n vir ons wrede dood moet sterf nadat hulle funksie vervul is.

Die massabeginsel sal die mensdom die aard van 'n swerm bye of 'n mierkolonie gee. Ons walg vir ons nageslag soos ons walg vir ons barbaarse voorgeslagte; maar uit 'n objektiewe standpunt kan ons hulle nie oordeel of veroordeel nie. Ons mag sê dat hulle anders sal wees; dat hulle 'n nuwe speeie sal wees, maar ons kan nie beweer dat hulle sleg of goed, mooi of lelik, hoër of laer sal wees nie. Elke wese is altyd goed, skoon en hoog in sy eie tyd op sy eie plek. Ons moet ontslae raak van die sogenaamde hoër of hoogste trap van ontwikkeling, wat ons ons self alleen toeëien. Dis 'n wanbegrip wat ons net verwaand en onnosel maak.

OORBEVOLKING EN WATERLANDBOU

Die wêreld raak vinnig oorbevolk, en die mens is nie dieselfde op 'n oorbevolkte as ylbevolkte aarde nie. Die mens reageer onder druk ook maar soos 'n molekule of soos 'n wiskundige mag. As die waarde van een persoon uit 'n wêreld van eenmiljoen bewoners op een-miljoenste deeltjie van die geheel gestel word, dan sou die waarde van dieselfde persoon in 'n wêreld van duisendmiljoen bewoners duisend keer geringer wees. Namate 'n wêreldbevolking vermeerder, verminder die betekenis van die enkeling, en, alhoewel die wêreldbevolking nie letterlik ad infinitum kan styg nie, sal dit wel so hoog styg dat die enkeling prakties nul sal beteken.

Nou mag gevra word of die mensdom nie sedert eeue in stede soos Babilon, Rome en Londen saamgehoek was nie? Die antwoord is dat daar buite om hierdie kolke 'n vrye, onontdekte en onontgingde wêreld oop gelê het. Vergilius, 'n tipiese Romein, was van die vrye natuur deurdrenk; en selfs die keisers het, as veldhere, in tente onder die sterre geslaap—net soos Christiaan de Wet. Bevolking is nie oorbevolking nie. 'n Mens het minstens een vierkante jaart nodig om op te staan, en die oppervlakte van die aardbol is beperk.

'n Glas sal nie oorloop voordat dit vol is nie, en die krisis begin wanneer dit wil oorloop, maar nie kan nie. Die

ding moet dan uit sy wese gepeers, in 'n ander gedaante ontpop of ontaard. As die glas vol gas is, sal die gas in 'n vloeistof omset. Sommige geofisici dink dat die kern van die aardbol so warm is dat alle stowwe daar ewigdurend gesmelt moet wees; maar, aan die anderkant is die druk so hoog dat daar geen vloeistof kan bestaan nie. Materie moet daar in 'n toestand verkeer wat ons nie ken nie. So sal dit ook met die mens in 'n oorbevolkte wêreld gaan.

Aanvanklik sal oorbevolking met hongersnood bots, maar die tegniek sal voedsel uit die oseaan haal; dan sal daar waterlandbou naas gewone landbou wees. Dit sal die krisis 'n klein tydjie uitstel, maar die probleem nie oplos nie. Nog minder sal pille dit doen.

RUIMTEVAART EN KLUISTERLEWE

Binnekort sal die mens teen snelhede wat met Einstein se relativiteitsteorie in ooreenstemming is, na ander hemelliggame reis. Om in die ruimte te kan leef, sal die mens hom geestelik en liggaamlik moet aanpas. Hy sal in benouende kajuite gekluister wees, en op Mars byv. in ondergrondse kelders en tunnels met torings wat soos miershope lyk, moet woon. Ons het reeds bevind dat massaïsme en oorbevolking die mensdom soos bye of miere sal maak. Pleks daarvan om sy blik te verruim, sal die ruimte hom vereng.

Volgens die relativiteitsteorie sal die hoë snelhede van die teoretiese ruimtevaart die mens se belewing van tydsduur ontwig, sodat 'n tweeling nie meer ewe oud sal bly as een op aarde bly terwyl een in 'n ruimteskip reis nie. In die mens se lewensbeskouing sal die ervaring van relativiteit 'n nuwe begrip van tyd en ruimte, ewigheid en oneindigheid teweeg bring. Die mense wie se lewens deur relativiteit verleng word sal in 'n sekere sin uit die dood opgestaan het.

DIE WATERSTOFBOM EN WÊRELDVREDE

Sedert een aapmens 'n ander met die rondebeen van 'n oerland doodgeslaan het, was daar oorlog. Dit het 'n skeppende rol in die groei van liggaam en siel gespeel. Om wapens en werktuie te maak moes die mens homself op sy voete balanseer en sy hande inspan. Hy moes ook dink hoe. Die gekoördineerde inspanning van brein en spier het hom ontwikkel.

Diere het ook wapens en werktuie gehad, maar hulle was soos tande, naels, horings, angels, skubbe en suigarms vas aan die dier se lyf geheg. Die oermens se knopbeen, beenspies of klipblyl was los van sy liggaam. 'n Werktuig kon

as wapen en 'n wapen kon as werktuig dien. Die gifpyl en die vuurpyl is werktuie in vrede, wapens in oorlog.

Die mens was nie net in 'n oorlog teen diere nie, maar ook teen siekte en natuurkragte gewikkel. Soos die Amerikaners dink, wil hy nie juis sy medemens oorheers nie, maar die heelal verower.

Die werktuig- en wapenmakery het die ontstaan van die menslike taal gestimuleer. Toe die mens die eerste werktuig uitgevind het, kon hy nie praat nie; maar na mate sy voorraad gereedskap vermeerder het, het sy name daarvoor toegeneem. Toe hy later landbouer en visser geword het, is sy taal verryk met die termeskat van dié twee nywerhede. Sy beroep of besigheid, die ding waarmee of waarin hy werk, die arbeid self ook, het sy taal geskep. Sy taal het nie ontstaan uit 'n poëtiese drang om te sing of 'n logiese doelbewustheid om diere name te gee soos die oorlewering omtrent Adam lui nie, maar wel as 'n korrelatief van inspanning en skepping — as 'n klankskaduwee van stryd en oorlog.

Taal het die mens so radikaal van die dier onderskei dat hy 'n nuwe skepsel is. As hy weer so 'n sprong waag, sal hy nogmaals 'n nuwe skepping word en dus geen mens meer bly nie.

Die laaste wapen wat die wapenmakerdier egter mog maak, was die atoombom wat oor Japan gebars het, en, nie alleen die tweede wêreldoorlog nie, maar alle oorloë beëindig het. Dat oorlog daardeur onmoontlik geword het, is 'n ontnugtering vir die Weste. Die Ooste met sy duisende miljoene kan Europa, Asië en Afrika met die omliggende eilandryke nou ongestraf bearbei. Deur saamhorigheidsgevoel sal die miljoene in 'n hegte massa saamgesnoer word, en daarteenoor sal Engeland soos 'n klein eilandjie en die V.S.A. soos 'n groot eiland geïsoleer sit. Al word die wêreldmiljoene nie kommunisties nie, sal hulle 'n holistiese massa vorm.

Dis hier waar die paaibeleid van Amerika die werklikheid mistas. Om Duitsland te oorwen, het hulle die kommunisme gesterk; om die kommunisme te probeer beveg, bevorder hulle die massaïsme wat baie erger is!

Die massawêreld sal 'n voltooide wêreld wees. Alles sal reeds klaar afgehandel, klaar ontdek, klaar beplan, gereël en gereguleer wees. Daar sal niks nuuts of oorspronklikes meer oor wees nie: geen geheim om na te spoor of probleem om op te los nie; ook geen ideaal om na te streef of Groot Geheim om voor te kniel of oor te wonder nie. Profete, staatsmanne en wetenskaplikes soos ons hulle ken, en veral

selfstandige denkers, sal òf nie bestaan nie, òf soos masjiene ingespan wees.

SEDELOOS EN GELOOFLOOS

Alle godsdienste en filosofieë het die mens as 'n sedelike wese beskou, en die enkeling vir goed en kwaad verantwoordelik gehou. Daar is baie gespreke en gepeins oor die vrye wil en oor sonde. Uit homself uit, of deur genade, moes *homo sapiens*, d.w.s. die verstandige aapsoort, 'n wyse of vrome lewe ly. Wanneer die mens egter nie meer 'n vrye persoonlikheid is nie, maar aan die wêreldmassa onderworpe is of daarin versmelt is; wanneer sy doen en late nie deur etiese standaarde of goddelike gebooe bepaal word nie, maar wel deur steriotiepe regulasies en gewoontes wat soos dwangmaatreëls deur die ysterhand van die holos op hom afgepers word, verweer die grond van sedelikheid.

Die mens word dan 'n ander spesie, en dit bly 'n oop vraag of die nuwe spesie soos die oppermens van Nietzsche of die outomaton van Huxley sal wees. Dis moeilik om 'n Latynse naam vir hierdie spesie te vind, want die ou Romeine het in so 'n radikaal ander geesteswêreld geleef dat hulle geen tegniese term vir 'n ondenkbare wese kon konsipieer nie. Die naaste is *homo vulgaris*. In Afrikaans egter twyfel ons nie oor die naam en die wese van die massamens nie: ons sien hom van alle kante op ons afstroom.

Uit ons bevooroordeelde standpunt sal die toekoms nie 'n luilekkerland wees nie, maar 'n leemte. Daar sal geen oorlog, geen geestelike stryd, geen idealisme, geen rasverskil, geen aanvegbare stellinge of gelowe, geen werk of strewe, geen etiek en geen godsdiens wees nie.

Dit is te sleg om waar te wees.

Daarom, omdat dit te sleg is om waar te wees, moet ons besef dat ons ergens fouteer. Die waarheid is dat daardie toestande en omstandighede so *anders* sal wees dat ons hulle nie kan verstaan of waardeer nie. Ons weet niks van hulle af nie, en mag hulle dus nie oordeel of veroordeel nie. Dit kan as aksiomaties veronderstel word dat hulle nòg slegter nòg beter as vandag sal wees.

Dit sou dan ook nutteloos gewees het om oor die onbekende toekoms en sy vir ons onbegryplike wesens te teoretiseer — tensy ons ons self daaruit leer ken. „Ken jou self” was die eerste leuse van die wysbegeerte. Deur bespieëlinge oor die toekoms kan ons meer van ons self leer as op enige ander manier. Dit ontmasker ons waardes, ons sentimente, ons betreklike mate en gewigte!

Aan Maria

Maria, o kleine Maria,
Toe jy nog 'n dogtertjie was
Met jou hart soos die blou lug bo jou
En jou denke so blink-skoon soos glas,
Toe jou oë nog vry was soos voëltjies
wat fladderend swenk en swaai,
Toe jou stem nog klinkend en helder
geen leed uit jou siel kon verrai,
Toe jou treë nog lig soos die wind was
En jou kom en gaan sonder skroom,
Toe jou lewe 'n liggende vlak was,
'n Swewende, songoue droom —
Het jy tóe ook, soos ek soms, Maria,
Op die vleuels van jou fantasie
In silwer verbeeldingsvlugte
Buite grense en perke gevlie?
Het jy ook die silwer leisels
Van die jeug in jou hande gevoel
En die vreug oor die skitterende jare
Deur jou lewe voel tintel en spoel?
Was jy ook verruklik gelukkig
Met geen kommer oor tydsbestek —
Maria, o kleine Maria,
Was jy ook 'n vlinder soos ek?

Maria, o skone Maria,
Toe jy later meer ingetoë
Die uitbundige vreugde verwissel
Met 'n ernstiger lig in jou oë —
Toe jy met 'n dieper insig
Die liggaamsrypheid aanvaar
En in rosig-bloesende verleentheid
Jou maagdelike skoonheid gewaar —
Toe jy met 'n skugter verwagting
Die nuwe belofte begroet,
En toe jy as 'n bloesende meisie
Ook eenmaal vir Josef ontmoet —
Het jy ook, soos ek eens, Maria,
Jou hart in jou voel ontwaak
Soos die fynste groen blaartjies wat oopvou
As die Lente se vingers hul raak?
Het jy ook die wit kelk van liefde
Soos 'n blom in jou voel onthuk?
Was die liefde in jou ook soos narsings,
Soos die kosbaarste salf in 'n kruik?
Het die stem van jou teerbeminde

In jou ook die straling verwek? —
Maria, o skone Maria,
Was jy ook 'n nooientjie soos ek?

Maria, o jonkvrou Maria,
Toe die Engel die boodskap bring
En die skrik oor die vreemde verskyning
Met 'n ruk in jou hart ontspring —
Toe die wit lig van hierdie groot wete
Al skynend diep deur jou gaan
En jy in die heldere ligkring
Van 'n groot nuwe kennis staan —
Toe jy die woorde oordink het
En jou Goddelike roeping aanvaar,
Toe jy in 'n gloeiende loflied
Die Grootheid van God verklaar —
Was jy nogtans, soos ek ook, Maria,
In jou menslikheid 'n vrou,
'n Stralend' verwagterende moeder
Vir wie die toekoms vervulling inhou?
Het jy elke nuwe verwikkeling,
Elke roerinkie dopgehou
En in bly opgewonde verwagting
Ook aan Josef jou vreug toevertrou?
Het jy ook gedroom van blink ogies
En armpies styf om jou nek? —
Maria, o jonkvrou Maria,
Was jy ook 'n vrou soos ek?

Maria, o moeder Maria,
Toe jy vol in jou moederskap staan
En jy in opofferende liefde
Langs jou voorbestemde weg gaan —
Toe jy in die ryk goue dae
Die geluk van moederwees smaak
En jy oor 'n dierbare Kleintjie
Se welsyn in sorgsaamheid waak —
Toe die vlam van jou roeping suiwer
Die pad wat jy gaan, verlig,
Die pad van blymoedige liefde,
Die pad van jou moederplig —
Het jy ook, soos ek nou, Maria,
Geken, en verstaan, en geweet
By die blye geluk van 'n moeder
Is ook kommer en swaar uitgemeet?
Het jy ook met traanblinke oë
Jou Kindjie soms teen jou gedruk
Met jou hart net een skrynende hartseer
En jou trooswoord 'n stygende snik?
Het die vleuels van angste en kommer
Soms jou lewe ook donker oordek? —

Maria, o tere Maria,
 Was jy ook 'n moeder soos ek?
 Maria, smartryke Maria,
 Toe jy kyk na die doringkroon
 En gespykerde hande en voete
 En jy hoor ook die spottende hoon —
 Toe die smart oor jou Kind in jou siel brand
 Soos druppels gesmelte lood,
 Toe jy magteloos skryn oor die onreg
 En smaadvolle kruishoutdood —
 Was geloof in jou toe so kragtig
 Dat dit jou oor die smarte heen skraag
 En 'n visioen bring van Sy Godsheid
 Waarvoor aardsheid en kruisdood vervaag? —
 As vir my so 'n uur kom, Maria,
 Dat my kind in die wêreld moet ly
 — Al is dit gering vergeleke
 Met die smaad waardeur Christus moes stry —
 Sal ek ook, soos jy eens, Maria,
 Die pyn met gelatenheid dra
 En by God as 'n biddende moeder
 Krag vir sy kruis gaan vra?
 Sal ek in geloof en berusting,
 Al sou ek die doel nie verstaan,
 Sal ek sê, smartryke Maria,
 Wat God doen is welgedaan?
 Maria, o gryse Maria,
 As ek kom op die laaste skof
 Met my hoof wit van ouderdomsbloeisels
 En my oë tranend en dof —
 As jare se spore al blootlê
 In my wankel- en skuifselgang
 En ouderdom kerf en groef dieper
 Langs die eertydse jeugdige wang,
 As die koms van die aand reeds voorspel is
 As die lang middagskaduwees rek,
 En ek die ryk kleed van lewenservaring
 Styf om my krom skouers trek —
 Sal ek dan, soos jy eens, Maria,
 In herinnering terug kan sweef
 Langs die jare se kronkelpaaie
 En weer vlugtig my lewe herleef?
 Sal ek in tevredenheid stilstaan
 En weet wat verby is was goed —
 My doel en my taak was ek waardig,
 En my lewensvervulling was soet?
 Sal ek ook in blymoedige vrede
 Die eindjare stil voel vergly —
 Maria, o gryse Maria,
 Wag ek waardig die Dood af soos jy?

In die Bosveld

Een aand... o hoe mooi was die Bosveld
Toe die skemer so stil daaroor skuif,
Toe die aandwind met liggiese roering
Die geur van die nag daaroor stuif.

Die westerlug gloei met die kleure,
Met die rooi van die vluggende dag...
In die Ooste skuif stadig al hoër
Die lipers en grys van die nag.

Die rooi word nou dowwer oranje,
Die gloed van die kleure vergaan
In 'n sagter geel-grou oor die berge,
En bo hang 'n dun snytjie maan.

Oor die veld sif die skemer al digter
Met die bosse 'n donker swart soom;
En ge-ets teen die kwynende kleure
Meer as een ou kameeldoringboom
Met deeltjies grou naglug wat deurloer
Waar die stamme al fyner vertak;
En die blink nuwemaan word al geler
As dit ongemerk laer af sak.

Agter die nag se versluiering
Klink 'n jakkals se veras geskree;
En ek weet, waar ek so staan en luister,
Die Bosveld se nag luister mee.

So mooi, o, so mooi was die Bosveld
Een aand toe ek so daarna kyk,
Toe die skemer so ongemerk neerdaal,
Toe die dag oor die berge wegstryk.

In my hart swel daar stadig 'n weemoed
En lê wyd soos die veld om my heen;
Dan hoor ek die stem van verlange
Soos dit sag deur my denke heen ween,
Ween oor verlore waardes,
Vervang met 'n kloppende smart,
Ween oor die Dood en die leemtes
Wat dit laat in 'n mens se hart.

Toekoms en Verlede in die Drama

Dit was Emil Staiger, meen ek, wat met die heel besondere onderskeiding tussen epiek, liriek en dramatiek 'n gans nuwe horison vir die beskouing van letterkunde gekom het. In die plek van die tradisionele wyse van onderskeiding tussen die drie betrokke elemente in die letterkunde, het hy hulle in terme van tyd benader; so het hy, beknop, epiek met die verlede, die afgehandelde, vereenselwig; liriek met die stromende, onvoltooide, onmiddellike hede; dramatiek met die toekoms. Volgens hierdie beskouing lê dit dus in die wese van die drama om dinamies en konflikterend uit die onvolkome hede gedurig te *word*, voort te ontwikkel na 'n eindpunt in die toekoms.

Heel oppervlakkig sal 'n mens dit aan die hand van *Macbeth* kan illustreer (ek kies juis *Macbeth* omdat dit in dié opsig waarskynlik Shakespeare se mees „dramatiese” is):

In die heel eerste reël van daardie weergalose kort openingstoneel word vooruitgewys na die toekoms:

„When shall we three meet again?”

Dat die herontmoeting juis bepaal word „to meet with Macbeth”, verhoog die dramatiese waarde van hierdie vooruitwysing, omdat dit onmiddellik die held verbind aan die voortstuwende handeling.

Vanaf hierdie inleidende moment is daar 'n volgehoue stuwung van toekoms na toekoms. In die tweede toneel word aangekondig dat Macbeth die titel „thane of Cawdor” kry; net daarna volg die onderhoud tussen Macbeth en die heksvroue, waarin Macbeth se toekoms as „thane of Cawdor” en veral as koning voorspel word. Deur hierdie ontmoeting kry die openingstoneel onmiddellik groter sin en betekenis — en hierdie vooruitwysing kry dan veral dié belangrike funksie dat dit fataliteit in die toekoms inlê, omdat dit Macbeth teenoor die huidige koning, Duncan, stel.

Op hierdie wyse stu dit voort. Duncan kondig sy voorneme aan om die aand (= toekoms) by Macbeth te oornag (waardeer die fataliteitsmoontlikheid van die toekoms onmiddellik nuwe gestalte kry); lady Macbeth hoor van die koning se koms (die fataliteit word hierdeer wesenlik *bedreiging*); hierop volg die tonele tussen Macbeth en sy vrou oor die moord (= toekomsmoment). Uiteindelik die moord self, die realisering van die *toekoms in die hede*. En van hierdie oomblik af gee elke insident geboorte aan nuwe

toekomsvooruitsigte. Die sterkste moment is ongetwyfeld die beplanning van die moord op Banquo, die moord self (opnuut die toekoms in die hede); die banket, met die voorneme om na die hekse terug te gaan; die onderhoud met die hekse — wat nuwe stuwings na die toekoms gee; en daarvandaan in steeds hewiger, meer krampagtige voortsneling, die onverbiddelike aanstu op die voltrekking van die toekoms.

Dit is die eerste benadering, bloot op uiterlikheid af.

Maar dit is belangrik dat hierdie voortdurende toekomsgerigtheid, waarin 'n wesentlike dinamiek van *Macbeth* lê, ook 'n besondere spanning in die held self teweeg bring: die hewige konflik met homself, die wete van verstriktheid in die toekoms waaraan hy sou wou ontkom, maar wat onmoontlik is:

„If it were done when 'tis done, then 'twere well
It were done quickly. If th' assassination
Could trammel up the consequence . . .”

Aangrypend is dan ook veral die laaste groot monoloog:

„Tomorrow, and tomorrow, and tomorrow,
Creeps in this petty pace from day to day
to the last syllable of recorded time . . .”

Die toekoms in die drama word hier in die metafisiese struktuur opgeneem; en daarom is dit van veel meer as meganiese belang.

Maar Staiger se benadering — wat ek baie onvolledig en kursories hier op *Macbeth* toegepas het — bied m.i. nog net die eerste tree op 'n besondere nuwe pad waarop veel verder stap nodig is.

Met die lees van Tchekov se *Drie susters* het dit my veral getref dat die toekoms nie alléén die stuwings in die drama veroorsaak nie. Inderdaad: dat die dinamiese krag van die toekomsgerigtheid in 'n drama juis ingelê word deur die toekoms *in perspektief met die verlede* te sien. In Tchekov se drama gaan dit vir die drie susters om terugkeer na Moskou: Moskou, simbool van hoop en lewe; van alles wat in hulle drie lewens op die afgesonderde grensstadje onvolkome is. Maar Moskou is juis simbool van die toekomshoop omdat hulle dit in hulle jeug geken het; dit is die verlede wat sin gee aan die toekoms. Die verlede werk in hierdie stuk dus dramaties-generatief *in die hede na die toekoms*. Hierdie werking begin reeds met Olga se tweede

passasie in die heel eerste bedryf: in één passasie is al drie elemente van hierdie verwickelde dinamiek aanwesig.

Sy verwys na die verlede: „Il y a onze ans, et je me rappelle très bien qu'au debut de mai, à cette époque, Moscou était déjà tout en fleurs”; dit word onmiddellik op die hede betrek: „*Ce matin* je me suis réveillée, j'ai vu toute cette lumière . . . et j'ai eu passionnément envie de rentrer chez nous”. Ook die subtile toekomsverwysing: „Il fait bon aujourd'hui . . . mais les bouleaux n'ont pas encore des feuilles”: „pas encore” — dis nog onvolledig, dit moet nog *word*.

En so juis ook in *Macbeth*. In die groot slotmonoloog waarna ek vaneffe verwys het, staar Macbeth moeisaam vooruit na die „tomorrow, and tomorrow, and tomorrow”, maar dis juis die reliëf wat die verlede hieraan gee wat die *sin* in die passasie lê:

„And all our yesterdays have lighted fools
The way to dusty death”.

En uit hierdie spanning tussen toekoms en verlede kom die aangrypende betrekking op die hede waar alles gefokus word:

„Life's but a walking shadow, a poor player,
That struts and frets his hour upon the stage,
And then is heard no more”.

In *Macbeth* begin hierdie werking van die verlede insigwend genoeg juis met die eerste moment van realisering van die toekoms *in* die hede, die moord van Duncan. Van daardie oomblik af het die stuwings vorentoe gedurig sy teembeweging terug. Dit is dáárdie daad wat Macbeth ontwrig sodat sy vrou moet aandrings:

„These deeds must not be thought
After these ways: so it will make us mad.”

Dit is dan ook hierdie daad wat later, wanneer dit aan die verlede behoort, sy hand uitsteek na die toekoms en Macbeth te gronde rig, soos Julius Caesar uit sy graf die lotgevalle van Brutus en Cassius beheers en hulle in duie laat stort; en soos Lear se oorspronklike dwaling hom deurentyd agtervolg en stuk-stuk afbreek. Die verlede volg in die held se spoor op sy pad na die toekoms soos die Bose die mens in „Ballade van die Bose”, behalwe dat Louw se Bose 'n outonome, selfeksisterende mag is, en die verlede in die betrokke Shakespeare-dramas die skepping van die held is. Dit is veral die belangrike: dat die held sy fatale, immer-agtervolgende verlede juis skeep in sy strewe na die

realisering van sy toekomsverwagting: Macbeth wil — en moet, in sekere sin — koning word (toekoms) en vermoor Duncan; Lear wil 'n rustige toekoms verseker en verdeel sy ryk; Brutus wil die eer van Rome herstel en vermoor Caesar (insiggewend is in *Julius Caesar* voorts dat Brutus juis tot die moord beweeg word deur die herinnering aan sy voorvader, die eerste Brutus, wat die konings van die troon verdryf het).

In *Hamlet* speel die verlede-toekoms-spanning 'n besondere rol. Soos Macbeth gevang sit tussen wat onherroepelik verby is en wat onvermydelik moet kom (sodat „Returning were as tedious as go o'er”), so ook Hamlet, maar by hom met nuwe belewenis.

In die openingstoneel spekulêer die wagte oor die verskyning van die gees:

„What, has this thing appear'd again to-night . . . ?”

Die krag van hierdie vraag, met Bernardo se antwoord: „I have seen nothing”, is voor die hand liggend: die verlede (die vorige verskyning van die gees) en die toekoms (verwagting van sy herverskyning) word gefokus in die hede („tonight”).

Dit is 'n spanning wat na hierdie aanvanklike konstatering egter veel belangriker word, totdat dit alles in die ganse drama in sy bane betrek. Die gees verskyn aan Hamlet met die opdrag, onder meer, om te wreek (d.w.s. in die toekoms) wat gebeur het (die verlede). En nou stu Hamlet voort: hy móét, en kán („I have cause, and will, and strength, and means, / To do 't”), en tog lê die verlede hom lam: nie net die moord nie, of selfs *juis* nie net die moord nie, maar ook die owerspel van Claudius en Gertrude. En hierdie konflik word aangrypend juis in die hede vergestalt: wat kan immers onmiddelliker wees as „To be, or not to be”? Maar let daarop dat hierdie woorde juis hulle aangrypende wye betekenis kry deur méér as net die hede te verklank: dis deur die verbintenis aan hede en verlede in tydelose verband dat die hele menslike probleem hier sy gestalte kry, soos wat die aarde en die onmiddellike van die lewe sy gestalte kry deur die verband met die ewige en universele.

In *Hamlet* is veral ook belangrik die verteenwoordiging van die verlede deurentyd in die hede. Die sonde van Gertrude en Claudius was immers die heel eerste skok vir Hamlet se gemoed, en die heel grootste. Die sonde is veenselwig met die verlede. Maar in die onmiddellike, in elke dag se bestaan, aanskou Hamlet sy moeder en die koning

en juis hierdie onverbiddelike bysyn van die verlede het 'n noodlottige mag. Juis hier kan moontlik van die wortels van die hele spanning in *Hamlet* gesoek word: die gees van sy vader het hom aangesê om die moord te wreek, maar met die uitdruklike opdrag:

„Taint not thy mind, nor let thy soul contrive
Against thy mother aught”.

En juis dit kan Hamlet nie van hom afskud nie; juis dit word elke dag by hom ingeskerp deur die voortdurende konfrontasie met die sonde van die verlede in sy moeder.

Ek moet opnuut waarsku: daarmee is die probleem van Hamlet nog geensins blootgelê nie; dit het veel meer fasette, veel meer oorspronge, veel meer manifestasies. Maar ek glo dat ten minste één belangrike (en so ver ek weet, versmaaide) aspek van die verwickelde probleem aan die lig bring.

In die verbygaan kan net daarop gewys word dat daar heelwat ooreenkoms bestaan tussen hierdie openbaring van die werking van die verlede en dié in *Othello*, ofskoon die probleem daar ook veel nuwe kante het, want die vergiftigende invloed van Iago spruit onder meer juis uit die eerste „veronregting” deur die aanstelling van Cassio i.p.v. Iago as Othello se luitenant. Dit is nie maar net 'n plat, vulgêre geval van die verlede wat die held „agterhaal” nie, dit is 'n geval van spanning wat geskep word tussen verlede en toekoms, gerealiseer *in* die hede en *in* die held, in hoë mate teweeg gebring *deur* die held, en daarom die skakel tussen die algemene kosmiese „lot” en die „lot” van die held se eie karakter. *Dit is die brug tussen „skuld” en „noodlot” by die tragiese held.*

En dit is sekerlik nie net by Shakespeare aanwesig nie. Immers, waar kan die werking duideliker en met meer verbete, elementele fataliteit beter nagespoor word as in *Oidipus Tyrannos*? Hier is die onverbiddelike voorwaartse skryding, die stuwings van punt na punt, al verder die toekoms in, juis sinoniem — of ten minste dan simultaan — met 'n openbaring van waarheid na waarheid uit die verlede; hier, soos in weinig ander dramas, het elke beweging vorentoe sy teenwerkende beweging na agter. Beter nog: hier is elke moment vorentoe-en-terug; hier lê verlede en toekoms soos 'n embryo in één dop, onverbiddelik aan die groei. En hier beteken „groei” nie *vorentoe gaan* nie, maar uitbrei, groter word, soos rimpels op 'n watervlak. Hier is die tragedie, en die wesenlike van die drama, naak en ontbloot soos 'n baba. En hier is die verband met die terme

„verlede” en „toekoms” met buite-tydelike begrippe het, ook uitermate duidelik. Verlede en toekoms word opgeneem in 'n bo-kosmiese, ewige verband, in 'n ewigdurende hede. En hier is die antwoord van die held die absolute *Ja* of die absolute *Nee*. Só herlei die wesenlik tragiese die immanente van menslike ervaring na transendente vlak, en so word die menslike meer-as-menslike. Hiervandaan kom ook die indruk van die held as groots, as byna halfgod — soos Shakespeare dit veral in *Antony and Cleopatra* verwesenlik het.

Vir die bestek van 'n kort artikel soos hierdie, wat uiteraard net maar vlugtig en aanduidend is en nie grondig of volledig kán wees nie, is verdere voorbeelde nouliks nodig. Daar kan net verwys word na Racine by wie dieselfde spanning so meesterlik geskep word, en in *Andromaque* op 'n selde-oortreffbare wyse: die verlede is hier deurslaggewend in die karakter en die lotsbestemming van Andromaque. Haar eertydse verbintenis met Hector is onontkombaar in haar houding teenoor die eise van die Grieke, gestel deur Oreste, en die liefde van Pyrrhus. Soos in *Hamlet* en *Othello*, word die verlede ook hier in persoon vergestalt — hier in geen bose mag nie, maar juis in die figuur van Andromaque se onskuldige kind, Astyanax. Dit is die loyaliteit aan hierdie grootse verlede wat die spanning teweeg bring met die eise van die toekoms: trou met Pyrrhus, wat die kind sal beskerm, maar wat Hector se aartsvyand was of toegee aan Oreste en haar kind — daarmee ook haar eer en haar liefde — prysgee. En uit hierdie spanning kom die hele tragedie; verlede en toekoms beheers die hede.

'n Mens sien hierdie spanning ook in *Faust* gesuggereer. As die koor klaag:

„Weh! weh!
Du hast sie zerstört,
Die schöne Welt . . .
Neue lebenslauf beginne
Mit hellem Sinne”,

dan gaan dit wel om die *daad* van die omwenteling, maar in belangrike mate ook om die *feit* en die *afgelopenheid* daarvan: daar kom stryd omdat die ou orde versteur is. En is die oopgraaf van die verlede o.m. in die oproep van Helena nie 'n belangrike hydraende faktor tot die verloop van die tragedie nie?

Ten besluite kan die heel besondere hantering van hierdie spanning in *Germanicus* aangeraak word om darem nader

aan die huis te kom. Laat ek opnuut waarsku: in my benadering vergeet ek nie dat daar baie ander en verwickelde spanninge deur die stuk loop nie, maar hier gaan dit nie daaroor nie. Heel enkelvoudig gesien, is daar dan in dié drama met die heel eerste episode al die eis van optrede aan Germanicus, optrede wat op bloot realistiese vlak beteken: optrek na Rome en oorname van alle mag. Rome word dan op hierdie manier „simbool” — in die mate waarin ’n mens so enkelvoudig van simbool mag praat — van die toekoms, van dit wat gevra word. En deur die hele reeks episodes wat aan die Rome-tonele voorafgaan, broei Rome oor alles wat gesê en gedoen word: nie net in die slu figuur van die Sekretaris nie, maar in alle woorde. Dis onnodig om na te gaan hoeveel verwysings daar is na Rome, na Tiberius (ten nouste vereenselwig met Rome en met Germanicus se „opdrag”), na Livia. Dit lê soos ’n wolk oor alles, soos die gees van Caesar oor *Julius Caesar*, maar duisterder en meer dreigend.

Maar daarby is Rome ook verknoop aan die volgehoue skildering van die verval van die hele tyd. Rome is fokuspunt van die ganse verwording, van die chaos wat die Ryk bedreig. Rome is dan juis ook „simbool” van wat Germanicus uit hoofde van karakter en oortuiging teenstaan.

Maar uiteindelik is Rome óók terugwysing na die grootse en edele verlede, en sinoniem met „die trots ou heersersras”. So word Rome én verlede én hede én toekoms. En al drie hierdie magte is *in* die held saamgetrek: hy is edel, soos die grootste in die Romeinse verlede; hy reik na die toekoms; en hy het óók duisterheid in hom, voel dat die verval ook hóm oorstrom: daar loop „barste” deur sy wil; al weet hy dat hy self „moet skoon bly in die vuil”, moet hy erken: „Die heilige siekte het ons almal beet”.

Interessant is dit dat tydens die Rome-tonele die horison weer verskuif word na die Ooste — die Ooste wat óók die drie elemente in hom dra (maar minder sterk): die toekoms (omdat besluit word dat Germanicus soontoe gestuur sal word); die verlede (die skarabee; die tempels, ens.); die verval van die hede (dis „die donker Ooste”, slu, giftig, vol bedreiging). Die spanning word dus voortgesit.

Maar miskien is dit ook juis die oorsaak vir die effense onbevredigdheid, ondanks alles, wat die stuk wek: hierdie verskuiwing van horison nadat álles vooruitgewys het na Rome. Dit bly waar dat ook in die Ooste Rome steeds oor alles bly broei, dat hierdie naam telkens soos ’n beswering terugklink, en dat Rome daardeur iets van dieselfde werking kry as die moord van Duncan in *Macbeth*. Maar vir *Macbeth*

was die moord beginpunt; vir Germanicus was Rome hoogtepunt.

In die Ooste gaan hy te gronde, die nawerking van Rome; die verlede-hede-toekoms wat hom uitgeput en vergiftig het. Hy ly daaraan, ontroerend en langzaam. Dit pas by sy hele aard aan. Maar daarmee het iets in die *dramatiek* verlore gegaan; na die hoogtepunt van Rome as *toekoms*, is die Ooste nie sterk genoeg as nuwe horison en nuwe stuwning nie. Rome as verlede en as hede bly deurentyd groots en oortuigend; maar wanneer die toekoms-faset daarvan verlore gaan, is die oorhand van die verlede en die hede té groot. Macbeth kan op die laaste nog sy harnas aantrek en teen die lot in roep:

„Blow wind, come wrack;

At least we'll die with harness on our back”;

Brutus kan nog die swaard opneem by Philippi; Hamlet kan nog teen Laertes gaan skerm. Maar Germanicus het reeds sy krag verloor.

In hierdie lig is dit egter uiters belangrik om nog die laaste hoop op iets wat „skemer” uit die verval te onthou; die geloof dat Romein wel nie die laaste woord is nie; en die laaste versugting:

„En dalk gaan niks verlore nie”,

gevolg deur die Dokter se enigmatiese:

„Hy is al by die Caesars”.

Deur hierdie slot word die held versoen met hede, verlede, toekoms — want „Caesars”, soos „Rome”, dra al drie hierdie konnotasies. So word die drie driftige magte versoen — soos wat aan die end van *Swart luiperd* alles tot rus keer. In hierdie opsig is daar inderdaad merkwaardige ooreenkoms met *Swart luiperd*, t.o.v. insig in die aard van die botsinge. Die heel besondere einde sluit dan die spanninge pragtig af; maar die verdwyn van 'n *aktiewe* toekoms-element in die laaste twee episodes word nie heeltemal hierdeur opgehef nie.

Hollandse Herfsreis

Soms kan die lug
so somber wees,
so vol van droefheid wees,
en die wind so treurig-hees
in elke boomkruin sug,
dat 'n mens alleen kan dink:
„God het in sluimering versink.”

Yswind wat met kaal takke praat —
'n stokkerige wals op weëmoedsmaat —
lankal-dood gesigte in 'n blowlam-vuur,
'n omgekeerde kelk in die na-nag uur.

Berymde Fabels

1. DIE DRIE DOWES

Maar al te dikwels kom dit voor
dat skrywers, lesers en kritici
op dieselfde tydstip aldrie
nie kan sien of hoor
wat die een aan die ander te sê het nie.

Op 'n dag het 'n sekere dowe man
'n ander dowe voor die hof gedaag,
en verskyn voor die regter: Doosoor was sy van.
Die klaer kla: „Hy het sy beeste in my mielieland gejaag.”
Die verdediger skreeu: „Skuld ek jou geld? Bewys dit as jy kan!
Hier is die kwitansie, alles is betaal!”
„Verlowing verbreek?” vra die regter, „hoe durf julle soiets waag?
Kyk, as 'n mens met iets begin, moet hy dit ook voltooi.
Jaag maar gou jul skapies in dieselfde kraal,
en onthou om my ook na die bruilof uit te nooi!”

2. DIE BY EN DIE TUINIER

'n By liet haastig-soekend rondgevlieg
in 'n groot blomtuint en uit elke blom
wat ontluik het dit soetheid uitgesuig.

'n Tuinier wat lank na hom staan en kyk het,
het oplaas gesê: „Dat jy hard kan werk is seker en gewis;
maar ek sien dat jy op alle blomme neergestryk het,
alhoewel party van hulle giftig is.

„Ek neem,” het die by gebrom,
„vir elke heuningraat
die soetigheid alleen, en weet om die gif in die blom te laat.”

3. DIE LEWERIKKIE EN DIE KOEKOEK

„Weet jy,” vra Lewerik eendag aan Koekoek,
„Hoe dit dan kom dat Ooievaar
wat so vé rreis en soveel lande besoek
minder kennis as ons, wat tuisbly, vergaar?”

„Dit,” antwoord Koekoek, „moet duidelik bewys
dat 'n mens sy geaardheid nooit versaak nie.
Ervaring sal 'n sot nooit wyser maak nie.
en 'n dwaas bly dwaas, waarheen hy ookal reis.”

Koringveld (Wes-Vlaandere)

Die gerwe is al van die land gehaal.
Tussen die stoppels lê plek-plek kaal
grondkollie met die kleur van droë bloed —
die sens was geseën en die offer goed.

'n Wa het by 'n kruis getalm —
in U voete steek nog die koringhalm.

Watter offer sal ék vir U kan bring —
ek saai geen koring, en plant geen blom —
ek wat die byl in die boom laat sing
tot uit sy pyn U beeld tevoorskyn kom?

Beeld, wat nakend op die stoppelakker staan,
neem terug U mantel, en laat my verder gaan!

STOFFEL CILLIERS:

Die Wind het sy Tyd

Ek het die wind hierdie een keer gekul. Na die baie maande het ek een maand aan hom ontsnap. Dit nadat hy reeds een keer om my gekronkel het!

Ek het oor die kliprantjie gekom. Agter my het daar meer kliprantjies gelê as wat ek kon tel. En ek het teen elkeen van hulle uitgeklim. Op die hoogste punt van elke rantjie het ek elke keer omgekyk en geluister of die wind nog nie aankom nie.

Enigiemand sou dit gedoen het. En net so vinnig soos ek weer verder gevlug het. Want die wind is 'n onaardse ding soos 'n bloedhond, wat niemand genadig is nie.

Elke maand as die wind kom — en hy kom so gereeld soos my medisyne — kom hy op dieselfde manier. Die wind jaag my al lank. Daarom weet ek ook al hoe hy begin.

Hy kom deur die gras aangesluip, soos 'n slang. Dan, as hy naby my is, jaag hy meteenes rondom my sodat my broekspye teen my bene vasslaan, en dan gaan hy voor my uit. Kompleet net soos 'n luislang wat my in 'n kronkel vang en dan haastig met my wil padgee.

As die wind so maak, weet ek dis tyd om te begin vlug. Na twee dae sal ek die eintlike wind hoor aankom. Daar op valkhoogte sal hy in die wolke naderkom, al suigend. As die wind my gewaar het, pyl hy op my ribbes af.

En dan hét hy my.

Net hierdie een keer kon hy my nie kry nie.

Soos gewoonlik het die voorloper van die valk — die slang wat deur die gras na my soek — my sommer maklik in sy kronkel gekry. Ek het dadelik begin vlug, maar ek was skaars oor die eerste rantjie, toe ek skielik 'n plan kry.

Hoekom moet ek elke keer vlug terwyl die wind my tóg inhaal? Kan ek nie 'n slag vir hom probeer wegkruip nie?

Ek het dadelik plat op die grond gaan lê. Rondom my was die gras roesbruin in die saad. Dig op mekaar het die halms gestaan, soos bome in die bos. En die grassate was weer roerloos nadat die slangwind daardeur is.

Snaaks dat die grond so koud was. Dit was net soos 'n stuk koue marmer in die winter. Maar dit kon tog nie winter gewees het nie; kyk net hoe staan die gras in die saad!

Ek het die koue verduur. Daardie eerste dag het ek nie opgestaan nie.

Die oggend van die tweede dag, toe dit tyd was vir die

wind, het ek my amper siek geskrik. Ek het nog gedink ek was alleen daar in die gras, toe hier meteens 'n witjas by my neerhurk. Ek kon nie sien watter witjas dit was nie. Toe het ek maar my oë toegeknyp en doodstil gelê.

Toe praat iemand. Ek het my oë stadig oopgemaak en geloer. Nee, dit was 'n vreemde witjas dié. Hy het 'n pil in sy een hand gehad, wat hy vir my wou gee. In sy ander hand was daar 'n oop botteltjie waarin daar nog meer van dié pille was.

Ek het gemaak of ek vreeslik swak was en of ek nie kon regop sit nie. Ek het darem my oë oopgehou. Toe die witjas oor my buig om die pil in my mond te druk, gryp ek so blitsig soos daardie valk die botteltjie pille uit daardie hand uit. Voor die hand nog kon keer, het ek al 'n stuk of vyf pille in my mond gehad.

Toé was daar 'n geskree!

Voordat ek mooi kon dink wat gebeur, het die klomp witjasse op my toegesak. Hulle het my daar weggedra uit die gras uit, maar ek het my aan niks gesteur nie.

Ek het heerlik aan die slaap geraak.

Natuurlik, toe die wind na my kom soek daar waar hy my verwag het, was ek skoonveld.

Ek kon hom nie sien nie, en hy kon my ook nie sien nie.

Dit was hoe ek die wind gekul het. Maar nou moet ek daarvoor betaal.

Toe ek wakker word uit daardie diep slaap, was ek nie meer in die veld nie. Ek was in die vierkant tussen die geboue van die mansafdeling. Hier, in die seilstoel waarin ek nou sit.

Ek dink ek is nou soos al die mense buitekant. Ek is nou net so normaal soos almal wat in die stad kan rondloop. Maar ergste van alles is dat ek dit weet.

Kyk net na die ou spul wat hier saam met my in die vierkant sit.

Die een ou, Jan Olivier is sy naam, loop nog net soos altyd en geselskap soek. Hy het daardie ewig-vriendelike uitdrukking op sy gesig soos hy van die een na die ander loop. Hier kom hy na my toe ook.

„More, Breedt!” groet hy opgeruimd. „Ek het jou vir dae lank nie gesien nie, man. Waar was jy gewees?”

Ek staar doodstil voor my op die grond, maak of ek so neerslagtig soos 'n kleios is. Maar ou Jan laat hom nie afstoot nie.

„O ja, jou ou skelm. Nou onthou ek. Jy is mos die ou wat daardie nuwe verpleër so sleg geflous het. Hulle sê jy slaan toe sommer amper die hele bottel pille weg voor

die arme vent sy gedagtes kon bymekaarkry!"

Ou Jan lag dat dit so dreun hier om my ore. Ek sit maar doodstil.

Hy sien naderhand ek wil nie gesels nie. Nou soek hy een van die ou verpleërs op en vertel met groot omhaal van woorde hoé ek die nuwe verpleër verras het.

Hier op my seilstoel betrag ek die wêreld rondom my. Ek weet waar ek is: In 'n sielsieke-hospitaal. Dit is niks besonders dat ek dit weet nie. Die meeste van ons hier weet dat ons in 'n „gestig" is. Dit is ook nie die ergste nie.

Maar vir my is dit moeilik om te aanvaar dat ek saam met hierdie ou klomp — ou Jan Olivier, ou William Barnes, die ou Engelsman wat sommer ferplie mal is en al die ander — my dae moet deurbring. Of dit die pille is, weet ek nie, maar vir die eerste keer in 'n baie lang tyd het ek weer al my sinne bymekaar en ek weet dit. Dit is hoekom ek sê ek moet betaal vir hierdie een keer wat die wind my nie in die hande kon kry nie.

Die wind sal nou eers weer terugkom as dit sy tyd is, oor omtrent 'n maand. Martiens was eerlik toe hy nog gelewe het. Gans te eerlik om sy wind te stuur as dit nog nie sy tyd is nie.

Wie Martiens is? Ag ja, ek het skoon vergeet om van hom te vertel. Toe maar, dis nie snaaks as ek iets vergeet nie. Dié wat buitekant rondloop vergeet net so baie soos ek en dalk nog meer.

Martiens is eintlik die wind se baas. Die wind jaag my, soos ek gesê het. Dit lyk asof dit eintlik Martiens is wat my jaag, nou dat hy dood is. Dit is so. En dis ook reg so. Hulle sê mos reg is reg.

Ek en Martiens was gawe maats, van kleinsaf. Sy pa en my pa was bure. Ons het omtrent elke dag by mekaar gekuier en alles saam gedoen. Ek het Martiens liefgehad, soos 'n broer.

Maar toe ons in die hoërskool kom, het ons onenig geraak. Dit alles deur 'n meisiekind, Julia Dreyer.

Julia was mooi en 'n gawe meisie daarby. Sy was my nooi en sy was ook Martiens se nooi, van ons kinderdae af. Ek en Martiens was altyd tevrede so.

Tot ons eendag stry gekry het oor wie vir Julia na 'n partytjie toe sou neem. Ons was toe nog blote kinders — skaars sestien jaar oud, maar vir ons was dit 'n saak van dodelike erns. Martiens het gereken dat Julia saam met hom behoort te gaan. Ek was seker dat sy meer van my as van Martiens gehou het, daarom moes sy saam met my gaan.

Ek en Martiens was in 'n koue oorlog gewikkel vir 'n paar

dae, tot ons besluit het om vir Julia self te gaan vra. Julia het nie baie lank geneem om tussen ons te kies nie: Sy het gesê sy sou liever daardie keer saam met Martiens gaan. By 'n later geleentheid kon ek haar weer uitneem.

Haar woorde was gaaf en vriendelik, maar vir my het hulle die teenoorgestelde beteken. Ek het toe al gesien dat ek verloor het teen Martiens.

Martiens en Julia is na die partytjie toe en ek het in die veld gaan rond dwaal. Dit was maar 'n ou gewoonte van my as ek onrustig was.

Die volgende dag het Martiens my met stralende gesig kom vertel: Julia het toegestem om sy nooit te wees toe hy haar die vorige aand gevra het.

Was dit nie edel en goed van Martiens om dit aan my te kom vertel nie! Hy het daardeur aan my gewys dat hy nog my vriend wou bly. Hy het vir niemand anders iets daarvan vertel nie, net vir my. So het hy my nog vertrou.

En wat het ek gedoen? Ek was jaloers op Martiens, my vriend. Ek was so jaloers dat ek nie gesien het hoe gelukkig hy was nie; dat ek sy geluk nie kon deel nie.

Ek het Martiens van daardie dag af vermy en draaie geloop om uit Julia se pad te bly.

'n Maand later het Martiens weer na my toe gekom.

„Koos,” het hy gesê en hy was skaam vir my, „ek en Julia is uit, jong.”

Ek was verbaas maar het niks gewys nie.

„Hoekom?” het ek gevra.

„Ons kon in die laaste tyd nie mooi regkom nie. Ek dink sy is nie meer verlief op my nie.”

Toe ek stilbly, het hy huiwerig gesê: „Ek dink dis oor jou, Koos. Sy het baie oor jou uitgevra. Sy wou weet hoekom jy en ek nooit meer saam is nie en hoekom jy nooit meer vir haar groet nie.”

Dit was vir Martiens swaar gewees om so oor die dinge te praat. Ek kon dit sien. Maar ek het net nors met my tone in die grond gekrap.

„Ek dink jy moet weer vir haar gaan kuier, Koos,” het Martiens nog 'n laaste keer gesê. „Sy mis jou baie.”

„Ek gaan maar huis toe,” het ek gesê. „Ek het nog baie huiswerk.”

Martiens het alleen daar onder die boom bly staan.

Vandag sien ek eers hoe 'n gek ek daardie tyd was. Ek moes Martiens as vriend behou het, daardie tyd. Miskien ook Julia, maar veral Martiens. Maar ek het my eenkant gehou, soos 'n siek hoender. Nog steeds was ek jaloers op Martiens. Ek het hom daardie tyd gehaat, as so iets ooit

moontlik was. En ek het nooit eers daarteen gestry nie.

Toe kom Martiens my eendag haal bos toe. Ons het maar min gepraat op pad daarheen, want ek was bot.

Soos altyd wanneer ons in die verlede gaan tarentale skiet het, het ek die .22-geweer gedra.

Dit was 'n somersdag, daardie dag. Ek en Martiens het deur die gras gestap. Martiens het nog grassate geloop en afpluk sover as wat hy gegaan het. Voor ons het die populierbos groen gestaan. Die blinkblare het heen en weer gewaai in die ligte windjie.

Daar was 'n doringdraad rondom die populierbos.

Martiens het die draad opgelig sodat ek eerste kon deurklim.

Toe ek deur die draad klim, het die geweer iewers gehaak. Daar was 'n knal en die reuk van swawel in die lug. Dit onthou ek.

Martiens het op die grond gelê, tussen die gras. Uit 'n klein gaatjie aan sy slaap het bloed gekom.

My maat was dood!

As ek sê wat ek toe gedoen het, sal hulle besef hoe 'n ellendeling ek is?

Ek het hom net so aan die anderkant van die draad laat lê en weggehardloop. Deur die bos en anderkant uit, so vinnig ek kon.

Anderkant die bos was 'n kliprantjie en daaroor het ek gehardloop. Teen die anderkantse helling het ek platgeval.

Ek kon niks dink nie.

Ek kon niks voel nie.

Ek kon niks doen nie.

Terwyl ek nog daar gelê het, het die wind vir die heel eerste keer gekom. Uit die hoogste hoogtes bokant my het die valkwind skreeuend van woede en haat op my afgeduik. Ek het beangs aan die graspolle probeer vasklou, maar die wind het my vingers lam laat word. Ek wou in die grond inkruip, maar ook daar sou die wind my kom haal het.

Die wind was soos 'n hand van ys wat my vasgevat het. Alles was koud om my. En die geluid van die wind was dof en swaar en woedend. Ek was in die wind, ek alleen.

Ek het toe al geweet dat die wind net vir my bestem was.

En toe ek dit naderhand nie meer kon uithou nie, het ek verder gehardloop. Die wind het agter my gebly en geswets en gesny hier om my ore verby.

Tot die grassate en die wolke en die ganse wêreld een groot wind was. Ek en die wind was alleen op die aarde en ver na agtertoe, het ek geweet, het Martiens se lyk gelê.

Toe my liggaam flou was, het die wind in my kop ingevaar.

Toe het die mense my gekry en my tussen hierdie klomp sielsiekes geplaas.

Van toe af was dit net ek en Martiens en die wind. Ek het nooit vir Martiens gesien soos ek die wind gehoor het nie. Maar ek het geweet hy was daar agter die wolke en die wind iewers. Dit was Martiens wat die wind elke maand na my toe gestuur het. Hy het dit gedoen omdat ek hom geskiet het. Dis tog niks minder as reg dat jy wraak neem op die man wat jou vermoor het nie, is dit?

Hulle sê ek het hom nie doelbewus vermoor nie. Die verpleërs en dokter Landman sê ook almal so. Maar hulle praat maar baie keer bog en ek het al geleer om te sien wanneer hulle my probeer bluf. Soos eendag kom dokter Landman hier by my met die storie aan dat Martiens nie dood is nie. Verbeel jou! En wie stuur dan altemit die wind na my toe? Ek kon sommer sien die dokter bluf. Hy wou seker kyk of ek al so simpel is dat ek hom glo.

Ek weet vandag dat al het ek Martiens nie met opset doodgemaak nie, is dit tog my skuld dat hy dood is. Ek het Martiens gehaat. Ek het daardie duiwel in my gedra wat die geweer laat afgaan het. Nee, ek *was* daardie duiwel. Ek is nou nog 'n duiwel en niks wat ek ooit weer doen, kan iets daaraan verander nie.

Nog is Martiens so goed om die wind net een keer in 'n maand te stuur om my te jaag, en om my tussenin kans te gee om net gewoonweg mal te wees soos ou William Barnes.

Partykeer voel ek onrustig. Martiens sal my tog nie vir altyd so lekker laat lewe hier in die inrigting nie? En dis vir daardie dag wanneer die wind sterker en kouer sal wees as ooit tevore, dat ek bang is. Dit sal die laaste keer wees.

Ek sal weggesleep word, na Martiens toe. Dan sal my regte straf begin. Daarvoor is ek banger as vir die dood. Ja, daardie dag vrees ek meer selfs as wat ek die wind vrees.

Maar terwyl ek nog hier is, is ek tevrede met my lot en dankbaar vir die genade wat ek kry ook.

Hier kom dokter Landman nou na my toe aangestap. Ek wonder wat hy wil hê.

„More, Dokter.”

„More, Koos. Hoe gaan dit vanmore?”

„Dit gaan goed vanmore, Dokter. Die wind kon my nie weer vang soos altyd nie.”

„Ja, ek weet, Koos. Maar weet jy dat jy amper Bokveld toe was na jy daardie klomp pille gedrink het? Jy was vir

byna twee dae bewusteloos en ons het naderhand gedink jy gaan dit nie meer haal nie."

„Ja, Dokter. Maar ek het die wind gekul, nè Dokter?"

„Jy het, Koos. Maar ek het jou eintlik kom roep. Daar is besoek vir jou."

„Wie is dit, Dokter? Dis mos nie besoektyd nie?"

„Dit is spesiale besoek, Koos. Moenie vir die ander kêrels daarvan sê nie, anders wil hulle ook spesiale besoek hê. Kom nou net."

„Spesiale besoek? Ek moet eers gaan kyk wie dit kan wees. Die dokter loop al. Miskien is ek gou weer terug."

„Gaan ons na Dokter se kantoor toe?"

„Ja, Koos."

„Ek is al nuuskierig om te sien wie daar is, Dokter."

„Stap maar binne, Koos."

„Dankie, Dok . . . Dokter! Kyk daar!"

„Toe maar, Koos. Bly nou stil."

„Dis . . . dis Martiens, Dokter! Daar sit hy in die stoel. Kan Dokter hom sien?"

„Dis nie nodig om weg te hardloop nie, Koos. Kyk, Martiens is vriendelik."

„Martiens het teruggekom! Hy wil my kom haal omdat ek die wind ontduik het!"

„Nee, Dokter. Hy grynslag, Dokter!"

„Koos, Martiens is nie dood nie. Ek vat aan hom, sien jy? Hy is lewendig. Jy kan my nie sien as ek agter hom staan nie. Kyk!"

„Koos . . . ou maat . . ."

„Hy het met my gepraat, Dokter!"

„Ja, Koos, hy lewe!"

„Ek het hom self doodgemaak, Dokter. Sowaar, ek het hom deur sy kop geskiet daar by die bos."

„Koos, Martiens was nooit dood nie . . . !"

„Dokter, hy het sy voet geroer. Hy kom my haal. Maak oop die deur! Hy kom! Maak oop!"

„Waar is hy nou, Dokter?"

„Ek het hom gevra om net 'n rukkie buitekant die deur te wag, Koos. Nou moet jy eers luister wat ek sê: Dis regtig Martiens daardie. Die lewendige Martiens. Jy het jou al die jare verniet verwyd. Na die ongeluk het Martiens weer gesond geword. Hoor jy wat ek sê?"

„Dokter, maar . . ."

„Koos, al die mense weet dat dit net 'n ongeluk was, daardie tyd. Martiens het vandag gekom om vir jou te wys hy lewe nog. Ek het hom spesiaal vir jou laat kom, Koos. En Martiens het jou vergewe."

„Dokter lieg vir my. Martiens is lankal dood. Hy stuur die wind, Dokter en nou het hy self gekom om my te kom haal. Dokter kon hom ook nie sien nie. Net ek kon, want hy het net vir my gekom.”

„Koos, ou kêrel . . . ”

„Dokter, los my arm! Dokter wil nie hê ek moet my regverdige straf kry nie. Kyk daar staan hy weer, Dokter! Daar by die lessenaar. Daar kom hy, Dokter! Los my! Ek moet vlug!”

„Dis net ek en jy in die kantoor, Koos.”

„Hier is Martiens ook, Dokter. Keer hom! Hy wil my gryp! Help my!”

Dis klaar. Martiens vat my. Vat my na sy plek toe.

Martiens, jou hande is koud.

En die wind . . . die wind . . .

Die wind het ook gekom.

A. J. B. RAWLINS:

Septembernag

*Ons harte was soos koringhalms saamgegerf die nag
toe ons hand aan hand die lentebloeisels wou betrag;
geen woord sou hier die tolk kon wees
van dit wat in ons na een mens wou streef.*

*Die lentestilte het al om en om gesweef
en grootoog is ons in sy wentelgange ingeweef;
die ou patroon se eerste naat
het sigsag oor ons heen 'n koers gemaak;
'n oerou mensewet het êrens
op ons kronkellyn 'n punt geplaas,
ons weggeruk,
twee halwes oor 'n volle mik.*

Amasone

*Sy buig hom soos 'n hoepel om 'n vat,
en druk hom in 'n hoekie vas en plat,
totdat hy met haar eerste ambagslag
erken sy is sy groot en helder mag.*

*Dan merk hy hoe sy deur haar glimlag gryns,
besef dat hy voor skerp polvye
en 'n piering sal moet vlug en deins.*

*En in sy eensaam ure op die dak,
met kwas en verf,
wens hy dat iemand hom as proefskonyn
kan maan-toe werf.*

Stadsvolk

*My volk is nou die meesters van hul vak
hul staan hier in die stad met sak en pak;
loop met blink gesigte
doodluiters op gemak
tussen betongedrogte en die graf:
en al kruip daar soms ses
uit 'n verslonsde tweemanskrot,
is hul reeds lankal ingeburger hier
en skoon op die plek versot.*

Bach in die Nag

(i) *alla capella*
ou wolke skuifel
voor die maan
die nag is grys
van stilte
en dungslyt
van ritmies sterf
j.s. bach gespeen
en opgestop
dié wekker lag
die note af

(ii) *affettuoso*
haar hart
gekelk in my hand
roep warm
soos dié van 'n kuiken
en haar asem
gehang aan my oor
vra warm
soos 'n rustige kloeksoek
hoor hoe droom die haan
maak toe die deur

(iii) *a tempo*
die bene van laasnag
se liefde lê kaalgestroop
en uitgesuig en witgelek
op die dun matras
op die maer katel
op die skewe vloer
die groot koekoek
(in die lang kortbroek)
het rooioog geloer
en verlate gevloek

algemene handelaar

daar's 'n windwit winkeltjie op baardskeerdersbos
met komkommers en vrylekkers waaraan vet vlieë tros
en koolkopknewels en kalkoene en koelkelderwyn
en boegoeblaartjies vir siemies en hou-binne-rein
daarvoor tink twaksakkrone, maar melkbostaaie ou verdriet
en doodgooihandevol hartseer kry jy sommer verniet

noir de bougie

*dun meeue kerm teen die wind
en hang styf wilmaer gate*

*my oker maan is vasgewaai
ou uitgeteerde mispelbrug*

vanuand kyk is die stink see hol

minuet

*reeds drie jaar waai
die wind aaneen
my jaart is kaalgestroop
en splinter stadig
iewers drup 'n draaiorrel
ek lees poësie in die najaar*

*mettertyd word die tyd
kleiner as onmoontlikheid
en metterjare vrek die blare
sonder enige besware
iewers drup 'n draaiorrel
ek lees poësie in die najaar*

*vaneffe kry ek vandag groen
oopgeplek en koud en ryp
voor my agterdeur en om kaalkop
bome sonder drome draai die wind
iewers drup 'n draaiorrel
ek lees poësie in die najaar*

sel

*muuwe kokon van doodswil muur
waarteen gedagtes bly krap en skuur
geel gloeilampie word 'n uitpeuloog
wat stilteswaar deur my vesels tuur*

ANDRÉ P. BRINK:

Fragment uit 'n Versdrama: Caesar

Agtergrond: Julius Caesar keer terug na Rome nadat hy sy laaste vyande verslaan het; hy word as lewenslange diktator uitgeroep maar hy aspireer na die koningskap omdat dit die enigste manier is waarop hy 'n wêreldryk op die model van dié van Alexander kan nalaat aan die seun wat Cleopatra vir hom geskenk het. Maar hy is byna sestig en uitgeput; hy kan nie meer lank versuim nie. Op die Fees van die Lupercalia word hom deur Antonius 'n kroon aangebied, wat hy weier omdat dit duidelik is dat die volk dit nooit sal aanvaar nie. Almal verwag nou 'n beslissende optrede van hom, om duidelikheid oor sy houding te kry; en hý weet dat sy heel laaste kans gekom het.

Onmiddellik ná die Lupercalia is hy en Calpurnia, sy verstote vrou, in sy huis bymekaar. Hy besef dat hy móét voortgaan; sy pleit by hom.

CALPURNIA:

Kan jy dan nie tevrede wees nie?

En waarom nie?

En kan jy nie met my jou onrus deel nie?

CAESAR:

Dis swaar genoeg vir een, Calpurnia.

CALPURNIA:

Ek weet wat jy nou dink:

dat ek maar net soos enige geringe vrou

selfsugtig is, jou dit nie gun

dat jy jou tyd aan Rome — en aan Cleopatra — wy.

Maar ek het dit al lank aanvaar:

'n vrou leer so iets aan, miskien noodwendig,
omdat sy tóg vir wag en vir geduld gebore is.

Maar as jy net jou hart wil óópmaak soms,

en net 'n brokkie van jou aan my gee

dat ek ook *iets* kan hê in al my stil en leë dae.

Vra ek te veel, is ek onredelik? Ek is tog net jou vrou!

CAESAR:

Dit is 'n woord — jy sal dit moet erken —

wat hier in Rome weinig waarde het.

CALPURNIA:

Jy speel met woorde al nes Cicero!

Ek stel daar nie belang in nie.

Dis geen begrippe, geen filosofie, geen kode,

en selfs geen eergevoel waaraan ek klou:

dit gaan om *mense*, ek en jy,

en om die hart, die rooi en warm hart.
Daar's weinig meer in Rome wat nog waarde het:
die gode het ons lankal afgesweer,
en veel wat oud en edel was, is daarmee heen:
die gode, en die Republiek,
en alles wat verander het in name
soos 'n soort argief vir als wat interessant
maar uitgedien en oud is.
Dis mense, mense wat nog waarde het!
Is jy gans blind?
Jy wil iets bou, sê jy: maar wát?
Ek het my trots vergeet,
my afkoms en my vader,
om so hier by jou te kom pleit
soos wat 'n slaaf genade vra
as hy gestraf moet word vir wat hy nie gedoen het nie.

CAESAR:

Jy pleit: maar wát pleit jy?
Wat wil jy vra?

CALPURNIA:

Miskien weet ek ook self nie.
Miskien pleit ek maar net
omdat 'n tyd soos dié dit nodig het
dat daar gepleit moet word . . .
Miskien vir baie wat die donder hoor
en weet die storm kom, maar nie van wáár;
wat weet die weerlig gaan hul slaan,
maar nie waaróm.
En jy? Jy loop so sorgloos voort;
jy dra jou jare en jou lot
soos arbeiders wat koringhalms dra
om in 'n gerf te pak.
Wil jy nie rus? Het jy nie al genoeg gedoen?
Wil jy nie soos 'n mens wat oud word, rustig saans
met vriende om 'n tafel sit
en ou en goeie wyn laat haal,
en as dit winters sneeu of stortreën buite
jou koue teen 'n houtvuur kom verwarm nie?
Wil jy nie dat jou slawe, die gedagtes,
die helder trosse aandra in bruin mandjies
uit die groot wingerd van jou amper sestig jaar?

CAESAR:

As dit maar net vir wíl was, ja!
Maar iets, 'n god, 'n noodlot hou my in sy hand
soos wat 'n seun 'n duif sou hou.
Daar móét een wees wat rigting gee,

wat op die bergpunt staan en kyk
 en ver tot aan die kim kan sien —
 'n brandwag, 'n gesant, gesalfde van die gode —
 en wat die lang swaar pad na boontoe ken,
 dit klip vir klip geklim het, lys na lys,
 langs groot afgronde, en met elke tree
 die haarfyn ewewig, die beur, die mik,
 die ompad-kies, met altyd nog die hoogste kruin
 dáár teen die lug;
 en as hy daar gekom het,
 moeg nog, en met bewe in sy bene
 en die onthou van al wat hy gesien het langs die pad,
 dan is dit hý wat weet hoe daar geloop moet word,
 hý wat die trekpad oor die vlakke sien
 tot waar die lug daaraan 'n einde maak.

CALPURNIA:

Jy wil geen hand na my toe uitsteek nie!
 Jy wil dit als allenig doen!

CAESAR:

Ek moet. En jy moet ook nou gaan.
 Ek en die toekoms moet alleen hier sit en praat.

CALPURNIA:

Ek gaan. (*Talm by die deur.*) Maar as jy my ooit
 nodig het . . .

(*Sy wag. Hy antwoord nie. Sy gaan stadig af.*)

CAESAR:

(*Na 'n pouse*) Ek het dit dan opnuut geleer, vandag:
 die Republiek het nog net één besit:
 dit dat hy Republiek mag heet;
 dit klem hy in sy hande vas
 soos 'n jong Germaanse vrou haar klere
 voor 'n Romeinse offisier.
 Dié vryheid sal hul swaar verruil,
 net vir 'n nuwe trots, en iets wat groter is
 as wat hul hét. En dit vra weer 'n veldtog,
 weer 'n oorwinning, wat groter is as al die voriges:
 want ek is veldheer: en dis ál wat Rome
 van my sal neem.
 En daar's net één land wat nog vry teen Rome staan:
 Persië, waar Crassus en Lucullus al verslaan is,
 waar selfs Pompeius om moes draai.
 En nou is ek die enigste. Ek sal móét gaan.
 Maar dit sal álles vra — als wat ek het,
 my laaste krag, en al my hoop.
 Ek sal kan wen . . . Ek sal ook alles kan verloor
 en niemand ná my sal dan meer onthou

dat daar ook iemand was soos ek . . .
Ek kán hier bly: op hierdie oomblik is ek nog
gans vry om trug te draai.
Of het ek daardie dag toe ek die Rubicon se water
deur is

die toekoms klaar bepaal?

(*Pouse.*) Dis donker voor my; dit is nag,
en my groot vlerke het al moeg geword,
maar ek móét vlieg, die hoë krans oorsteek
wat nou hier voor my staan.

As ek kon rus, soos sy gevra het!

O, Jupiter, as ek kon rus, kon rus!

Als wat ek ooit gedoen het, was so swaar
en elke keer soos nuut:

'n mens leer pas maar hóe jy iets moet doen
as dit al klaar gedoen ís;

jy kry die slag vir iets wat nie meer nodig is.

Kán ek nie maar tevrede wees

met wat ek hét: ís dit dan nie genoeg nie?

Geen mens voor my het nog sóveel gehad!

Is daar dan nooit 'n uitdraai moontlik nie

as jy eers één keer op die steil pad loop?

(*Pouse.*) Caesarion, my seun dis jy wat eis —
sonder dat jy dit weet — dat ek dit doen.

Dis jy, en alles wat nog ongebore is . . . !

CLEOPATRA (*Haastig op*):

Ek kon nie langer in my huis
oorkant die Tiber sit nie.

Wat is verkeerd?

Die hele stad is aan die druis.

CAESAR:

O, Cleopatra, ek is moeg:

'n mens kom op 'n dag tot waar
dit nouliks verder kán.

CLEOPATRA:

My slawe het my kom vertel
dat Antonius jou 'n kroon wou gee.

CAESAR:

Hy wou — en hét: twee keer.

CLEOPATRA:

En jy het dit geweier. En almal is verward,
en niemand weet wat dit beduie nie:
elkeen verklaar dit soos hý wil.

CAESAR:

Sal ek of jy daar méer van weet?
— Ons is ook mense, ook verward.

CLEOPATRA:

Dit het met j^{ou} gebeur! J^y moet tog weet!

CAESAR:

Dit maak dit soveel moeiliker.

(*Pouse; mymerend.*) Maar ek het klaar gedink:

Ek moet weer na die Suide gaan;

ek was daar in my jeug.

Ek moes my beste jare in die harde noorde bly,

en suid, by Tarsis en Efese, glim die son,

die gode strek nog wyd hul arms uit,

en daar lê Kreta, Cyprus en Athene

vol weelde in die lome arm van die see

soos somersaande op die strand teen duine

jong bruingebrande meisies teen jong mans.

CLEOPATRA:

Maar waarvan práát jy, Julius? Jy yl!

CAESAR:

Nee, nee. Ek yl nie. Wil jy weet?

Ek gaan nou Persië toe. En as ek trugkom

sal hierdie stad my niks durf weier nie:

dan kan ek koning word!

CLEOPATRA:

Maar jy is nodig *hier!* Ek

sal jou nooit laat gaan!

CAESAR:

J^y wat nog altyd juis as ek wou rus

my voortgedwing het op my pad?

CLEOPATRA:

Maar ek was nooit onredelik in my eise nie.

CAESAR:

Ek het gemeen dat j^y in my vertrouwe het?

Verstaan jy nie: ek móét!

Die hele stad eis dit van my;

ek moet my legioene nog betaal

en Rome is al leeggedruk aan geld;

ek móét! Daar is geen keuse nie.

CLEOPATRA:

Maar jy moet redelik wees, my Julius!

Waag jy nie méér as wat beskore is

vir een?

CAESAR:

Verwyf selfs j^y my nou my ouderdom?

CLEOPATRA:

Dis nie die ouderdom nie, Julius,

maar dat jy ín die ouderdom te veel wil hê,

te veel wil doen.

En nou begin die vrees my vat
soos wat 'n seun 'n vlinder neem
en wreed, en met koel nugterheid,
die vlerke van die tenger lyfie stroop.
Jy mag nie só ver gaan dat ons mekaar verloor!
Het jy al als oorweeg, aan elke *tree* gedink?

CAESAR:

Kom sit by my.
Het jy al in die laatherfs, as die eerste sneeu
wit teen die berge sif, en die eerste asem
van die koue oor die stil land kom,
die voëls sien saamtrek, swerm op swerm,
totdat die takke buig — tot daar een môre
één van hul opvlieg, almal agterna, die blou lug vat
en teen die horison verdwyn — op soek
na iewers waar dit somer word? Hét jy?
Hoe sou hul weet? Hul *voel* dit net
as iets, iets, iewers, ver, waarheen hul mik,
'n warm suide — en hul gaan so voort,
die seë oor; hul rus nie, ken geen omdraai nie:
dis altyd voort, voort, omdat dit móét,
omdat hul weet, téén alle weet,
dat hul wel daar sal kom.
So moet ék, Cleopatra, gaan, die lande oor
na Persië, waar Alexander was.
Ek moet my vleuels uitswaai teen die swerk
en wegraak na die kim
na waar iets groters lê as wat ek ken,
en wat ek nog maar half vermoed,
maar wat ek móét — vir my, vir jou, Caesarion.
Die bloed eis dit: die bloed,
die droom, en al ons nagte in die lou Egipte
aan die Nyl.

B. LE ROUX:

Die fatummotief in Leipoldt se dramas

Toe die Randse universiteitstudente teen die end van Augustus 1929 Leipoldt se *Afgode* in Johannesburg en Pretoria op die planke wou bring, het daar 'n stukkie smalende kritiek oor die drama in *The Rand Daily Mail* verskyn. Die skrywer het beweer dat hy nie self die stuk gelees het nie, maar uit 'n opsomming daarvan konkludeer hy dat dit 'n bewerking van Ibsen se *Gengangere* (*Spoke*) is, daarom juis moet dit minderwaardig wees.

Hierop het J. J. le Roux geantwoord, destyds verbonde aan die Randse Universiteit, dat *Afgode* geen bewerking van *Spoke* is nie, maar in sy polemiëk het hy tog 'n ooreenkoms tussen die twee dramas gesien: Ibsen beeld die stryd tussen die konserwatisme en liberalisme van sy tyd uit; Leipoldt aan die ander kant, om die moderne terminologie te gebruik, die oortreding van die Ontugwet met die werking van Freud se sielkunde in die moderne lewe.

Indien dit die geval is, is Leipoldt seker nie die enigste een wat by Ibsen gaan soek het nie, maar ook Ina Boudier-Bakker, die Nederlandse skryfster met haar fataliteitsgedagte: „Er schuilt een armoede in ieder menschenbestaan”, of soos Ibsen dit self uitgedruk het: ons het almal 'n lyk aan boord — ons verlede. Of Leipoldt nou direk van Ibsen gaan leen het of indirek van Boudier-Bakker, maak seker geen saak nie. Maar die feit bly soos 'n paal bo water staan dat daar 'n sprekende ooreenkoms tussen die dramatiek van Boudier-Bakker en Leipoldt is. Die kerngedagte in albei se dramas is die versteurde huweliksgeluk of liefde, of soos by Leipoldt ook soms die pleeg van ontug bv. in *Die Laaste Aand* en *Afgode*.

Dis sake wat in die moderne lewe alte dikwels verborge bly; indien dit op die lappe kom, lei dit tot egskeiding. Maar nie in die geval van Boudier-Bakker of Leipoldt nie. Die kerngedagte van hierdie twee dramaturge is die *Fatum*, die verlede waaraan die hoofkarakters hulle nooit kan ontworstel nie. Die konflik is nie soseer met karakters as met die noodlot nie. As die stryd uitgewoed het, word die huwelikslewe, veral deur die groot liefde van die vrou, in ere herstel. 'n Voorbeeld hiervan kry ons in *Afgode*, verder verskil die afloop van die konflik van dié van Boudier-Bakker in dié opsig dat Leipoldt se hooffigure in die stryd tragies onder gaan.

Die verhaal wat ons in *Die Heks* (1923) kry, is die slottoneel van 'n liefdesgeskiedenis wat hom veertig jaar

gelede afgespeel het in 'n Noord-Italiaanse dorpie tussen die boerseun Jeronimo en die mooi Orsinia, sy veronregte minnares by wie hy 'n kind verwek het. Hulle huwelikslewe was kort van duur. Na twee jaar is hulle kindjie gebore wat die naam van die vader moes kry, maar Janetta genoem is, omdat daar iets gebeur het wat Jeronimo en Orsinia geskei het. Wat nou eintlik die oorsaak was, vermeld Leipoldt nie. Al wat Orsinia oorgehou het was haar herinnerings en 'n lokie hare in 'n pakkie verseël deur Jeronimo se ring.

Intussen het Orsinia, die Heks, Elsa geword, die dienares van Meester Leonard, die duiwel. Sy het ook probeer goed doen sodat haar medemens haar soms Elsa die sieketrooster genoem het. Die mense vergeet egter gou sodat hulle haar Elsa die Heks genoem het en haar dogter, Janetta, die Heksekind.

Jeronimo het by die kerk aangesluit. Deur sy asketiese selfdisipline, kastyding en afsondering het die mens in hom 'n ystersterke wilskrag gesien. Gou het hy kardinaal D'Orilla geword aan wie die taak opgedra word om die hekse uit te roei. Hy wat eintlik te teer-menslik was om koppe af te slaan en vir wie dit 'n innerlike marteling was om mense na die brandstapel te stuur, het die bynaam „Die Hamer van die Hekse” ontvang. Dis die geskiedenis wat ons uit die dialoog van die karakters verneem. Maar soos die hooffigure van Ina Boudier-Bakker, is ook dié van Leipoldt Prometheus-gestaltes wat hulle graag uit hulle gebondenheid wil bevry; dit geluk hulle egter nooit nie. Die lewe skryf opnuut sy eie geskiedenis oor die gebroke figure heen: die mens word na 'n uitputtende stryd weer tot sy lotsbestemming teruggedruk. Dis juis die tragiese in die stuk dat die aantreklike Orsinia en die mooi boerseun Jeronimo na agt-en-dertig jaar mekaar weer moet ontmoet, maar dié keer as Elsa, die Heks, en kardinaal D'Orilla, die Hamer van die Hekse, regter oor die verbranding van sy eie vrou.

Dit alles geskied op die dorpie Ahrweiler en in die kerker waar Elsa en haar dogter op die vonnis van kardinaal D'Orilla wag. Die gordyn sak in die eerste bedryf op 'n sterk respektiewelike handelingsmoment, soos dr. F. E. J. Malherbe dit noem, waar die Kardinaal 'n pakkie van die heks ontvang, dit verseël vind deur sy eertydse ring en daarin 'n haarlok. Hierdeur word die verlede, die hede en die toekoms van die Kardinaal saamgetrek deur die fatummotief, sodat ons 'n kykie kry in die botsing: die innerlike tweestryd in die Kardinaal tussen sy menslikheid en sy kerklike plig.

In die tweede bedryf laai die botsing en verwickeling op tot 'n brekende klimaks. Die Kardinaal besoek die hekse waar hulle in die kerker opgesluit lê. Hy erken sy eertydse Orsinia wat deur marteling en spanning half-geestesverruk is: sy sweef tussen droom en werklikheid. Die dramatiese spanning word verder verskerp deur Janetta wat die ware toedrag van sake nie begryp nie. Elsa het die stem van haar Jeronimo verneem. Vir Elsa is dit die stem van 'n dooie gees, want aan haar dogter sê sy: „Ons droom nie, Janetta, want reeds is die dooie geeste rondom ons.” Janetta, „as die dooie wat gebore word as hulle sterwe. Agt-en-dertig jaar gelede is hy dood, en jy is agt-en-dertig jaar oud.”

Die hele dialoog in die kerker is vol dramatiese spanning en ironie. Die Kardinaal verseker Janetta dat haar moeder nie droom nie, maar dat sy sy dogter is. Hy staar die werklikheid vierkantig in die oë met die woorde: „Geen drome nie kind, maar werklikheid. Moeder van God wat 'n werklikheid!”

Eindelik kom Elsa ook uit die geestesverrukking, besef die werklikheid, put krag daaruit en juig: „Jy is nie dood nie! My Jeronimo!”

Die Kardinaal verseker hulle dat hulle nie sal sterf nie, maar op hierdie kritieke oomblik gryp die tragiese Fatum in. D'Orilla is deur sy asketiese lewe en gevoelsopwinding so verswak dat hy in 'n floute neersak. As hy die volgende more wakker word, brand die hekse alreeds. Met 'n ontroerde gebed oor sy lippe eindig die stuk.

So gaan drie karakters in die stryd onder: 'n vader en moeder wat moet boet vir hulle jeugsonde, die Fatum wat onherroeplik is, en 'n dogter wat, volgens die Skrif, moet ly vir die misdade van haar ouers (Ex. 34:7). Samevattend kan ons sê dat die karakters nie onder gaan deur die streng kerklike wet en fanatisme nie, maar deur die wrede noodlot wat sy teregstelling oor die karakters heenskryf wat vasgevang sit in sy lewensfoute.

In *Die Laaste Aand* kry ons 'n verwante tema en tog verskillend van aard in dié opsigte dat die liefde in *Die Heks* agt-en-dertig jaar warm genoeg bly om in die krisismoment 'n reddende hand uit te strek; al kom dit te laat. In *Die Laaste Aand* is dit die verstote liefde van die goewerneur Van Noot vir 'n Oosterse vrou by wie hy 'n kind verwek het; 'n liefde vol bitterheid en haat wat te laat kom om wraak te neem. Maar die Fatum bly in altwee die dramas die mag wat die ondergang van die hooffigure bewerkstellig.

In die *Voorspel* kry ons die veronregte Martha, die Maleise. Sy staan op die Jakatra-strand en aanskou die vertrek van Van Noot se skip. Sy, Martha, met die ongebore kind van die Goewerneur, sweer ewig wraak. Waar hy ook al mag gaan sal sy wees met „wraakofferande pragtiger as ooit”. Sy sal by elke god gierig pleit om vergelding:

„(Haar) kind . . . en syne . . . wat hy nog nie ken nie
Maar wat hy eens sal ken . . . as tot vergelding
Die beul hom uitlei . . . Gysbreg, Gysbreg, Gysbreg . . .
Dit sal hy leer (haar) kind . . . sy kind . . . Die naam
Sal hy (haar) kind en syne trou onthou.
En elke keer as hy dit hoor, (haar) kind
En syne, sal hy sê: „Ek vloek die naam’
En pleit, soos (sy), vir wraak by elke god.”

In die eerste bedryf ontmoet ons Martha dertig jaar later as die ontongmeid in Kaapstad. Sy het haar seun tot wraak opgestook, tot ’n opstand en sy doodvonnis is so pas in die raadsaal deur sy vader, goewerneur Van Noot bekragtig. Deur ’n slinkse plan sluip Martha die raadsaal binne met ’n kris in haar hand om wraak te neem op haar ontroue minnaar wat „te hoog was om laag te buie vir sy liefde”, en sy „te laag om sonder trots te wees”.

In die tweede bedryf motiveer sy haar daad en wraak. In die derde bedryf bring die Fatum Martha en haar eertydse minnaar saam in die raadskamer van die Goewerneur se huis. Hy ly aan ’n hartaanval. Dit steek soos ’n kris deur sy linkerskouer, verlam hom sodat hy geen krag meer besit nie. Hy vergelyk sy pyn met dié van hulle wat daarbuite aan die galg hang, onder andere, sy eie seun.

Op hierdie oomblik kom Martha in wie hy sy verstote Kami herken, die raadskamer binne. Sy slinger hom allerlei verwyte toe, o.a. dié woorde:

„Onthou jy nog vir Kami? Ruik jy nog
Die ruik van Melati-bloeisels wat
Sy in haar jong onnoselheid vir jou
Gepluk het onder Elberveld se muur
Op jou Jakatra . . . ?

Sy het nie teruggekeer as Kami nie, want sy is al lankal dood, maar as Kami die tier. Sy dink aan hulle Gysbreg wat daarbuite hang, maar Van Noot hoor haar nie; hy het alreeds onder die spanning beswyk. Sy voel sy bleek hande, bly skielik stil en sy laat die kris val, en hoe tragies beëindig die Fatum nie die spel tussen ’n Oosterse vrou en ’n witman nie? Nou besef sy dat dit nie haat was wat haar dwarsdeur die donkere lewe vergesel het nie, maar liefde.

Martha draai haar gesig na die venster, knielend by haar Gysbreg:

„O Allah

Die Imam op die strand daar dertig jaar

Gelede . . . hy was reg . . . dis bidtyd

God is God . . . God is groot . . . daar is net een

God en Hy is groot . . . ”

So eindig beide *Die Heks* en *Die Laaste Aand* met 'n gebed. Nou, die laaste stuk wat ek wil behandel is *Afgode*. Hierdie stuk staan nader aan Ina Boudier-Bakker se werk as die voriges: hier bring die Fatum 'n algehele versoening in die versteurde huwelikslewe. In hierdie toneelstuk het ons te make met Gys van Stal, 'n skurk wat sy familie oenteur deur gemeenskap te hê met hulle bediende. In die lewe is hy 'n gesiene man. Hy behoort aan die Orde van die Goeie Tempeliere, maar drink heeldag brandewyn onder die skyn dat dit medisyne is; hy verduister sy dogter se erfdel, vervals sy swaer se handtekening, maar bo alles pleeg hy ontug met sy bediende. 'n Tydlank bly alles onder 'n dekmantel; hy is o.a. die afgod van sy vrou en dogter. Maar dit gedoog die Fatum nie, nie in Leipoldt se dramatiek nie. Die dogter kom agter die waarheid, verafsku haar „afgod”, maar ter wille van haar moeder se swakheid is sy gewillig om sy skynheiligheid en wandade te verberg. Die moeder kom op die gesprek tussen vader en dogter af; sy het haar „afgod” van naby leer ken, maar die kennis het nie die liefde verswak nie (weer die vrou se liefde, soos in Ina Boudier-Bakker se dramatiek, wat die reddende hand uitsteek). Aletta, die vrou van Gys van Stal, het altyd die liefde geken; sy het haar man dwarsdeur sy swakheid nog liefgehad „my afgod”, soos sy aan Santa sê, en nou haar besluit: „Maar my plek is hier, my hart is hier . . . dis waar ek bly, Gys en ek . . . , ons kan weer probeer regmaak wat ons verkeerd gestuur het.”

In so 'n beknopte opstel is dit nie moontlik om die tema in al Leipoldt se dramatiek na te gaan nie. Tog meen ek dat die Fatummotief die kerngedagte van Leipoldt se dramatiek is. Terloops, in die klug *Vergissing* word die sogenaamde vreesloosheid vir die dood van 'n ou boer ontmasker. In *Die Kwaksalwer* is dit 'n seun wat ontdek dat sy moeder met 'n kankerresep gekwaksalwer het. In *Onrus* is dit Giel Gewers wat na sy dood optree teen die gehuigel van sy eie seun en skoonouers.

Dis maar altyd die fataliteitsgedagte, die fatum: die verlede waaraan Leipoldt se dramatiese karakters hulle nie kan bevry nie; al probeer hulle ook, dit geluk hulle nie.

PIROW BEKKER:

Beeld

*So sien hy nog sy ma:
die oë groot, stil
agter die ronde rame
van die skewe bril,*

*terwyl die naaimasjien
hard help betaal;
tussenin skeur skerp
stukke materiaal.*

*Die lippe knyp toe
oor 'n woord
en 'n stukkie gare
en denkend onverstoord*

*druk twee vingers
met 'n roetnet
van stoofskoonmaak
oor hul vatplek*

die gare deur.

*Nou hoor hy hoe sy vrou
se naaimasjien
kap, die tol pluk.
Hy sien*

*'n swart roetnet aan
haar vingers tart
en stoot, op,
tot oor haar hart.*

Akker

*Diep het ons losgemaak en waterpas gerol,
grippe gemaak en hoër 'n stormsloot.
Ons sien met huiwering hoe 'n donker, blinde mol
sy aantog rondom uit die aarde stoot.*

Vergadering

„Begint nou! Ons het huise, man!”
’n Vinger kap teen die horlosieglas.
Hy skud die arm terug. So hoort dit mos.
Hy skuil weer in die breedgekraagde jas.

„Jy weet, ou Kassie, ek en jy
moenie ons bekke hou nie. Hier word gepraat
en ons moet vertel hoe ons
soos kruywaens rondgejaag word.” Hy laat

die man hier langs hom gloei.
Een staan agter ’n tafel op. Hy haal
die jas nog hoër om sy nek. Dis soos hy sê:
„Die skande is nou meer as ’n skandaal.”

Maar praat die man! Toe vraetyd kom,
duik hy nog dieper weg, beur dan op.
Kassie moet sien hy is nie sy enigste gehoor.
Sy hand knel stywer om die pyp se kop.

„Ek wil nie vra nie, ek wil sê, meneer . . .”
Nou as hy in die woorde spring, skrik
hul bolrug weg soos skape en hy gryp,
volstaan met: „Ek wou sê, ons is onderdruk.

„Soos boontjies in die toegeslaande turf
is ons koppe en ons bekke vasgeknyp.
Maar ons moet uit. Ons kort ’n man
wat soos jy padlangs praat.” Toe knak sy pyp.

En hy gaan sit. Hy pas die stukke,
voel so ontstoke hy kan hom op sy hande wreek.
Dan word hy bewus van Kassie: „Met die klomp gepraat
het ek so wraggies nou my pyp gebreek.”

Die Vraag

*Klein duisie, ag, ek wens ek weet
wat omgaan in jou klein gemoed
as jy so peinsend sit in leed
van eensaamheid daar op die tak
en voor jou uitkyk op die vlak,
waar om jou leef die sonnegloed.
Is daar ook heimwee in jou bloed?*

Die Antwoord

*Dit is die soek na rus, my vriend,
wat my hier aan die boomtak bind,
die rus waaruit die kragte vloei
en in my gees weer op laat bloei
die lewenslus
wat doelbewus
jou aangord om weer voort te stry
tot waar jy eenmaal word bevry.*

Deugies

*Verag ons nie, ou vriend,
al lyk ons klein en swak.
Versamel ons getrou
diep in jou lewensrak.*

*Ons kleinheid dra 'n vreug
soos reuse, groot en sterk.
Jy word 'n man van krag
as ons vir jou mag werk.*

JOZEF DELEU:

De Nederlandse Letterkunde in Zuid-Vlaanderen

Wie de Nederlandse literatuurgeschiedenis doormaakt zal in de 17e eeuw wel kennis maken met de dichter Michiel de Swaen (1654-1707), geboortig uit Duinkerke in het hedendaagse Frankrijk en zoon van dat Vlaanderen in Frankrijk, dat wij niet Frans-Vlaanderen wenssen te noemen, maar Zuid-Flaanderen heten als onze grote Gezelle het wenste.

Met uitsluiting van Michiel de Swaen, die leefde gedurende en na de verovering van dit Vlaamse gebied door de Franse koning Lodewijk XIV, zal wel weinig meer over Zuidvlamingen in onze literatuurgeschiedenis der Nederlanden opgenomen zijn.

Niettegenstaande de eeuwenlange afscheiding van het moederland Vlaanderen, door een koude en streng opgeworpen staatsgrens enerzijds en het ontbreken van alle onderwijs in de moedertaal anderzijds, blijft dat stukje „tragische Vlaanderen” in Frankrijk nog ononderbroken zichzelf en levert het een strijd voor het behoud van de taal en de kultuur.

Dat de literaire produktie in dergelijke omstandigheden in Zuid-Vlaanderen geen hoge vlucht heeft genomen spreekt voor zichzelf. Wij hebben ons in dit korte bestek niet voorgenomen een overzicht te geven van de Vlaamse Beweging in Zuid-Vlaanderen, alhoewel dit een spoorslag zou worden voor de interesse aan de letterkunde aldaar. Maar wij willen overzichtelijk en kort de voornaamste figuren bespreken die gedurende deze eeuw aan letterkundige aktiviteit gedaan hebben in het Nederlands, alhoewel er in Vlaanderen en Nederland, ongetwijfeld ook in Zuid-Afrika, te weinig over geweten is.

„Vast zijn wij met elkaar verbonden,
Land van ons ‚liefd’, land van ons leed,
Nooit wordt de band des bloeds ontbonden”.

Met deze strofe uit zijn lang gedicht „Frans-Vlaanderen” leidde wijlen prof. Vital Celen zijn poëtische verzameling *Stemmen van Trouw uit Frans-Vlaanderen* in. In de titel van dit werkje ligt de ganse tragiek van dit afgezonderde gewest van onze Dietse kultuurgemeenschap en ook het

hoofdkenmerk van onze letterkunde in Zuid-Vlaanderen.

De Zuidvlaamse letterkunde ontroert door haar trouw spijt alles aan de volkse eigenheid, en door haar strijd om het zelfbehoud. In de grond heeft zij veel gemeen met de eerste Taalbeweging in Zuid-Afrika, en zou er op grond van de nationale lyriek die aan de basis ligt van de Afrikaanse Beweging in de Unie en van de Vlaamse Beweging in Zuid-Vlaanderen een interessant vergelijk kunnen gemaakt worden.

Na Michiel de Swaen is er geen enkele dichter of prozaïst meer opgestaan in Zuid-Vlaanderen die deze „Prins der Nederlandse letteren” kan evenaren. Van een moderne letterkunde in de betekenis die wij aan dit woord gewoon zijn te hechten is er vooralsnog geen sprake. Meningsverschillen tussen de zogenaamde „eksperimentele” of „klassieke” dichters bestaan er niet. Uit louter literair oogpunt moeten wij onze verwachtingen milderden.

Wij kunnen de Zuidvlaamse letterkunde om de vele stijlen taalgebreken gewoonweg voor achterlijk gaan bestempelen en zelfs gewagen van een halve eeuw achterstand bij de overige Dietse landen. Rekening houdend evenwel met het dramatische verleden van dit brokje „Dietsland in Frankrijk” en met de huidige toestanden (nog steeds geen Nederlands onderwijs, op een paar privé-initiatieven na) moet dit overzicht u stilaan toch overtuigen van de levenskracht het volks- en kultuurgeloof van deze getrouwen.

„Zaait een kiemvol zaad,
hijgen van hechten oogst” (René Despicht).

Met Prof. Dr. René Despicht die verleden jaar tot lid van de „Maatschappij der Nederlandse Letteren” te Leiden werd benoemd (19 Maart 1960), zijn wij in deze eeuw. Hij heeft een grote waarde om zijn historisch en kritisch werk, als professor Nederlands aan de Katholieke Universiteit van Rijsel, als voorman van de Vlaamse Beweging in Zuid-Vlaanderen en bezieler van de vooroorlogse bladen en tijdschriften. In zijn schappende geschriften, vooral poëzie, is hij de man van de trouw aan volk en land, de „Dietse dichter” zoals hij hem ziet in zijn gelijknamig gedicht:

„O Dichter in de Dietse taal,
gij delft een diepen grond,
bouwt den bodem vei
en zaait een kiemvol zaad,
hijgend van hechten oogst
van lied en leizen . . .”

Despicht kent zijn taal als niemand in Zuid-Vlaanderen. Hij heeft de doorwerkte hartstocht van een ziener, beheerst in vorm, rijk aan gedachte en voornamelijk gedragen door een waarachtige en zuivere bezieling. In alle omstandigheden is hij de overtuigde zichzelf gebleven, tegen onwil en kwade trouw in, is hij de Vlaming gebleven tot in de nieren. Jammer genoeg is zijn produktie niet in verhouding geweest van zijn krachtige bezieling. Als voorvechter van de Vlaamse zaak in Zuid-Vlaanderen stond hij dag en nacht ter beschikking van de zijnen, heeft hij uren doorgebracht in de studie van zijn land, zijn verleden, zijn verwording, en droomde hij van de heropleving. Deze vele poëtische en onpoëtische beslommeringen die hem wel de bezieling schonken voor veel werk, hebben hem toch in ruime mate afgehouden van zijn opdracht als kunstenaar. Uit literair oogpunt valt dat ongetwijfeld te betreuren, in het licht van de Zuidvlaamse geschiedenis niet.

Despicht is dus de grote bezieler geweest, de geleerde daarbij waarvoor een dag van vier-en-twintig uren te kort was, de geestelijke leider van zijn volk. Zijn poëtische arbeid heeft geleden onder deze onderdompeling in zijn volk en tragiek, maar zijn verdienste is er als Vlaming niet te minder om. Hij blijft, spijt de soms slordige uitdrukking, de „Dietse dichter”.

„Geboren met beeld
in oog en deun in oor,
klept de klokke luid
of zoetjes zenuwt den zang,
neurend als een nachtegaal.”

„Door Vlaanderen zullen wij gaan,
leven en ijver zaaien.” (Marcel Janssen).

Janssen is de zanger bij uitstek van de Zuidvlaamse Beweging. Met aandrang spreekt in hem de oude trouw zich uit in sterke, meeslepemde verzen. Zijn literaire begaafdheid is naar onze mening minder dan bij Despicht. Vooral zijn overdadig woordgebruik steekt fel af tegen Despichts fijnzinnig vers. Doch waar zou hij anders zijn moedertaal gestudeerd hebben dan ergens alleen op een verdoken zolderkamertje? Uiteindelijk komen wij weer tot de tragiek van dit volk die ons alle verwijt om taalslordigheid uit de mond neemt. De uiterste trouw heeft er Janssen toe aangezet zijn moedertaal te bestuderen en zijn gevoel en denken bij middel van de taal gestalte en vorm te geven. Niet steeds op dezelfde gelukkige wijze, maar boven alles

toch immer eerlijk en daardoor juist ontroerender dan veel ander werk.

In dezelfde tijd van Janssen treden Van de Meule en Van der Straeten naar voor als populaire schrijvers. De eerste heeft in zijn historische schetsen, verhalen en toneelspelen zijn verbondenheid met land en volk beleden. In zijn gedichten is hij niet veel verder geraakt dan de rijmelarij. Zijn waarde als prozaïst is daarentegen van ontegensprekelijk belang.

Van der Straeten heeft veel meer nog dan Van de Meule het Zuidvlaamse volk beïnvloed door zijn eenvoudige en zangerige versjes die een grote bijval oogsten. De enkele toneelstukken die hij schreef blijven voor weinigen nog genietbaar; toch behouden zij hun historische waarde en geven zij een kennelijk beeld van het hartelijke Zuid-Vlaanderen.

„Le sang parle en moi la langue de ma mère”

Het is de in het Frans schrijvende dichter Emmanuel Looten, neef van de groot Zuidvlaming Prof. Dr. Kamiel Looten, die deze treffende zinsnede schreef aan de voorname kenner van de Zuidvlaamse letteren wijlen Prof. Dr. Vital Celen.

Of Emmanuel Looten tot de Zuidvlaamse letterkunde kan gerekend worden is nu alleen betwistbaar omdat hij zijn werk in het Frans schreef. Naar de inhoud en de bezieling is hij een Zuidvlaming van het zuiverste gehalte. Ter illustratie citeren wij hier een gedicht van deze dichter in het Nederlands omgezet door Vital Celen:

Moedertale

Vlaams land, het mijn, gij zijt een enkele strijd
En uw beenderen zijn van mij tot in het merg.
Ik grif in mij uw behoede ras,
O mijnen, in uw grondbeeld heilig.

Mijn zoet land, mijn beminde aardevrouw,
Ik ben geweldig, Gij vol rood bloed.
Nieuwe velden, trillers, van leeuwrik-zinnebeeld
En de duizend oogsten van een duizendjarige schoot.

De soeple weg der waters glijdt simpel
Langs de hoge popels, melodisch van de wind.
Ik kom van 't ongeduldge bloed der vlakten,
De steden halen deze streek met een belfort toe.

Ik geloof in mijn trots vol oude heerlijkheden,
Mijn vrije gemeent'en de kalme kanalen...
Leeuw, al-briesend van vaandels en klauwen,
Mijn hoop bestormde de torens onzer stilte.

De tema's die Emmanuel Looten herhaaldelijk behandelt vinden hun oorsprong in zijn volkse verbondenheid. Tragisch en strijdhaftig bezingt hij de nood van de Zuidvlaming, zijn miskenning, zijn trouw, zijn strijd. Magisch bezwerend overtuigt hij zijn lezer dat hij „sang de mon sang, terre de ma terre” Vlaming is en dat wil blijven, spijt zijn taalverlies. Hij is ongetwijfeld de belangrijkste Zuidvlaamse dichter, die in het Frans schrijvend reeds belangrijke literaire prijzen te Parijs toegewezen kreeg en aldus van een onloochenbare aanwezigheid van zijn volk in Frankrijk getuigt. Looten draagt in zich de oude adel van Zuid-Vlaanderen dat uit de geschiedenis oprijst als de bakermat van de Oud-Nederlandse muziek en -literatuur.

Dr. J. E. Van den Driessche en Jean-Marie Gantois

De eerste is ongetwijfeld niet onbekend in Zuid-Afrika. Over hem schreef *Die Transvaler* in 1959, ter gelegenheid van zijn zestigste verjaardag, dat hij een groot vriend van Zuid-Afrika is.

In hoofdzaak in het Frans schrijvend, heeft deze eminente Zuidvlaming een grote betekenis als vertaler van Nederlandse en Vlaamse gedichten. Daarnaast heeft hij zich verdienstelijk gemaakt door talrijke bijdragen over onze literatuur en onze cultuur in Zuid-Vlaanderen. Hij heeft door zijn positieve en breedvoerige belangstelling voor de Dietse cultuur in het algemeen, Zuid-Vlaanderen weer stukken naar gebracht tot de overige Nederlanden.

Daarnaast is Jean-Marie Gantois de Zuidvlaming die op rijpere jeugd de Nederlandse taal heeft aangeleerd. Hij heeft zijn taal vooreerst grondig bestudeerd en daarmee de geest van onze cultuur ten volle in zich opgenomen. In zijn werkje „Hoe ik mijn volk en taal terugvond” schets hij in een zuiver Nederlands de ontwikkelingsgang tot de moedertaal terug. Als niemand in Zuid-Vlaanderen heeft Gantois zijn volk bestudeerd, zijn geschiedenis, zijn kunst, en zijn toekomst. In zijn belijdend en historisch proza waarin hij ontegenzeggelijk, eerlijk en trouw, de tragiek van Zuid-Vlaanderen uitsprekt en een hoopvolle toekomst blijft voorstaan, bereikt hij een helderheid van taal en beheersing van de inhoud die momenteel uitzonderlijk zijn in Zuid-Vlaanderen. Als bezieler en leider van verschillende tijd-

schriften, die tussen beide wereldoorlogen het hart zijn geweest van de Vlaamse Beweging in Zuid-Vlaanderen, heeft hij een werk geleverd dat niet kan over het hoofd worden gezien. Ook momenteel nog staat hij ten dienste van zijn volk, en heeft de tragiek van Zuid-Vlaanderen, die zich in zijn persoonlijk leven heeft uitgewerkt, geen invloed. Hij blijft in woord en daad de Zuidvlaming waarop wij ten slotte mogen fier zijn, omdat hij in de moeilijkste ogenblikken van de geschiedenis blijk heeft gegeven van een heldhaftige trouw.

De Vlaming Prof. Dr. Vital Celen

Alhoewel geboortig en woonachtig in Belgisch-Vlaanderen heeft Vital Celen als kenner van de Zuidvlaamse letteren een grote invloed gehad op het letterkundig leven in Zuid-Vlaanderen. Hij heeft Michiel de Swaen herontdekt en hem de erkenning gegeven die hij in onze literatuur verdient. Met zijn talrijke werken over Zuid-Vlaanderen heeft hij in Vlaanderen de aandacht opgeëist en wordt hij aanzien als de meest verdienstelijke kenner van de Zuidvlaamse letterkunde. In zijn studie met bloemlezing *Zo Schrijven de Frans-Vlamingen* en zijn poëtische verzameling *Stemmen van Trouw* heeft hij bewezen dat onze letterkunde in Zuid-Vlaanderen nog toekomst bezit. Zijn verdienstelijke vertalingen van Emmanuel Looten worden zeer gewaardeerd en hij is het ook die deze Zuidvlaamse dichter in Vlaanderen heeft bekend gemaakt.

„Notre Flandre” en het „Landjuweel voor Taal- en Letterkunde”

In 1951 werd op initiatief van de Frans-Vlaamse kultuur-dagen te Waregem, onder het voorzitterschap van André Demedts, het verschijnen aangekondigd van een Zuidvlaams tijdschrift: *Notre Flandre*. Onder de hoofdredactie van Dr. Jan Klaas (treffender Nederlandse naam kan men bezwaarlijk indenken) uit Sint Omaars (Zuid-Vlaanderen) en met de medewerking van getrouwen van voor en na de tweede wereldoorlog wordt dit tijdschrift uitgegeven. Het is het enige blad uit Zuid-Vlaanderen zelf en is folkloristisch, geschiedkundig en cultureel strijdblad. Geregeld verschijnen er Nederlandse teksten in van Zuidvlamingen en de geest van het blad is die van het land: „trouw en strijdhaftig”. Sedert enkele jaren schrijft dit tijdschrift een landjuweel uit voor Nederlandse taal- en letterkunde. Het is verheugend dat het aantal inzendingen steeds maar toe-

neemt, wat getuigt van een stijgende belangstelling en aandacht voor onze kultuur. In 1958 bedroeg het aantal inzendingen reeds 34! Het spreekt voor zichzelf dat de inzendingen van jongeren als een belofte voor het voortbestaan van onze letterkunde in Zuid-Vlaanderen mogen doorgaan. Het tijdschrift *Notre Flandre* en de jaarlijkse prijsvraag voor taal- en letterkunde zijn van ontzettende betekenis voor onze literatuur in Zuid-Vlaanderen, maar vooral voor de heropleving van de Nederlandse kultuur in Zuid-Vlaanderen.

„Tisje Tasje”

Wij hebben ons zowat in grote lijnen binnen deze twintigste eeuw gehouden. Wij moeten om een belangrijke wedergeboorte terug naar de vorige eeuw. *Tisje Tasje* is de Zuidvlaamse Uylenspieghel en is de pseudoniem van de Zuidvlaming J. B. van Grevelinghe die tijdens de vorige eeuw als volksverteller en marskramer een beroemdheid verwierf. Zijn humor is doorheen gans Zuid-Vlaanderen spreekwoordelijk geworden. Door Prof. René Despicht en Gabriël Plancke werd *Tisje Tasjes Almanak* uitgegeven, dat om zijn eenvoudige en scherpe humor, zijn volksheid en toch meer dan alledaagsheid, op grote schaal verspreiding vond tot kort voor de tweede wereldoorlog. Het boekje is dan verdwenen, doch de belangstelling voor *Tisje Tasje* is levendig gebleven.

De vereniging „De Vlaamse Vrienden in Frankrijk” die in 1958 werd opgericht, heeft de heropstanding bewerkt van deze prettige *Tisje Tasjes Almanak*. Dit kleine boekje biedt aan de gewone mens een aangename en gezonde lectuur in de moedertaal, het houdt het volksbewustzijn wakker en bewerkt aldus een vernieuwde belangstelling voor eigen taal- en kultuurgoed. Daarom mocht deze verwezenlijking zelfs in dit literair overzicht niet ontbreken.

„Ons Erfdeel”

Een overzichtelijk bestek over de Nederlandse letterkunde in Zuid-Vlaanderen sluit in dat er herhaaldelijk verwezen wordt naar de kulturele akties die ten voordele van dit bedreigde gebied van onze kultuurgemeenschap gevoerd worden. Een literair tijdschrift zoals wij dat kennen bestaat er in Zuid-Vlaanderen niet omdat alle krachten in de eerste plaats ingezet worden voor het behoud van de taal als uitdrukkingsvorm en van de kultuur als levensruimte.

In 1957 werd de noodzakelijkheid aanvoeld om, nadat een tijdschrift uit Zuid-Vlaanderen zelf en door Zuidvlamingen geleid, ook een tijdschrift te bezitten dat in Vlaanderen, Nederland en Zuid-Afrika de aandacht zou vestigen op dat cultuurprobleem dat alle Dietse landen aanbelangd omdat het tenslotte gaat om een deel van onze (hoewel reeds zeer verscheidene, maar toch éne) cultuur.

Toen het tijdschrift *Ons Erfdeel* van de pers kwam, met als ondertitel „kultureel tijdschrift voor Zuidvlaamse werking in Vlaams-Nederlands-Suidafrikaanse samenwerking” bleek het duidelijk dat dit nieuwe blad, dat binnen kort zijn vierde jaargang ingaat, zou streven voor een nauwere samenwerking tussen Vlaanderen-Nederland en Zuid-Afrika en dat daarbij Zuid-Vlaanderen niet zou uitgesloten, maar integendeel vooropgezet worden als bijzonder doel voor de kulturele aktie. In dit tijdschrift, dat alle aspecten van het kulturele leven wil belichten, worden geregeld (wij leggen daar bijzonderlijk de nadruk op omdat wij van ons onderwerp niet volledig willen afwijken) bekende dichters voorgesteld, zelfs met een Franse vertaling van hun werk, om aldus aan de Franssprekende Zuidvlamingen een beeld te geven van onze rijkdom op literair gebied. Maar dit is het hoofddoel niet van het tijdschrift. Uit Zuid-Vlaanderen zelf treden geregeld mensen aan het woord die door hun geschrift een daadwerkelijk bewijs geven dat er dient rekening gehouden met Zuid-Vlaanderen en dat, hoe bepaalde kultuurpessimisten het ook mogen verdraaien, het behoud van Zuid-Vlaanderen als volwaardig deel van onze kulturele gemeenschap een bewijs is van „onze” zelfbewustheid, waarde en rijkdom.

Deze beschouwingen over onze letterkunde in Zuid-Vlaanderen zullen wij niet met een profetische belofte van grootheid in de toekomst beëindigen. Besluiten evenwel, met een onwankelbaar *geloof* in die Zuidvlaming is belangwekkender en met de *hoop* dat iedereen, Zuid-Afrika, Vlaanderen en Nederland zijn verantwoordelijkheid zal opnemen t.o.v. Zuid-Vlaanderen dat met onze steun een volwaardige positie moet veroveren in Frankrijk. Dat moet de waarde van de Dietse cultuur over de wereld bevestigen.

Voetnoot: Inlichtingen over „Notre Flandre” en „Ons Arfdeel” kunnen bekomen worden bij de Suidafrikaanse redakteur van „Ons Erfdeel”: Lorenz Schultz, Pitcairnweg 1, Blairgowrie, Johannesburg.

Moeder

*Het kind dat ik gebleven ben ontbeert
nog menigmaal de moeder die het baarde
vandat het uit ervaring heeft geleerd
hoe geen haar ooit in zielskracht evenaarde.*

*Herinnering, hoogst zelden ongedeed
bezit van soms bedenkelijke waarde —:
wat heb ik op uw duurzaamheid geteerd
als later louter leed maar in me aardde.*

*De school was uit, we zaten op een bank
aan tafel, bij gemis aan gave stoelen.
De boterboer van huis, wat leut als drank.*

*Moeder, een wrijfpaal voor opstandig woelen,
heur blote armen walmend nog van loog,
deed opvallend vrolijk maar lachte droog.*

Vroege Bloei

*De perzikbomen staan weer t'eerst in bloei,
als trouwens ieder jaar. Alleen: mijn oog
placht schaars er op te letten tot dusver.*

*Zolang mijn dagen naar onnut gestoei
maar hunkerden en meden wat bewoog
bleef bevende bewondering me ver.*

Kringloop

*Het voorjaar lag te bonken op mijn huis.
Zal t'ooit van zijn baldadigheid genezen?
Buien, inmiddels, die, als nooit voordezen,
tamtam verkochten, zijn tot zacht gesuis
verstild, terwijl de bomen zich herpakten,
besproeid door binnenblaarse katarakten.*

*Mits nu de prompte zon zich niet ontziet
een dag of wat ordentelijk te stoven
staan wit-gekamizoodl weerom de hoven
als reeds in adams tijd moet zijn geschied*

Ontwarbare Verwarring

*Wat mij door God wordt aangedaan
dat neem ik zonder morren aan.
Wat mij van elders overkomt
soms laffelijk vermomd
kan weliswaar uitwendig me bezeren
doch raakt moreel niet eens mijn kouwe kleren.*

KORBAN:

Een Multimatum

*De maan stond met een dollar in haar mond
en in haar hals spon de nacht juwelen.*

*Hier is mijn kamer, mijn bed, mijn bekken.
Daar het argeloze raam
en in elke wolk hokt een God.*

Dit werd reeds gezegd.

*Paars van woede werpen zij de tafelen uiteen
en vreten het weke gerecht van onze wildste vogel,
de droom.*

*Nu beginnen wij: er was,
er is een koninklijke vertwijfeling
in alle wingewesten van mijn lichaam;
de valken vallen voorzichtig dood uit de torens,
de hengsten bijten zachtjesaan in het wassen gras,
kreten van slappe pages trillen in de kei van ons bloed.*

*Rokend van offers steeg de maan een dollar
in haar mond, in de buik van de nacht
nam ze een bad,
zo bang en bevend als ze was.*

WILLY SPILLEBEEN:

Existentie

*Overmoed: wind die de verten
opjaagt als gensters uit 't vuur.
Leven is wachten en wensen,
leven is duur —*

*Totdat de jaren belagen:
't zilver der berken wordt wit.
Dan pas aanvaardt men de dagen
als een verworven bezit.*

*Staande op beboste heuvel
herkent men de helling, het zand,
snuift men weemoedig de geuren
van het verouderde land.*

*Rust na de gloed van de zomers,
moehheid — de glimlach is schroom . . .
Dalen dan naar de zomen
van de allerlaatste droom.*

Het Woord

*Het Woord hangt aan 't lichaam gekruisigd:
zijn angst voelt het beviezend bloed —
zweetzeer dat mij geheel doorhuivert,
lijflijke pijn — ik moet gedoemd*

*Zo in mijn halfheid gans verbijsterd,
terwijl 'k de nacht met 't lichaam proef,
smaken de zoutkristallen duister
en tranenblind zijn en verdroefd.*

*Zo in mijn halfheid gans verbijsterd,
huil ik het uit, doorbijt een dood-
strijd radeloos in 't dikke duister
dat werkelijkheid ver overtroeft.*

*Want de dood van het Woord is ijslijk.
Ik sta alleen . . . machteloos . . . gedoemd . . .
ik die Zijn dood blind en vertwijfeld
tot in mijn woorden schrijvend proef.*

Vrouw

*De vrouw is lichaam van licht
bewogen schoonheid en hoge zomer
duizlende diepte speels evenwicht
moedergrond vlinderend lover.*

*Haar bloed is schreeuwende honger
in nachten verhoogde menselijkheid.
Overal bloeit dan het lokkend donker:
bloemborsten schokken op uit het slijk.*

*Gloed schroeit en stilte beklemmt en
geloof wordt voor 't leven ontwaard.
Maar bronstig verlangen roept verre
echo's wakker van angst.*

*Passies zich staaplend tot Babel —
Wij gloeien — beide daimoon of god? —
mateloos als de zon bij avond
voor ze op de horizon stort.*

*Later van elkaar weggewenteld —
Hongrig de nacht als een open graf.
Eenzaamheid — o hoeveel enger
't eenmaal zo ruimtelijk hart.*

*Nacht gij smaakt wrang. Met gesloten ogen
tast ik naast mij de slapende vrouw.
Mijn dromen bevolken donkre demonen —
man zijn maakt moe en oud.*

ANDRIES SNYMAN:

Die Laaste Dag

Toe het hy dié more vroeg opgestaan, stil en suutjies by sy stroois uitgekruip en die wit as in die vuurkonka loop uitgooi. Rondom hom het die lokasie nog geslaap en nêrens was daar 'n teken van lewe nie. Ou Jonas was bly, want noudat dié dag eindelijk aangebreek het, noudat die laaste skof voor hom lê, wil hy liever alleen wees; sy mense sal dit tog nie verstaan nie, niemand sal dit verstaan nie. Ná vandag sal hy saam met die oudstes van die lokasie die een skepgraaf vol ou daggies wat daar nog oor is, agter die kleimuur van die strooise in die sonnetjie sit en rook totdat die Groot Baas hulle kom haal vir die „lang” tjaila.

So vlam dit in sy gedagtes terwyl hy gebukkend en half sku tussen die sluimerende hutte deurskuifel. Hy voel die koel, klam gras onder sy voete; die reënvars luggie in sy neusgate en dis kompleet asof die krag opnuut in sy verkalste aarpype opbruis. Só wil hy altyd voel, wil hy weet dat die lewe nog sterk in hom sit.

Maar hoe lank is dit nie nou al dat hy elke aand daardie stekende pyne êrens in sy lyf voel vasskop nie, dat hy ure in die duisternis van sy stroois lê en steun, totdat die wit pyn hom verlaat en hy dan suf in 'n rustelose slaap wegdommel nie. 'n Paar maal het hy 'n dag of twee van die kleim af weggebly, gehoop dat die rus die pyne sal verdryf, maar na enkele dae was dit weer daar: dringender en skerper as ooit te vore.

Met die dae het sy baard witter om sy ken gepol, sy liggaam het weggekrimp en verval tot 'n gyna vleislose gebeente, net sy vel het nog voos en taai om sy gesig en arms bly sit en sy skurwe hande het nog vir niks verkeerd gestaan nie . . .

Voor sy stroois het hy later 'n draggie houtsplinters en droë miskoeke, wat hy hier en daar tussen die hutte versamel het, laat val en toe die konka binnekant gaan neersit. Hy sal maar gou vir hom 'n bietjie pap aanroer, want netnou sal die strooise hier rondom hom begin ontwaak en dan wil hy al by die kleim wees. Toe hy weer buite kom het sy dowwe oë die oosterkim se lig gemeet, die fynste sterre het al begin skaam word, maar die nag het nog heel daar gesit.

In die stroois het hy 'n vuurhoutjie in die konka aan-geblaas, die papwater opgesit en toe dig teen die gloeiende

hitte neergehurk met sy hande bak na voor sodat die malende rookborrels nie sy oë kon bykry nie.

Lank het hy daar in die ronde stroois met sy swart gerookte mure en sinkdak gesit. Agter hom het 'n paar dun haarkomberse verfrommel gelê, so asof 'n rustelose mens daarin geslaap het. Die misvloer is al lankal deurgetrap en nou hang daar gedurig 'n stofdamp in die lug, bedompig en kurkdroog, maar ou Jonas is dit al gewoon en vanmore steur hy hom allemins daaraan, want sy liggaam voel seer en gekneus van die min slaap, van die baie gedagtes wat sommerso oornag in sy kop kom nesmaak het. En tog het hy dit nie probeer verjaag of dooddruk nie, want hulle was daar, dáár waar hy hulle nie kón bykom nie.

Dis die groot seer hier binnekant hom, wat oop sit soos 'n eelt in jou hand en skaaf of seerkry net waar jy aan iets vat. En dis nou al 'n week dat hy hom hier binne voel. Van daardie oomblik af toe baas Peet laas week aan hom gesê het dat hy, ou Jonas, nog net hierdie week hoef te werk, het hy die bitterheid elke dag sterker in hom voel opspring. Hoekom moet baas Peet nou so maak, nou op sy oudag en ná al die baie jare wat hulle saam gewerk het? Hy kan mos nog grewwel loskap of „dommie”-stoot, of waarom laat die baas hom nie in ou Jim se plek masjien draai nie? Dié moes die baas lankal laat loop het.

Masjiendraai?

Ou Jonas se oë het skielik begin traan van die rook en hy het effens versit.

Sal sy rug dit hou as hy van die more tot die aand daar moet staan en slinger draai? Nee, dan maar liever grewwelkap en emmerlaai. Dit hou sy lyf warm en die pyn bly dan weg.

So het sy gedagtes aan hierdie dinge getorring terwyl hy kort-kort met sy hande die rooktoue in sy gesig weg-gewaaï het. Die pap was naderhand styf gekook en gaar. Toe het hy die blou emmertjie aan 'n spyker teen die muur afgehaal en die warm pap versigtig daarin oorgeskep. Miskien kan hy maar solank kleim toe gaan en die pikke en grawe uit die gat gaan haal sodat hulle sommer kan inval as baas Peet daar aankom.

Buitekant het die eerste sonstrepe die skemerte weg-geryp en die blinkdag oor die wêreld gesif.

'n Hoenderhaan het op sy tone gerek en die more oop-geskree.

Toe het 'n strooisdeur oopgeknars en oomblikke later het iemand by 'n watertenk geraas. Die lokasie het wakker-geskrik. Orals het stemme en geluide losgebreek, tussen

die hutte deurgeswenk en êrens op een bondel verstrik geraak.

Met die kosemmertjie in sy hand het Jonas die klein deurtjie agter hom togetrek en die beespaadjie gevat wat kleim toe streep. Noudat die dag begin vlamvat, lê die stofrante en gruishope gesaai oor die vlaktes. Ou Jonas ken hierdie wêreld, ken dit so goed soos die misvloer van sy kaia; elke gat en gruishoop is voor sy oë omgedowwel, uitgewerk totdat die hele aarde se binnegoed omgekeer was. Jare lank is dit nou al dat die „kryns” en „dommies” hier woel: van soggens dou voor dag tot saans laat, van Maandag tot Vrydag. En dit was eers toe die grond „uitgediek” begin raak het, dat baie hulle goedjies opgelaaï en die plek vir goed verlaat het. Maar baas Peet het hier gebly en hy, Jonas, het soos ’n goeie brak op sy baas se spore gehou. Daardie dae was dit net hulle twee. Baas Peet het g’n stuk „kryn” of masjien gehad nie en hulle moes maar handwas maak. Vir hoeveel maande het dit nie so aangehou nie? Het hy, Jonas, nie alleen grond losgekap, dommiegestoot en self die siwwe gewas nie? Baas Peet kon maar net „sort”. Hy onthou nog goed die dag toe hulle die eerste bulsteen in die „koringrief” gekry het. Baas Peet het soos ’n kind gelag, sy dubbelraamfiets geskraap en huis toe gejaag. Daardie dag het die dommie stilgestaan en het ou Jonas nie weer sy hand aan ’n graaf gesit nie. Maar die volgende more was daar ses nuwe boois wat saam met hom ingeval het en nog ’n paar dae later het daar ’n handkraan langs die koringgat gestaan. Van toé af het die diekersbloed in sy lyf kom sit en was dit byna asof sy hart die grond geword het wat hy elke dag uit die diep, klam walle losgepik het. Dwarsdeur al die jare het hy saam met sy baas die een gat na die ander uitgekwalwe. Saam-saam het hulle baard en hare doodgeryp, wit geword totdat syne later kolle-kolle begin uitval het; en dis toe dat die groot vuur in hom begin klein word het en nou al amper uitgebrand is . . .

„More, Baas . . . ” Jonas se stem was vaag en onseker, hy het die baas nie nou al hier verwag nie.

„More my Oudste! Maar jy’s vroeg va’more. Ek het gedink dat die baie reëns van gister en eergister jou in die bed gaan hou.”

„Nee, Oubaas . . . mos vandag hy is die laste dan . . . Hoe sal ek nou wegbly?”

„Gociste, ou Jonas! Dit het ek skoon vergeet. Maar jy moes liever nog by die huis gebly het, kyk hoe nat is die wêreld en óns oues kap mos sommer om as die nattigheid

in jou rug optrek. Jy lyk reeds nie vir my gesond nie . . . ” en dan skielik is dit of Peet Janse se woorde plek-plek breek wanneer hy half tot homself voortgaan:

„ . . . daarom het ek gedink dat dit beter sal wees as jy nou maar ophou werk, voordat die ou rug jou netnou miskien vir goed plattrek . . . Hier is baie ander jong volk wat ek kan inspan . . . ”

„Oubaas . . . !”

Sy hart het seer en stukkend binne hom geskop; maar sy oë het voortgekyk na waar die rante witpens in die son lê; hy wou nie hê dat sy baas die verdriet uit sy oë moet sien stroom nie, die blink korrels tussen sy baard sien sit nie.

„Ons het darem ’n lang stuk pad saamgeloop, my Oudste, jy en ek . . . Die ander manne wat saam met ons begin het, lê nou al byna almal onder die aarde; dis nog net ons twee. Maar ek sal ook nie meer lank aanhou nie . . . ”

Ou Jonas het om die hyskraan gestap en dig naby die delfgat se wal loop staan. Daar het hy die dik modderplasse onder op die bodem sien lê, en hy het spyt gevoel, want dit is hierdie klam, nat grond wat in die nag aan sy rug lê en vreet, wat met blinde messteekpyne die bietjie lewe uit hom wil wurg. Maar dan gewaar hy die diep barste wat onder sy voete na die punt van die wal toe loop. Hy ken dit goed: Dis die swaar reëns wat so maak en hierdie walle stort maklik in.

Agter hom het die hyskraan se enjin skielik begin dreun en hy het stadig omgedraai en koers gekies, al met die wal langs tot by die uitgeholde vastrapplekke waarmee hy in die gat afklim. Eers hier in die maag van die aarde het hy weer die ou drif in hom voel opspring, die mooiste blydschap geken wat hom al hoeka aan die grond vasgebind het. Hy het deur die bruin modder geplas en na waar die grawe en pikke op ’n hoop gelê het.

Toe het die eerste leë emmer aan die hyskraantou die gat af katrol en ou Jonas het dit vasgegryp en neergedwing waar hy dit kon laai.

Die dag se werk was in volle swang.

Maar ou Jonas het geweet dat hierdie somerdae se groei lank en stadig was, daarom het hy nog soos gewoonlik op sy tyd gewerk. Vir elke drie emmers wat die manne langs hom volgemaak het, het hy sy een aan die hyskraantou gehaak. Net eenkeer het hy gedink dat dit miskien die rede kan wees waarom baas Peet hom nie meer hier wil hê nie. Maar nee, dan sou die baas hom tog nie sommerso

voor almal in die pad gesteeek het daardie Vrydagaand nie.

Daardie aand!

Sy lyf het ineens regop geruk en hy het oomblikke lank versonke op die piksteel geleun.

Hulle het hom daarvoor gespot, sy siel uitgetrek en hom verpes — hulle wie se pa's nog bokke opgepas het toe hy al jare vir baas Peet „gravel” uitgegrou het.

Driftig het sy verknoetste hande die gladde, blink steel weer vasgegryp en hy het opnuut begin kap, aangehou met kap totdat 'n groot hoop kleigrond naderhand voor hom gelê het. Toe het hy begin skep en laai, maar die grond was kleierig en taai en het aanhoudend aan die graafblad vasgeklou, sodat hy dit kort-kort met 'n stuk vuurklip moes afskuur, om dan maar weer te skep en te laai.

So woel hy die ure om:

Skep, laai — skep, laai — skep, laai . . . Kap . . .

Met etenstyd het hy traag en moeg agter die ander uit die gat geklim en toe eenkant op 'n rofhoop gaan sit waar hy die koue pap in sy blikemmertjie met die hand uitgeëet het.

„Ou Jonas!”

Peet Janse se swaar skoene het hard op die fyn klippers gekners toe hy 'n endjie onderkant ou Jonas teen die rofhoop gaan staan.

„ . . . my, ou jong, jy kan nou maar tjaila en huis toe gaan as jy wil. Vanmore was 'n kwaai skof en ek dink jy moet maar liewer nou gaan rus, ons sal regkom hierso . . . Vanaand kan jy jou geld saam met die ander kom haal en ek sal jou in elk geval vol betaal vir vandag . . . ”

Ou Jonas se skimmel-wit kop het half sku opgeruk, maar toe het hy dit weer vinnig op sy bors laat sak. Sy hand het hier voor hom in die emmertjie gebewe, geskud, sodat hy naderhand 'n stuk pap gegryp en gedruk het totdat die wit stringe deur sy maer vingers uitpeul.

„A-a-o-u-baas, samblief, Oubaas . . . ”

Dit was al en toe het hy probeer lag, maar hy kon nie, want in sy hart . . . vreeslik seer . . .

Van toe af het die eelt in sy binneste 'n blaar geword, 'n blaar wat later stukkend geskaaf het.

Hoe sal baas Peet dan nou verstaan dat hy nie wil weggaan nie, dat sy ou hart hier in die grond vasgemaak is en dat hy hier móét bly. Hy ken mos die taal van sy hart.

Elke graafvol wat hy die middag gelaai het, het die koors in hom gejaag. Kort-kort het sy oë na die sonpad gemeet,

gegryp na die ure wat nog voorgelê het; maar hulle het kleiner en minder geword, totdat die lang skaduwees van die oorkantste wal skielik oor hom gerek en die son uit sy gesig weggeval het. Toe het hy geweet dat baas Peet netnou hier bokant hulle sal gaan staan en skree dat hulle maar kan tjaila.

Die sweet het warm en taai aan sy lyf gesit en sy lippe het gevlam van die dors, maar hy wou nog die stuk „gravelrief” uittonnel voordat hulle vanaand tjaila. Hy het lankal nie meer gelaai nie, net maar gekap en aangehou met kap. Bokant hom het fyn klippers teen die wal afgerol, al meer en meer. Hy het die betekenis daarvan geken, geweet wát kan gebeur, maar tog het hy hom nie daaraan gesteur nie en met elke kap groot happe uit die wal geruk. Sy liggaam was moeg, moeg tot die dood toe en 'n vreemde spikkeldonkerte het met kort tussenposes oor hom geval . . .

Die een oomblik nog het hy met swaaiende arms gestaan en kap, byna roekeloos gekap, en die volgende het een van die manne agter hom gegil, so hard gegil dat die pik met 'n dowwe slag uit ou Jonas se hande geval het; hy het verwilderd omgeswaai en was net betyds om die drie manne, wat saam met hom in die gat was, teen die oorkantste wal te sien uitklouter. Toe het hy opgekyk en in één oogopslag het sy oë wild verstar, 'n skreeu-snik het op sy droë lippe gebreek en sy bene het soos kluite onder hom padgegee.

Die wal!

Die hele, massiewe stuk grondwal het soos 'n vallende berg op hom neergestort.

Peet Janse het van die sorteertafel af aangehardloop gekom waar hy besig was om die laaste sif van die dag te sorteer, op die rand van die gat het hy vasgesteek. Hy het byna in die malende stofwolk verstik.

„Jim! Madala! Swartbooi! Waar's julle? Wie was almal onder in die gat? Ou Jonas, waar's hy?”

Dit het lang sekondes geduur voordat die verskrikte klomp naturelle eers behoorlik tot verhaal gekom het.

„Dis ou Jonas, Baas,” het Madala half deurmekaar beduie, „hy is nog daar. Ek het die wal sien kom en ons het gehardloop, maar Jonas hy was daar, daar reg onnerkant die wal, Baas.”

Veel later.

„Jonas!”

Peet Janse se lippe het skaars geroer en toe het hy stil omgedraai na die ander wat nog steeds verslae daar gestaan het.

„Madala, ons sal nie vanaand tjaila voordat ons hom gekry het nie.”

Hulle het niks gesê nie, want hulle het verstaan, gewéét dat dit so moet wees.

Ou Jonas sou nooit saam met die oudstes van die lokasie op die laaste skof kon gaan nie, want daardie Vrydag-agtermiddag het die lang tjaila van die Grootbaas begin.

By die Jongeres

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk publiseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief.)

MARIA:

My Lente

*Die dae het lig geword
en blou en teer, soos dun chiffon,
om bloeiseltrossies gedrapeer.*

*My spieëlbeeld was so 'n blank
en skugter vorm,
om lig, waar blou-reën wasig rank
en bloedrooi botsels uitgelate lok,
soos wynglasies se klank . . .*

*Nog skoner is die lentebeeld
binne die prag en golwingslyn,
waar eerste somerdrag nog net
in sluimeringe, warm-trillend,
verruklik kom verskyn . . .*

My Fuga

*Die baie lig wat slikkerdans
en digter kring om skaduklonte;
Die blink-diep silhoeëtte-krans
wat oor my oewergrense glans . . .*

*Ek luister peinsende-verward:
Wie ken die vleggende melodieë van
die vreemde FUGA van my hart . . .?*

Loutering

*Die dunste snaar was blink en styf
en delikaat gestem in hierdie nag
van smart en vreugdevolle drag
wat groot, maar ongebore in my wag —
dat stil gebede kristaleer
tot pèrelweelde,
teen lanservlakke naak en seer . . .*

Dit was 'n grensloosheid, 'n nag
met ure buitisaam, los geryg
aan drade van die ewigheid . . .
Jou gees was warm-slap van baie brei,
(want van die diep, ryk aarde
is jou klei . .)

Binne die skugter honger van my hand
het ek opeens verruklik wáár
die sterker buiging van jou klei
voel vorm, tot 'n wierrookkruik
waarom my swakke hande ewig sluit . . .

My Dood

Jy is die laaste punt
in al ons draers van die stof
se droewe eenbedryf . . .

Jy wat deel van die vreugdelas —
in later smartverwonge uur
my nageboorte was . . .
En nou my dae speels kom ryg
aan jou onsigb're draad;
tot dit skielik skokkend sigbaar breek
oor my wil doodsgelaat . . .

Sondvloed

My veertig dae en stormnagte
het ek bang in my ark alleen
geluister na 'n vreemde reën
terwyl ek ween . . .

My skone duif het vër geswerf;
'n eensame fladdering van wit
bo bruin en swart en vuil geskuim
'wyl ek klein bid . . .

En nou die innig-tere band
'n groen olyfstak op my hand . . .?

MIRDA:

Terug

My vriend,
draai om en kyk —
kyk terug
na die jare verby.
Dit is soos gister nog
Toe ons gespeel het:

troue en begrafnis
 en menig traan gestort het
 op 'n tamatiekis.
 En nou dat dit verby is,
 hoe teenstrydig tog —
 wil ons terugkeer
 na waar ons nimmer mog.
 Ons wens van gister nog:
 'n Grootmens
 met al die begeerlikhede
 wat 'n kinderhart na smag.
 En nou?
 Dit is verby ja,
 so snel,
 net iets om te bepeins
 met die sware stryd
 voor ons,
 sonder om terug te deins.

L. S. SENGHOR:

Ek het vir jou 'n lied gespin

(vir twee fluite)

Ek het vir jou 'n lied gespin, soet soos die middagkoer
 van die duif
 En my driesnarige khalam het my dun begelei.
 Ek het vir jou 'n lied geweef en jy het my nie gehoor nie.
 Ek het wilde blomme na jou uitgestoek waarin daar 'n wasem
 van geheimenis was soos
 in die oë van die towenaar
 En jou ontluiking was so ryk soos die skemering by Sangomar.
 Ek het jou my wilde blomme gereik.
 Sal jy hulle laat verwelk
 Terwyl jy met die vlieë van eendag speel?
 (Vertaal deur D. Botes)

H. A. PRINS:

Angs

*Winteraande worstel by 'n flikkerkers;
worstel met die wye woord,
flikkerskadus oor die letters dans;
worstel met die duister vers.*

*Bedags sny
skerp winde oor die wêreld;
Snags woed
die angs steeds in my.*

*Die angs, dag na dag,
dat agter, wasig ver,
verby die maan, venus
en nog 'n ster,
die smeltkroes op my wag.*

Tweede Sessie

*Die laaste note skal.
Ons dam en skuim
die sydeur uit.
'n Kind gly lomp en val.*

*Die stroom vertak
en vloei dan weg;
net stilte bly
van dak tot dak.*

M. J. PRINS:

Reëndruppels

*Here, U het ons geskape,
Teer en gloedvol het U hand
oor ons gegly waar U, fronsend
by die helder lig van U genade,
bukkend oor ons toerheid was.
Nou tuur ons deur die glas
van oomblikke soos hierdie
vanuit 'n donker, koue land,
nou ween ons teen die ruit
vergeefs ons skrynend' droefheid uit.*

Oor Boeke

WIESE, J. D.: *37 JAAR OP DIE BOTTERPAD*; Afrikaanse Pers, Johannesburg. Prys 13/9 pos-vry.

Dit is 'n vertelling wat eintlik 'n nabetrugting oor 'n lewe en 'n loopbaan word. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse suiwelbedryf word op onderhoudende wyse beskryf. Sedert Annatjie die Boerin aan die Kaap botter gemaak het, tot vandag se groot botterfabrieke, het baie melk in die karringvate gevloei. Die vertelling eindig met die woorde: „Lank lewe haar majesteit die melkkoel!!”

P.vanT.

DE MOOR, SIMON: *ALL LENGTH IS TORTURE*, Shakespeare's Tragedies; A. A. Balkema, Amsterdam - Kaapstad, 1960. 113 Bladsye; 15/-.

Om vandag 'n beduidende hydrae tot die Shakespeare-wetenskap te lewer moet die navorser oor 'n fyn-geordende speurvernuif, 'n ruime kennis van die agtergrond en „klimaat” van die 16e en 17e eeuse Engelse literatuur en — les bes — 'n logiese en pakkende styl beskik. Die groot modelle van A. C. Bradley, E. K. Chambers, J. Dover Wilson, Arthur Quiller-Couch en 'n ganse heerskare van kritici en kommentators het 'n baie opsigte standarde gestel wat nie maklik oortref kan word nie.

Mnr. De Moor se doel is klaarblyklik nie om 'n nuwe bydrae tot die Shakespeare-kennis te lewer nie. Sy werk is hoogstens 'n baie geesdriftige en besonder subjektiewe kommentaar op aspekte van die tragedies wat hom interesseer. Ongelukkig is dit nie mooi duidelik wat hierdie aspek-

te is nie. Dit lyk aanvanklik asof hy 'n psigologiessensoriese eksegese van Shakespeare se werk beoog, want hy wei breedvoerig uit oor „the meaning of perception,” „consciousness,” „reality and unreality” en dergelyke begrippe.

Maar ongelukkig is daar in die beskouings 'n opvallende gebrek aan orde en logika en die ontwikkeling van die skrywer se argument word deur oordadige aanhalings in die wiele gery. Bladsy 37 uit die hoofstuk oor „Macbeth” is tipies: die skrywer begin met retoriese uitroepe en aanhalings uit „King Richard III,” „King John,” „Othello” e.a. stukke, voor hy tot 'n verwarrende ontleding van Macbeth se boosheid kom, deurspek van vrae, eksklamasies en opstapelings in dié trant: „The escape into objectivity is the worst treachery towards our genius poet! What else should he express, but his own life's struggle, ecstasies, disillusions, achievements, failures, betrayals, victories, surpassing those of us, average men, ever so little, but that littleness carries for us a halo of wondrousness . . . Any artist is ambitious, the greater the artist, the greater his ambition! Behold the work of the Greek poets, the Aztec sculptors, Dante, Michel Angelo, Leonardo da Vinci, Titian, Rembrandt! Is their ambition not one of the driving forces of their creative energy?”

Ek is bevrees dat die skrywer sy hoë doel nie bereik het nie: „. . . our interpretation accomplishes at least the synthesis of a personality, the creative genius, instead of minimizing, clouding

it, by a haphazard, piecemeal, pigeon-holing presentation . . ." (9). Die leser se indruk is juis dat die verwerking van die materiaal baie „haphazard” voorkom, 'n indruk waartoe die inkantasie-styl met sy retoriese uitroepe, opstapelings-effekte en iteratiewe konstruksies baie bydra. Wanneer daar wêl sprake is van 'n minder troebele redeneertrant, wanneer daar 'n skyn van logika in die bewysvoering begin voorkom, word 'n enkele hoofstuk wêl prikkelend en open dit 'n paar nuwe gesigspunte, soos die een oor „King Lear.”

Maar die eienaardige stelwyse met sy paradokse en veralgemenings skrik die leser af. Uitsprake soos die volgende kom byna op elke bladsy voor: „Little and much is said about the cause or causes . . ." (15); „a numberless number of methods can be chosen . . ." (7); „Irreconcilable irrationalities tune together harmoniously . . ." (9); „Othello is an unbelievable but real character” (36); „Anthony is autobiography, so is Timon, Cordelia, Lady Maebeth, Edmund . . ." (8); „Aristotle's maxim, that art is an imitation of life, is essentially wrong” (9); „Great sculpture, music, poetry, are dangerous occupations . . ." (22), ens. En die talle drukfoute — desparately, dramatically, Elisabethan, irresistible, independant, fulfill, e.d.m. — skend 'n boek wat origins sierlik en smaakvol uitgegee is.

ERNST VAN HEERDEN.

SMITH, TOPSY: *HENDRIK HOFMANN, HOOPREFEK.*
Afrikaanse Pers, Johannesburg. Prys 13/3 posvry.
Dit is die gewone soort verhaal

vir hoërskoolkinders: 'n held wat in alles uitblink, grapmakers wat hulle maats suur druiwe laat ondervind, onderwysers wat lam en blind en onnosel is, en dies meer.

Dat die taaalgebruik op 'n dergelike vlak moet gaan staan, is darem onnodig. 'n Mens hoef maar op die volgende voorbeelde te let: „Ons gaan vir die lopies, ouens,” (p.4) en op bladsy 6 lees ons: „. . . en die meerderheid by verre,” en weer op bladsy 7: „. . . Hendrik woon op die dorp . . .” ensovoorts. Dan is die drukfoute ook nog daar, soos bv. op bladsy 16: „Die rool balletjie.” Hier is 'n konstruksie wat 'n dat minder kon gehad het: „Hy besef dat as hulle heelagter die bal gaan uitskop dat die eindfluitjie gaan blaas,” (p.150). 'n Dergelike lelikerd van die styl is: „Hendrik en Kallie loop nou ook en luister na die twee outjies wat so lekker loop en gesels,” (p.28). Hier is 'n stukkie houtेरige koerantstyl: „. . . en somer die eerste seisoen het ons al groot sukses behaal en 'n hele klomp van die gevestigde Kaapse klubs die loef afgesteek,” (p.36). Dan lees ons elders weer: „Hendrik vind (bevind) hom nou langs Linda en Swart Koos . . .” (p.42, hakies van skrywer hiervan). Op bladsy 44 skop Hendrik na 'n graspol op die teerblad.

Daar is baie ander taalvergye in die boek. Dit is jammer dat seuns en dogters 'n boek met sodanige swak taalgebruik iewers in die hande sal kry!

T.deW.

MARAIS, EUGENE: *DWAALSTORIES.* Human en Rousseau, Kaapstad, 1959.

Dit is 'n afsonderlike uitgawe van Marais se bekende verhale uit die inboorling-folklore, wat eintlik herskeppinge van oorspronklike mondelinge verhale is. Hierdie dwaalstories was op hulle beurt dan die inspirasie vir Konterdans se lied en Nampti se twee liedjies wat opgeneem is in Marais se *Versamelde Gedigte*.

Die verhale is sprokiesagtig, vereen die bo-natuurlike en die werklikheid op naïewe wyse, soos dit in die gees van die verteller bestaan het, en die suggestie en personifikasie speel 'n vername rol in die verhaalelement.

Marais se hele hartseer is in hierdie verhale gegiet: die eensaamheid van die townares wat nie die gewone stamlewe mag deelagtig wees nie, die hartseer van Nampti, die klein verstoteling, die doodsangs van Riet-alleen.

'n Mens word bekoor deur die mooi taal waarin hierdie verhale geskryf is; die taalgebruik is as't ware op 'n mineurtoon ingestel, en klein dingetjies word hoofsaaklik uitgebeeld, soos die koestertjie en die meidjie, die bokkies, e.d.m. — klein dingetjies uit 'n eenvoudige denklewe wat tog groot tragiek inhou.

Hierdie bundeltjie is waardevol omdat dit ineens van Marais se mooiste prosa én poësie bevat.

C.W.H.

MARÉ, CORNÉ: *UIT RUWE AARDE*. Afrikaanse Pers, Johannesburg. Prys 15/3 posvry.

Die skrywer van hierdie roman het 'n ernstige poging aangewend om 'n goeie roman te lewer, en miskien juis daarom nie daarin geslaag nie, want die werk is te opsetlik, hier en daar styf en soms selfs mank.

Op die heel eerste bladsy kom daar 18 verkleinwoorde voor, waaronder: bodeurtjie, skreegeluidjie, deurtjie, kosyntjie, klompie, spinnekoppie, hoekie, voorslagriempie, en andere. Dit wek 'n patetiese styltjie. Later verbeter hierdie saak.

Ons het hier 'n realisme á la Van Blerk. Die lelike is gesog en word beklemtoon, oordryf.

Die karakters bly onoortuigend, moontlik deurdat hulle dikwels 'n onnatuurlike dialoog in die mond gelê word in 'n bepaalde situasie.

In die verhaal is 'n aantal konstruksiefoute wat hinder: Jana is sommer skielik, feitlik sonder motivering getroud en weg van die plaasomgewing af; die hoender word as geneesmiddel aanvaar, nie alleen in die volksgeloof van die plaasmense nie (kyk p.87) maar blykbaar deur die skrywer self ook: „Elke keer wanneer sy dit verwyder het, was die rou vleis wit gebrand, soos die hoender die kwaad uit die longe getrek het.” Op bladsy 155 word daar van die duisternis rondom Bet melding gemaak, maar dan *vonkel* die trane oor haar wange. Ten slotte: die menslike oog blink nie in die donker soos dié van 'n wildsbok as 'n sterk lig daarin skyn nie.

In aansluiting by die voorgaande, moet 'n mens beswaar maak teen die dralende gang van die verhaalelement as sodanig. Daar is te veel eenselwigheid van karakter en van omgewing, weliswaar 'n omgewing wat nog nie voorheen in 'n Afrikaanse roman beskryf is nie — miskien daarom dat dit 'n „afgesonderde gemeenskap” in die omslagreklame genoem word, maar dis

'n volslae eufemisme. Nog 'n semantiese dwaling op die omslagreklame is die woord: „verdienstelike” waar dit toegepas word op die gehalte van dié roman.

T.deW.

EYBERS, ELISABETH: *DIE OS EN DIE ESEL VAN DIE KRIP*. 'n Vertaling van Jules Supervielle se „Le Boeuf et L'âne de la Crèche.” Human en Rousseau, Kaapstad, 1959. Prys 8/-.

Vóór die verskyning van hierdie werk het daar reeds 'n Afrikaanse vertaling van Supervielle se verhaal in die sesde boekdeel van die reeks „Wêreldletterkunde” (uitgegee deur die Kinder-kultuurvereniging) bestaan. Dit is dus om dié rede interessant om die twee vertalings te vergelyk (as hierdie „odiousness” 'n mens vergewe sal word), en om dusdoende te let op die verskynsel *vertaalkuns*.

Die eerste paar reëls van Elisabeth Eybers se vertaling:

„Op pad na Bethlehem het die esel, gelei deur Josef, die Maagd gedra: sy het min geweeg, daar sy met niks behalwe die toekoms in haar vervul was nie.

Die os het allenig agternage-stap.

Toe hulle in die dorp aankom, het die reisigers 'n verlate stal binnegegaan en het Josef dadelik aan die werk gesprong.”

Dieselfde gedeelte in die ander vertaling:

„Op pad na Bethlehem het die esel, wat deur Josef gelei is, Maria gedra. Sy het maar min geweeg, want sy was net besig met die toekoms in haar.

Die os het heeltemal alleen gevolg.

Toe hulle by die dorp aankom, het die reisigers in 'n verlate stal hul intrek geneem en Josef het dadelik aan die werk gesprong.”

Ons merk dat die Eybers-vertaling nie alleen vlotter lees nie, omdat dit 'n bepaalde ritme inhou nie, maar omdat dit 'n noukeurige woordkeuse handhaaf wat die werklikheid ('n wesens-trek van die hele verhaal) as't ware vaspen.

In plaas van die pedantiese „hul intrek geneem” het Elisabeth Eybers vertaal „binnegegaan,” wat 'n werklike handeling weergee, en nie soos 'n koerantberig klink nie. In plaas van die bekende, feitlik alle-daagse eienaam „Maria” skryf die vertaalster „die Maagd,” wat die persoon distansieer, bonatuurlik maak, 'n byna mitiese assosiasie by die leser wek, volkome getrou aan die gevoelsagtergrond in verband met die geboorte van Christus. In die sin: „Die os het allenig agternage-stap,” weet die leser dat die groepie, nl. die Maagd en Josef en die esel vóór die os loop, en dat hy by hulle hoort; die os bly deurgaans 'n rondagtige, dog simpatieke toeskouer. Hy staan geensins los van die groepie nie, soos die vertaling „Die os het heeltemal alleen gevolg,” miskien wil voorgee nie. Lees mens die verhaal verder, besef jy terdeë dat laasgenoemde vertaling semanties gesproke misleidend is.

Interessant is die gebruik van die twee verskillende voorsetsels *by* en *in* waar hulle betrek word by die aankoms in Bethlehem. Die voorsetsel *in* (Eybers-vertaling) plaas die leser binne in die hartjie van die dorpie, en daarmee die groepie en die verhaal, maar *by die dorp* hou die

hele benadering effens apart.

In die Eybers-vertaling lees ons „en *het* Josef dadelik aan die werk gesprings.” In die ander vertaling staan daar „en Josef het dadelik aan die werk gesprings.” Die inversie in die eersgenoemde sin bring mee dat die sin dadelik gestileerd is teenoor die ander gewone stelling. Gewoonlik verg *en* as voegwoord normale woordorde, maar juis omdat dit omgekeer word, maak dit die werking van Josef des te dringender, betekenisvoller.

Verder is „niks behalwe” ’n fyner weergawe van die enkelvoudigheid van Maria se gedagtes as „net met” in die eerste sin.

Sonder om verder op die vergelyking in te gaan, is dit duidelik dat die Eybers-vertaling die leser in die kern van die verhaal van Supervielle plaas, die taal is ’n hegte omhulsel van die gedagte, maar die ander vertaling, wat eerder ’n utiliteitsvertaling as ’n kunsvertaling is, hou die leser op ’n afstand. Ons het dan in die Eybers-vertaling ’n fyn benadering van die delikate skakeringe van woord en gedagte van hierdie verhaal se werklike onwerklikhede, sy eienskap van surrealisme, ’n wesenstrek wat nie verlore mag raak in die vertaalde weergawe nie.

Dit sou voorbarig wees om op die baie fasette van die werk as oorspronklike kunswerk in te gaan: die satire, die beelding van die bo-natuurlike werklikheid, die ironie, die humor; dit is reeds deur die kenners van Supervielle gedoen. Dat hierdie werk dan ook in al sy fasette soos ’n diamant skitter, in sy vertaalde gestalte, bring eer aan die vertaalster. Elisabeth Eybers se vertaling is ’n verruimende by-

drae tot ons skrale oes vertaalkuns in Afrikaans.

Die oopmaak van die vensters om ’n uitsig te gee oor en ’n insae in die letterkunde van Wes-Europa, herinner ’n mens aan die gedagte van C. M. van den Heever in dié verband: „Niemand is so dwaas om wêreldtale en wêreldletterkundes te verontagsaam nie, en veral goeie vertalings is onmisbaar” (DELWER EN SIF, p.68).

C.W.H.

COETZEE, ABEL: *DIE AFRIKAANSE VOLKSKULTUUR.*

A. A. Balkema, Kaapstad, 1960. (Tweede Druk.)

Dit is uiters verblydend dat hierdie standaardwerk oor die Afrikaanse volkskunde binne so ’n kort bestek reeds ’n tweede druk beleef het. Dit is noodsaaklik dat daar in ons land ’n lewende belangstelling vir die Afrikaanse volkskultuur moet wees.

Met hierdie werk word professor Abel Coetzee die vernaamste gesaghebbende hier ten lande oor die Afrikaanse volkslewe in al sy vertakkinge. Hierdie tweede uitgawe is dan ook ’n heel vergrote uitgawe: hoofstuk een is baie meer deurwrog en ook vollediger as in dié van die eerste uitgawe, terwyl hoofstuk vier werklik insiggewend is, veral waar dit gaan oor die Bantoe-proletariaat binne die blanke gemeenskappe: „Behalwe die klassestryd . . . het ons ’n stryd tussen kapitaal en arbeid — wat ook elders bekend is — en ’n kultuurstryd (Afrikaans en Engels), ’n ideologiese stryd (demokraties-republikeins, en monargies-kommunisties), ’n godsdiensstryd, en ’n stryd tussen twee soorte mense — die Europeaan en

die Bantoe. Laasgenoemde stryd sal uitgroeï tot die hewigste branding van ons tyd." Omdat alle bevolkingsgroepe aan die Afrikaanse kultuur in die verlede help bou het, is dit dieper gewortel as enige ander volksgroep se kultuurvorm op ons bodem, en hierin sien professor Coetzee 'n kerngesonde verwickeling: „Ek glo dat die Afrikaner se ervaring hom getemper het en dat sy ervaring hom voorberei het vir sy taak om die Bantoe sonder geringskatting te voed tot geestelike en nasionale selfstandigheid." Prof. Coetzee meen die ou Afrikaanse kultuurwaardes is besig om weer op te staan in die stede, verbind met die platteland. Uit die drieledige kultuurbotsing waaraan hy gewoon is, meen die skrywer sal die Afrikaner gereed wees om sy eie rigting te slaan volgens sy eie aard . . .

Vir die volkkundige is die stof in hoofstuk twee en drie 'n ware genot om te lees. Die volksgeloof, die volkswysheid en die Afrikaner se stoflike kultuur word in gemelde hoofstukke met eerstehandse kennis weergegee; waardevol is veral die gevolgtrekkings wat gebaseer is op navorsingswerk wat gedoen is in die Buro vir Taal- en Volkskundige navorsing aan die Universiteit van die Witwatersrand. Die foto's wat in hierdie nuwe uitgawe verskyn, verhoog die wetenskaplike waarde van hierdie tweede uitgawe en laat dit teweens aantrekliker daar uitsien.

Hoofstukke twee en drie sal vir die versamelaar van Africana van groot waarde wees, aangesien alle verwysings op wetenskaplike wyse geboekstaaf is, of op oorspronklike navorsing geba-

seer is. Die groot hoeveelheid oorspronklike navorsing wat teweens duidelik uit die werk blyk, bevestig die wetenskaplike waarde daarvan; talle verwysings berus op navorsing wat deur prof. Coetzee se gevorderde studente gedoen is. Hierdie wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van die Afrikaner se tradisionele kultuur, het in Suid-Afrika reeds 'n volwaardige wetenskap geword, danksy die onvermoeide ywer van Abel Coetzee. Dit bly egter betreurenswaardig dat die meeste universiteite in ons land nie die geleentheid skep vir studente om by te dra tot die kennis van die Afrikaner se volkskultuur nie!

Maar waardevolste faset van almal is die wysgerige inhoud en benadering van die hele onderwerp. Hierdie werk beteken vir die Afrikaner en die Afrikaanse volkskultuur wat Schrijnen, Coetzee se Nederlandse leermeester, se werk vir die Nederlanders beteken. Terwyl daar geen volledige definisie van die begrip kultuur gegee kan word nie, het prof. Coetzee ons nietemin 'n baie volledige beeld gegee van wat ons die Afrikaanse volkskultuur kan noem, en dit was dan ook die doel van hierdie werk.

C.W.H.

ELSA JOUBERT: *DIE VERSTE REIS*. Dagbreek-Boekhandel, Johannesburg. Prys 12/6. Die verlange na die verte sterf nooit nie . . . Ons, die afstammelinge van voorvaders wat die oneindige seë deurkruis het of, op die land, steeds nuwe vergesigte gesoek het, sal hierdie tweede boek van Elsa Joubert, waarin sy self praat van die

„opwinding” wat sulke vergesigte bied, onderhoudend, stimulerend, leersaam asook stilisties fyn versorgd vind. Elsa Joubert is geen mylverslinder nie. Sy is nie soos die Amerikaner nie wat glo die Louvre binnegehol het en uitgeroep het: „Where’s the Mona Lisa? I’m double-parked outside!” Nee, sy sal eerder minder sien en minder feite verstrek en dan, wát sy verstrekkend, rustig, of in vervoering, aan ons bekend stel, heel dikwels met ’n deeglike begrip van die kultuur en lewensbeskouing van die lande (Italië, Frankryk, Portugal en Spanje) wat sy besoek het.

Wat ook tref, is dat sy nie met vertoon, waanwysheid en die „ek op die voorgrond” vorendag kom nie, waarvan ons ongelukkig

reeds enkele voorbeelde in hierdie sektor van ons letterkunde besit. As sy tog ’n klompie persoonlike wedervaringe insluit, is dit deurdat sy ook die gewone mens in sy soort milieu aan ons wil toon en omdat, vir haar as vrou, die „legkaart” van die daaglikse lewe, die lotgevallen, die klein en groot verlangens van elkeen op aarde in geen mindere mate nie van belang is as sy aldus die „verste” reis — van mens tot mens — probeer aflê.

Nadere kennismaking kan ek aanbeveel, want *Die verste reis* is ’n boek wat vanweë sy volheid en veelheid, sy kunssinnige inslag en sy beskeie menslikheid ’n wye leserskring verdien.

J.K.

SKRYWERS- AANGELEENTHEDE

Afrikaans in België

Dit het bekend geword dat prof. Abel Coetzee se *Aan die dag se soom*, wat in 1946 verskyn het, tans in Nederlands vertaal word vir publikasie in België. Dit geskied deels as uitvloeiing van die bemoeiing deur André Demedts om Afrikaans, en die Afrikaanse saak, in België te bevorder. Daarbenewens het prof. Coetzee van die uitgewery Descleé de Brouwer, Antwerpen, ’n vaste opdrag ontvang om ’n beskrywing te lewer van die Afrikaanse letterkunde, vir opname in ’n nuwe reeks publikasies wat verskillende nasionale letterkundes as onderwerp het.

VAN DER WALT, L. S.: *VUUR-VOËL*. Dagbreek-Boekhandel, Posbus 4892, Johannesburg, 1960.

As debuutbundel is *Vuurvoël* ’n

belangrike publikasie. Die werk maak ’n sterk oorspronklike indruk, beide wat styl, beelding en intellektuele inhoud betref. Dit is ’n werk wat los staan van die komeetstof van Dertig, en om daardie rede dan alleen ’n prikkelende, nuwe bydrae tot die Afrikaanse digkuns van die hede.

’n Aantreklike musikaliteit spreek uit ’n gedig soos *Kanarie: Kanarie*,

goue voëltjie,

jy’s van nature rein en goed;
so is jou edel sang

waarmee jy goue môres groet
in blye erns en skone samehang.

So sag en fyn is ook *Ontwaking*:

Is dit ’n motjie
teen my lippe,
of jou wimper?

Die granaat
bars in ryp
rooi môre.

In die wilg
van are, koer
en koer die hart.

Teenoor hierdie sagtheid staan
dié harde beeld in *Skets*:

Maar eendag kruip jy oor 'n
laaste kam
van die goue wêreld soos 'n
stywe tor
áf in die soet doodsblom en
verdor.

Dit stel meteens twee fasette
van hierdie verskuns voor: die
skoonheid as sodanig, teenoor die
skending van daardie skoonheid.

Verder is daar 'n poging om
dieper te peil agter die sin van
konkrete werklikhede, waarvan
die merkwaardige *Klipgedrogte*
verteenwoordigende gedigte is;
die „bose,” die duistere magte in
die gees van die mens:

Velemale kan die dood verraai
word, maar die dooie haantjie,
wagter

van die doderyk, sal kraai.

En dan die groep *Vuurvoël*
gedigte wat in 'n heel nuwe per-
soonlike idioom geskryf is. Van
erts tot vuurpyl, met as wat
gloeënd neersyng, soos in science
fiction, gaan die beelding van
Blom tot *Towerspel*:

In towersterre van die stede
gloei weer elektries vergete son-
uit swart lae groen verlede.

Onder die persoonlike, impres-
sionistiese sieninge moet *Jazz* as
een van die beses geld; die gedig
is opgebou uit 'n enkele sin met
'n besondere rymskema, en die
heffing gee die maat van die
musiek op merkwaardige wyse
weer.

Sterk is die metafisiese gedig-
te onder die groep *Herfsgedigte*,
weer met 'n heel oorspronklike
beelding, heeltemal weg van die

gangbare modetaal van die afge-
lope jare.

Ander gedigte wat vermelding
verdien, is m.i. *Mens*, *Xerofiet* en
Laaste Gang, om die blote kunst-
tige taalgebruik:

. . . beweeg 'n oumens haar geboë
deur witgras van die ouderdom
(Laaste Gang)

en:

. . . En lit vir lit geleidelik stoot
omhoog in hom sy aardbruin
dood. (Xerofiet)

of:

Klein trekkers ploeg

in die maagbult vore van senu's
wat styftek in die son. (Mens)

Omdat die poësiegehalte van
die taalgebruik in hierdie werk
hoog is, en daarby die geestes-
inhoud diep in die werklikheid
peil soos die mens dit met sy sin-
tuie kan ervaar, én die vorm-
gewing modern dog aan die tug
onderhewig is, is hierdie bundel
gedigte van Van der Walt 'n
verrassend blye bydrae tot die
Afrikaanse poësie.

T.deW.

BOEKE ONTVANG

KAREL JONCKHEERE: *DE
VLAAMSE LETTEREN VAN-
DAAG*. Uitgewery Ontwikke-
ling, Antwerpen, 1958.

JAN RABIE: *DIE EVOLUSIE
VAN NASIONALISME*. Die
Mishoring - Pers, Kaapstad,
1960.

H. VAN DER MERWE
SCHOLTZ: *IN EN OM DIE
GEDIG*, professorale intrede-
de. Human en Rousseau, Kaapstad,
1959.

T. WEEVERS: *POETRY OF
THE NETHERLANDS IN ITS
EUROPEAN CONTEXT —
1170-1930*. University of Lon-
don, The Athlone Press, 1960.
Prys 35/-.

